Batman en Superman

Kaapse Draai

1

Blou ligte.

Die gepeupel (meer die media, wat in sy oë erger is as die nuuskierige mense) word reeds afgekeer by die ingang van die binnehawe. Luide afkeuring volg Kaptein La Grange waar hy tussen die mense deurstoot. Geklee in ’n sweetpak en hardloopskoene, verstaan hy die reaksie. Anders as die Amerikaners, loop hulle nie met kentekens rondom hulle nekke of lapelle nie. Die oop area na die geroesemoes wat hy agterlaat bring die werklikheid na hom.

“Dit beter ’n goeie rede wees,” sê hy aan die jong polisieman in uniform.

Die Uniform knik net. Die frons ingemessel op sy voorkop.

Moet regtig *iets* wees, besluit La Grange. Hulle stap in stilte na die laai area aan die kant. Geel plastiekstroke wapper in die aandlug. Die Polisie aan diens maak spasie vir hom. Hy is nie geliefd nie, maar wanneer iets verkeerd loop, weet almal waar om hom te kry.

“Dis na 23:00, mense. Praat met my.”

“Dis beter om te sien, Kaptein.”

Hy sug, volg die Uniform na ’n kleinerige asbesgebou wat klaarblyklik as ’n kantoor dien. ’n Groep bondel saam, uitroepe van verwondering.

“Genoeg, genoeg,” sê hy. “Laat ek sien.”

Hulle maak teësinnig plek. ’n Rekenaarskerm staan op ’n ou lessenaar. Die skerm is verdeel in verskeie vensters.

“Sekuriteitskameras?” vra hy.

“Dis wat vreemd is. Daar ís nie sekuriteitskameras oor hierdie deel van die hawe nie,” sê die Uniform.

“Dis asof hy dit self opgestel het. En ons ’n voer verskaf,” sê ’n ander. “Een wat die hoogtepunte herhaaldelik,” hy soek ’n beter woord, eindig met, “herhaal.”

“Hy?” La Grange hou die skerm dop. Lyk na wagte. Gewapen met outomatiese gewere. Die beeld is nie baie goed nie, maar hy kan AK 47’s uitken. Hy buk vinnig vorentoe. “Wat de hel?” Hy staar in verwondering. “Hoeveel van hulle?”

“Twee en twintig,” sê iemand.

Twee en twintig? Hy beskou die skouspel wat herhaaldelik afspeel oor die verskeie skerms. “En dis net een man?”

“Sovêr ons kan sien,” sê die Uniform. Die man – of persoon – op die skerms is in swart of iets donker geklee. Dra iets wat sy hele kop bedek. Geen kenmerke. Behalwe die manier wat hy beweeg. Dit moet ’n man wees. Die skouers. Die bou.

“Net een man.” La Grange fluit tussen sy tande. Een man wat twee en twintig gewapende mense uithaal. Kaalhand. Hy sidder wanneer een van die gewapendes besonder hard met die grond kennis maak. “Enige ongevalle?”

Iemand lag.

Hy draai om. “Iemand dóód?”

“Nie een nie. Maar geeneen van hulle gaan vir die volgende paar weke, of selfs máánde op die been wees nie.”

“Daar is iets anders, Kaptein.” Hy wys na een van die skerms wat nie ’n herhaling van die gevegte stroom nie. Die spesifieke skerm is sonder beweging. Die kamera gerig op ’n vraghouer. Dis onmoontlik om te sien of dit net ’n stilbeeld is.

“En dit is?”

“Beter om self te sien.”

Hy volg die Uniform na buite. Hulle loop tussen mure van vraghouers. “Dit maak nie sin nie. Hy beweeg soos ’n ninja. Hoekom sal hy homself so blootstel?”

“’n Waarskuwing?”

La Grange knik. Kan wees. Ninja? Regtig? Hy is te oud vir hierdie nonsens.

“Ons het gewag vir Kaptein.” Hulle stap tussen die rye deur. Hy wys na een van die vraghouers. Twee ander Uniforms staan voor die oop swaaideure. Een flits na die binnekant, na ’n knik van La Grange. Hy vryf sy hand deur sy hare. Mense sit soos sardientjies. Verskrik. Verskeie ouderdomme. Beide geslagte. Verskeie rasse. En kinders. Mensehandel? Uit Kaapstad? Hy vryf sy hande oor sy gesig. Dit gaan ’n lang nag wees.

## 2

“Aryana de Winter. Jy weet sekerlik wie ek is?” Sy skuif langs hom in waar hy die mense staan en dophou. Haar glimlag styf. Gespanne. “Die tekort aan sjampanje is ’n probleem. Dit is gereserveer vir spesifieke tafels. En daardie tafels,” sy wys die genoemde tafels uit, “het nie genoeg nie. Ek het ’n reputasie om te handhaaf. Jy het ’n werk om te doen. Doen dit.”

Sy glimlag is dié van ’n stout seun. “Ek is wel bewus wie jy is. En jou reputasie. Veral as gasvrou.”

Sy kyk deur hom. Bekommerd. Trek moontlik diagramme in die lug wat die tafels, die mense en die hoeveelhede kos en drank bereken.

Hy gaan gesellig voort. “Ek is bevrees ek is redelik sleg met sekere dinge. Om die waarheid te sê, is ’n kelner redelik hoog op daardie lys,” Hy haal sy skouers dramaties op. “Ons konsentreer eerder op dit waarmee ons goed is, dink ek. Indien jy goed is met iets, doen dit. indien nie, kry iemand wat goed is daarmee om dit te doen.”

Sy tilt haar kop. Net so. Sien hom raak. Heroorweeg. “Jy dra ’n Cesare Attolini. Jou aksent is effe vreemd. Maar jou Afrikaans is goed.”

Hy waai ’n hand deur die lug. “Ek het ’n goeie leermeester. Hy het tyd bestee in die operahuise in Brittanje,[1]” gaan hy voort, geamuseerd. Hy vryf selfbewus oor die swart materiaal van sy baadjie. “Hierdie ou ding is al wat ek vinnig kon gryp. Ek het nie gedink daar gaan formele byeenkomste wees nie.”

Sy tuit rooi lippe. “Jy is hier vir die Energie Kongres?”

Hy knik. Wuif ’n kelnerin nader. Tel twee glase behendig op van die silwer skinkbord. Die kelnerin glimlag breed vir hom wanneer hy knipoog. Hy oorhandig ’n glas. “Om jou vraag te antwoord, ek was een van die sprekers vandag. Ons wil sien of ons voelers kan uitsteek na die suide van Afrika. Ons het reeds sukses in ander dele van die kontinent bereik.”

Sy neem ’n delikate slukkie. Hou hom dop oor die glas. “Jy is van die Nederlandse delegasie?”

“Wat? Nee.” Hy gee weer daardie onskuldige, effense verwarde glimlag. “Ek is onmanierlik. Vra nederig om verskoning.” Hy hou ’n hand uit. “Bruce Wayne. Ek verteenwoordig Wayne Tech.” Hy gee ’n laggie. “Vir nou. My ander besigheidsafdelings sal moontlik ook ’n bietjie van die heerlike sonlig hier wil kom opsoek. Maar later. Sien dit as ’n voorlopige ondersoek.”

Haar mond beweeg, maar geen klank kom uit nie.

“Alles reg? Die wyn moontlik ’n bietjie af?” Hy wuif bekommerd in die rigting van ’n ander kelner.

[1] Alfred het vele talente opgetel uit sy jare in die teater, onder andere grimeerkuns en spraakafrigting.

Haar hand rus op sy arm. “Nee. Nee, alles in orde. Het dalk net ’n windjie gesluk.” Sy lag verleë. Maak haar oë groot. “Ek is jammer. Ek moes jou herken het. Die legendariese Bruce Wayne. Hoe kon ek daardie fout maak?”

“Legendaries?” Hy lag diep uit sy keel. “Ek is dít nog nooit genoem nie. Ander, minder vleiende beskrywings, maar hierdie is ’n eerste.”

“Ek is oortuig jy verdien dit,” sê sy, loer koketterig van onder haar wimpers.

Hy glimlag breed. “Die minder vleiende beskrywings? Ek dink jy het gelyk.”

“Nee! Nee, dis nie wat ek bedoel nie.” Sy slaan hom speels teen die skouer, rus haar hand teen sy bors. “Legendaries.”

Hy lag.

“Ek voel ek moet opmaak vir die misverstand,” sê sy. Staan bietjie nader aan hom. “Miskien kan ons later meer...privaat gesels?”

Hy glimlag af na haar. Haar pupille is vergroot. Asem effens gejaagd. Lippe uitnodigend. Haar atletiese lyf bewe amper op ’n mikroskopiese vlak. Sy werk haar pheromone. Dokter Isley[2] sou beïndruk wees. “Ek kan aan geen ander manier dink om ’n aand behoorlik af te sluit nie.” Hy kyk op. “Mmmm. Ek sien iemand wat ek gou moet groet.”

“Later dan?”

“Later.” Hy glip uit haar aanraking. Druk tussen die mense deur. Hy haat dit. Al hierdie voorgee. Hy is vir ’n oomblik onseker of hy spesifiek aan die mense om hom dink, of homself. Hy luister na die mense terwyl hy behendig deur gesprekke vleg.

<“Nog ’n katjie wat jou gaan hoofpyn besorg.”>[3]

Bruce glimlag. “Clark.”

“Bruce.”

<“Nie gedink ek gaan jou hier sien nie. Bietjie vêr van Metropolis vir jou, is dit nie?”>

<“Ons doen wat ons moet. Waar ons moet.”> Clark skud Bruce se hand, glimlag.

<“Dis so ’n Clark ding om te sê,”> glimlag Bruce. Hy is in ’n mate bly om iemand bekend te sien. Kan die sosiale masker so bietjie lig. <“Ek neem aan jy is hier vir die Kongres?”>

---

[2] Dokter Pamela Isley. Ook bekend as Poison Ivy. Sy spesialiseer in pheromone deur haar beheer oor plantegroei. Veg vir die behoud van die groen Aarde as ’n ekologiese terroris. Regte beginsel dalk, maar verkeerde toepassing.

[3] <Vertaal uit Engels.>

<“Soort van. Amptelik. Die Daily Planet het gevoel die Afrika Kongres kan ’n positiewe boodskap uitlig. En LexCorp se toetrede is altyd – nuuswaardig .”>

Bruce lig ’n wenkbrou. <“En nie-amptelik? Die LexCorp konneksie?”>

Clark se oë vee oor die mense om hom. Moontlik om te sien of iemand spesifiek aandag gee aan hulle. Moontlik luister hy sommer ook of hulle onder bespreking is. <“Dalk later?”>

<“Nie eens *dalk* nie. Ons moet gesels. Maar ek is nie hier vir LexCorp nie. Dis jou baba daardie.”>

Clark lyk bietjie geïrriteerd. <“Ek sal nie eens dink om in te meng met jou agenda nie. Wat dit ook al mag wees.”>

Bruce sug. <“Ek het dit nie so bedoel nie.”>

Clark knik. <“Ek weet. Jammer. Daar is dinge aan die gang wat my bekommer.”>

En dit is kommerwekkend. Clark se bekommernisse is op ’n ander vlak. <“Lois ook hier?”>

<“Nee.”>

Bruce los dit daar. Hulle kan later weer optel. <“Ek sal jou ’n ligging stuur waar ons kan ontmoet.”>

<“Het jy my nommer nodig? Ek het ’n ander selfoon hier.”>

Bruce gee hom ’n jy-weet-van-beter-kyk. <“Praat later. Ek het klaarblyklik harte om te gaan breek.”> Die glimlag wat die wêreld ken glip gemaklik aan.

## 3

Die grond val weg onder Clark se voete. Hy lig homself geluidloos in die Kaapse nag in. Die hotel wat die lede van die Internasionale Pers huisves, is nie naastenby in dieselfde klas as waar Bruce homself bevind nie. Heeltemal eenkant, weg van die reeks hotelle. Maar dit pas hom. Minder mense wat moontlik mag wonder waar hy heen verdwyn. Sy voete kom te rus op die bokant van Tafelberg. Geluidloos.

<“Swart is ’n goeie kleur vir jou,”> sê Bruce uit die donker.

<“Ek het dit eenmaal probeer. Dit werk nie regtig vir my nie.”>

<“Maak jou minder opsigtelik.”>

<“Ek gaan nie eens vra hoe jy hier gekom het nie.”> Clark kyk in die rigting van die kabelkarskuur. Die masjinerie van die stelsel is koud.

Bruce maak ’n geluid uit sy keel. <“Het jy dit gebring?”>

Clark haal die kardoessak uit die rugsak wat hy saamgebring het. Bruce maak die pakkie oop.

<“Hulle noem dit Bobotie. Een van die plaaslike kosse hier. Ek neem aan julle kry dit nie in die hotel nie.”>

<“Die hotelle probeer te hard om internasionaal te bedien, so dit is net internasionale kosse. Dis gebeur ongelukkig oral in die wêreld.”>

<“Ek is verbaas jy kon nie dit optel op jou pad hierheen nie.”>

Bruce gaan sit op een van die bankies langs die paadjie. Begin weglê aan die kos. Kaapstad blink onder hulle. <“Ek was haastig. En daar was ’n  rooftog.”>

Hulle sit in stilte vir ’n ruk. Clark se kop beweeg in fraksies heen en weer. Hy luister na alles onder hulle. Om hulle.

<“Hoe het jy weggekom van die katjie?”> Clark klink meer geamuseerd as belangstellend.

<“Sy weet nie hoe om haar drank te hanteer nie.”>

<“Sy gaan nie...”>

<“Sy gaan nie eens besef ek is weg nie.”> Hy draai na die Kryptoniaan. Wonder weereens oor die vreemde vriendskap wat hulle het. <“Hoekom is jy hier?”>

Clark neem nie aanstoot oor die toon in sy stem nie. “<Na die inval deur Brainiac verlede jaar, het ek die rekenaars in my Vesting van Isolasie ingespan om op die uitkyk te wees vir enige aktiwiteite buite die Aarde se sfeer.”>

<“En iets opgetel?”>

<“Nie seker nie. Moontlik.”>

<“Hal[4]?”>

<“Besig met een of ander ondersoek buite die Aarde se onmiddellike omgewing. Die Aarde is nie die enigste bewoonde planeet in die Sektor nie. Of die enigste een met interstellêre probleme nie.”>

Bruce wys Clark nie tereg op die voor-die-hand-liggende stelling nie. Hy herhaal slegs ’n argument wat hulle reeds vele male met Hal gehad het. <“Hy sou iets genoem het aan een van ons indien hy bewus was van ongeruimdhede wat ons hier sou raak.”>

“<My gevoel ook. Ten minste kan ons aanneem dit is nie weer ’n inval van een of ander aard nie.”>

<“Jy dink dis hoekom LexCorp hier is? Onder die vaandel van die Kongres?”>

[4] Hal Jordan. Die amptelike, maar nie enigste, Green Lantern van sektor 2814, waaronder die Aarde val.

<“Wie weet wat Luthor dink. Of doen. Moontlik is die Kongres net per toeval hier in Suid-Afrika.”>

<“Die konsep van toeval is niksseggend.”>

Clark knik. <“Ek gaan môre die Kalahari area besigtig. Iets het moontlik neergestort in daardie omgewing.”>

Bruce is oortuig dit is nie so vaag soos Clark voorgee nie. <“Ek het ’n ontvoering-ring gevolg tot hier. Kinders ook betrokke.”>

<“Die plaaslike Polisie kan dit sekerlik hanteer?”>

<“Hierdie is persoonlik.”>

Clark gee sy ou vriend ’n lang kyk. Bruce ignoreer dit. Die probleme met sy seun is alombekend[5]. <“Dis goed om jou weer te sien. Ons moet meer gereeld bymekaarkom.”>

Bruce pak die leë houer weg in Clark se rugsak. Wil nie iets laat rondlê met sy DNA op nie. <“Wanneer hierdie klaar is. Ek sal ’n draai op die plaas kom maak.”>

Clark steek sy verbasing weg. <“Jy is altyd welkom. Lois vra altyd uit na jou.”>

Bruce glimlag, die eerste ware glimlag. Raak weer vinnig ernstig. <“Ek het dele van gesprekke gehoor vanaand. Mense wat verdwyn. Belangrike mense. Sakelui.”>

Clark skud sy kop. <“Anders as die saak waarna jy ondersoek instel?”>

<“Moontlik.”>

<“Ek sal uitkyk vir iets.”>

Bruce staan op. <“Kyk na jouself, ou vriend. Dra my groete oor.”>

## 4

Aryana strek uit soos ’n kat. Sy gaan styf wees oor ’n paar uur. Draai na die leë spasie langs haar op die bed. “Bruce?” Sy luister, maar daar is geen geluid in die groot kamer nie. Sy gooi een van die Hotel se japonne oor haar kaal skouers. Geensins omrede sy skaam voel nie. Na die vorige aand is daar min wat hulle vir mekaar kan wegsteek. Sy het nog altyd van die idee gehou dat seks die openbaring van siele is tussen twee persone. Dit is natuurlik glad nie so romanties nie, weet sy uit ondervinding. En Bruce het ’n donker kant aan hom. ’n Intense sy wat sy nie heeltemal verwag het nie. Nie die effe deurmekaar, effe uit voeling met die werklikheid, soos hy voorgee nie.

---

[5] Damian Wayne se opleiding deur die League of Assassins, en meer so deur sy ma, Talia al Ghul, het ’n meer *brutale* sy teweeggebring in die huidige, jong Robin. Hy het nog nie Bruce se uiterste selfbeheersing nie.

“Bruce?”

Die voorkamer en klein kombuisie is leeg. Geen geluid uit die badkamer nie. Dis nie so seksie om op ’n speelmaat in te stap in die badkamer nie. Tensy hy of sy in die stort is. Dis veiliger. En meer pret. Sy trek die skuifdeur oop na die wye stoep buite. Ook leeg. Sy gaan sit op een van die dekstoele. Geniet die hitte van die vroeë oggendson. Glimlag vir haarself. Sy voel sy het ’n indruk op hom gemaak. Sekerlik gaan hy nie aandag soek by enigeen anders nie. Dink nou net – aan die arm van Bruce Wayne. Die paparazzi gaan vir weke iets hê om oor te baklei. Die meisie van Kaapstad en Bruce Wayne. Sosiale Media gaan gons. Sy frons ligtelik. Sy wou nog vra oor die merke wat onder haar vingers gespeel het. Dit het gevoel soos ou littekens.

Vanaand.

Noudat die passie van verlede nag uitgewoed is, sal sy meer tyd hê om hom te bestudeer. Uit te vra.

Hy het ’n belangrike toespraak om te lewer vandag by die Kongres. Sy wil dit beslis nie mis nie.

## 5

Die Harley brul onder Bruce. Hy draai af waar die rigtingbordjie ’n plek genaamd Tintswalo Atlantic aanwys. Hy het plek bespreek onder die naam M. Malone[6]. Niemand kyk twee keer na hom nie. Die baard en effense ligter hare versteek sy identiteit geheel en al.

Die plek is net wat hy nodig het. Weg van die stad. ’n Pragtige uitsig oor die see. Afrikason.

Privaatheid.

Sy rugsak beland op die bed. Hy doen nie moeite om enigiets anders as die skootrekenaar uit te pak nie. Stel dit op, met ’n lens na ’n oop muur. Die satellietverbinding word verskaf deur ’n Wayne Tech opskakeling, wat die mees gesofistikeerde militêre applikasies na ’n ou Atari stelsel laat lyk. Die Oracle embleem vloei teen die muur. Nie heeltemal ’n hologram nie, maar ook nie ’n standaard twee dimensionele beeld nie.

“Bruce.”

[6] ’n Alias wat hy gereeld gebruik in Gotham.

“Barbara[7].”

<“Geniet jy jou vakansie?”>

<“Soos altyd. Son. See. Seksie lyfies.”>

<“Pasop. Netnou kla iemand jou aan vir poging tot poësie. Ons kan nou nie dit hê nie.”>

<“Nie dit nie,”> sê hy met ’n klein glimlaggie. <“Die tuisfront rustig?”>

<“Die gewone. Maar die span hou dinge onder beheer. Geen van die Groot Probleme[8] nie.”>

<“Dick[9] kan uithelp indien Tim[10] sukkel.”> Hy stap na die oop deure, trek die seelug diep in sy longe in. Dit is darem regtig die teenoorgestelde van Gotham. Of meeste van die internasionale vakansieplekke wat hy ken. Rustiger.

<“Jy moet dit oorweeg om ’n ruk langer te bly. Die son sal jou goeddoen.”>

Hy draai vinnig terug. <“Wat het jy vir my?”>

Barbara onderdruk die sug. <“Ek het jou algoritme gebruik soos jy voorgestel het.”>

<“Ek hardloop daardie een al vir sewe maande.”>

<“Dit het gewerk. Op ’n manier. Ek het die geld gevolg. Soos dit nou maar meestal gebeur. Die huursoldate wat jy so twee maande terug aangevat het, het weer opgeduik. Eintlik het hulle so paar maande terug al opgeduik. Twee keer. Wanneer jy ’n goeie reputasie het, soek mense jou dienste. Herhaaldelik.”>

<“Moet nooit ’n patroon skep nie,”> sê Bruce ingedagte. <“Gaan voort.”>

Sy knik. <“Iemand gaan ’n patroon optel. Iemand soos ons. Die spesifieke groep word meermale gehuur vir veiligheid. Internasionale lede. ’n Tipe Wêreld-eenheid as jy wil. In elk geval, die algoritme het weer ’n beweging opgetel wat raakpunte het met die ander faktore wat jy ingevoer het.”>

<“Maar hulle dienste is nie uitsluitlik nie?”>

<“Geensins. Hulle het genoeg lede om hulle bedrywighede baie winsgewend te hou. Tot twintig of meer kommando’s op ’n slag wat aan missies deelneem. Internasionaal.”>

<“Niks in die lyn van volgelinge vir spesifieke Groot Probleme nie.”>

---

[7] Barbara Gordon. Dogter van Kommissaris Gordon. Eertydse Batgirl. Nou somtydse leier van die Birds of Prey, maar meestal informasie vinder vir amper almal in die Superheld gemeenskap.

[8] Die Super Misdadigers wat permanente slaap kwartiere in Arkham het.

[9] Dick Grayson. Die eerste Robin. Nou bekend as Nightwing. Grootliks werksaam in Bludhaven.

[10] Tim Drake. Die derde Robin. Nou bekend as Red Robin.

<“Nee. Iemand soos Penguin kan hulle eenvoudig nie bekostig nie. Nie permanent nie, ten minste.”>

<“Dit was nie ’n vraag nie.”>

<“Moenie ’n pyn wees nie, Bruce. Dis ek.”>

Hy sak sy kop. <“Wat het jy wat deurtrek na nou? Na hier?”>

<“Dis moontlik niks, maar iets wat opgeduik het, is die Intocável.”>

<“Portugees. Beteken Onaantasbaar. ’n Persoon? Iemand met kragte?”>

<“Nee. ’n Skip. Eerder ’n luukse plesierskip.”>

Bruce se vingers flits reeds oor die sleutels van sy rekenaar. <“Sewehonderd voet jag. Uiters luuks. Ek gaan dalk ook een moet aanskaf.”> Hy trek sy gesig in ’n pynvolle grinnik. <“Professionele reputasie.”>

<“Sal ek Lucius[11] solank in kennis stel?”>

<“Eerder nie. Hy sal dit nog aankoop ook. En dan gaan ek iets daarmee moet doen.”>

<“Soos ’n vakansie elke nou en dan?”>

Bruce tuit sy lippe. <“Iets wat jy met my wil deel, Barb? Dis die tweede verwysing na ’n vakansie.”>

<“Miskien het ek een nodig. Nie alles draai om jou nie, jy weet.”>

Die stilte raak ongemaklik. Bruce verdiep hom in die geskiedenis van die plesierboot. Die eienaars. Aandeelhouers. Niks buitengewoon nie. Twintig eienaars wat die wêreld reis agter plesier aan. Industrie reuse. Mense met geld. Maar nie soveel geld om die aandag van Sosiale Media of die Pers heeltyd te hou nie. Sestig luukse kajuite. Vyfhonderd miljoen dollar om dit in die water te kry. Tyddeel op die oseane. Klink na ’n wonderlike manier om jou tyd te spandeer terwyl ander mense geld maak vir jou. Klink na ’n wonderlike manier om die wêreld deur te kruis en dalk ander dinge na te jaag. Onder ’n vaandel?

<“Wat is die verbinding?”>

<“Hulle gebruik die dienste van dieselfde huursoldate.”>

<“Wanneer is dit in die Kaap?”>

<“Oor twee dae.”> Sy gee hom geleentheid tot sy stilswyende gevolgtrekkings.

<“Hoekom sou ’n klomp ryk mense so ’n eksklusiewe sekuriteit benodig?”>

<“Mmmm. Die Speurder bespeur.”>

---

[11] Lucius Fox. Die gesig van Wayne Enterprises en affiliate, wanneer Bruce Wayne nie beskikbaar is nie. So meestal. Bruce se regterhand in die besigheidsarena.

<“Die ander kwessie?”>

Sy skud haar kop. <“Die verwysings na iets genaamd ’n Put.”>

Hy maak ’n instemmende geluid.

<“Baie vaag. Ek het niks nie. Sovêr. Jy is seker daaroor?”>

Hy staar peinsend by die venster uit. <“Dis dalk meer bespiegeling, maar die gerugte kom uit meer as een oord. Ek dink steeds daar is iets daarin.”>

<“Bloeiende kneukels kan steeds gerugte bevestig wat nie waar is nie.”>

<“Dis waar. Maar ons doen hierdie darem nou nie van gister af nie.”>

<“Ek sal aanhou kyk.”> As Bruce ’n gevoel het oor iets, draai dit meestal uit om iets belangrik te wees.

<“Nog iets, indien jy nie omgee nie?”>

<“Iets anders as jou huidige ondersoek?”>

<“Dalk verwant. Ek het nie genoeg inligting nie. Gerugte. Moontlikheid van Sakelui wat verdwyn het.”>

<“Waar? Waarvoor kyk ek?”>

<“Nie seker nie. Kyk in Suid-Afrika. Maar stel die soek dan wyer uit. Ek weet dis vaag, maar kyk of ’n patroon opduik.”>

<“Maak so. Sal laat weet. Nog iets?”>

<“Ja. Clark is hier.”>

’n Oomblik se stilte van haar kant af. Bruce kan haar amper sien inligting oproep aan haar kant. <“Hy is een van die Persmedia wat genooi is vir die Kongres.”>

<“Hy is ook hier vir iets anders.”>

<“Natuurlik. Niks buitengewoon het onlangs gebeur wat sy tipe aandag sal trek nie. Nie wat ek vinnig optel nie.”> Na ’n oomblik: <“Wag. Daar was ’n onbekende voorwerp op radar opgetel so paar dae terug. Afgeskryf aan die Suid-Afrikaanse kant as ’n fout in die stelsel. Dalk ’n meteoor. Visuele bevestiging op sosiale media. Ek stuur die beeldmateriaal nou.”>

<“Ander radarstasies?”> Hy herlei die visuele beelde en video’s na sy selfoon[12]. Dit is egter te dof om regtig iets te bevestig.

<“Twee ander. Nog een in Suid-Afrika, maar ook een uit Namibië.”>

<“Dankie, Barb, sal kyk.”> Hy sluit die verbinding.

[12] WayneTech. Bat-foon as jy regtig wil.

Bruce mag dalk soms irriterend wees, maar hy het ook ’n goeie sin vir wat werk in omstandighede. Soos sy stilswyende raad dat *Superman* nie die beste persoon is om ondersoek in te stel na gebeure hier nie. Kal-El aan die ander kant...

Clark glip deur die lug oor die warm sand van die Kalahari. Hy is tans naby die grens van Namibië, aan die Botswana kant. Onder hom lê swart stoppels verspreid oor rooi sanderige grond. Hy sak laer oor die vinnig bewegende sandtapyt, die stoppels nou groener vir sy perspektief. Hy bring homself tot stilstand, hang in die lug. Min of meer oor die koördinate wat hy bepaal het.

Geklee in ’n sand-bruin T-hemp, paramilitêre broek en stewels, ook in bruin, dink hy nie iemand gaan hom sommer opmerk hier in die middel van die woestyn nie. En indien wel, gaan niemand hom verwar met Clark Kent of Superman nie. Die Suid-Afrikaanse Vreemdeling Wetgewing wat die teenwoordigheid van enigeen met superkragte reguleer, is nie aanvaar buite die land se grense nie. Maar daar is egter ’n algemene positiewe gesindheid daarteenoor vanaf meeste Afrikalande. Helde soos B’wana Beast en Congorilla hou hulle self skaars, tot nadeel van die areas wat hulle gewoonlik sou beskerm.

X-straalvisie gly oor die omgewing. Aangesien hierdie die middel van ’n woestyn is, neem hy aan iets is versteek ondergronds. Niks is bogronds sigbaar nie. Nie eens ’n anomalie wat ’n moontlike verskansing uitwys nie. Met die tipe buite-wêreldse tegnologie wat deesdae rondlê, het hy geleer hoe om *mooi* te kyk. In verskeie spektrums. Hy lig homself hoër op, begin die area weer stelselmatig fynkam.

Dieper.

Die struktuur is amper ’n kilometer wes vanwaar hy begin het. Ondergronds. Gehul in lood, wat net die buitelyne sigbaar maak vir hom. Hy kan geen spesifieke aspekte uitmaak nie. Maar, dis groot. Met verskeie vlakke wat wortel na onder. Hy beweeg tot bo die struktuur, fokus op die argitektuur. Gebruik ’n variasie van die visuele kragte tot sy beskikking. X-straal. Mikroskopies. Daar! Iets wat hy kan sien. Asof die lood afgeskuur is. Net genoeg om die metaal daaronder te laat deurskemer.

Hy styg hoër op in die lug. Verken die nabye omgewing weereens. Die naaste menslike lewe is meer as twee honderd myl in enige rigting van hier. Hy trek lug in sy longe in. Blaas. Wanneer die sandstorm wat hy veroorsaak, gaan lê, lê die topstruktuur blootgestel aan die son. Vir die eerste keer in jare, blyk dit. Grys. Plat. Hoekig. En hy was korrek. Die deel wat hy gesien het, is swaar deure. Agt meter wyd, amper net so

hoog. Met ’n embleem. Twee driehoeke in rooi wat ’n uurglas vorm.  Drie horisontale strepe in elke driehoek. ’n Rooi sirkel in die middel, kleiner as die omtrek van die driehoeke.  Alles binne ’n geel sirkel.

Projek CADMUS.

’n Verlate laboratorium? Hier?

Die meter dik deure vou terug tussen sy hande. Hy buig net genoeg daarvan uit om deur te klim. Hy verstel sy visie om die lae lig in die omgewing te gebruik. Stof lê dik. Hy lig homself in die lug op. Beweeg deur die gange so halwe meter bo die vloer. Wil nie iets versteur waar hy dit kan vermy nie. Geen beweging. Geen geluid? Hy fokus meer op sy gehoor. Daar. Daar is iets, maar hy kan nie agterkom van waar nie. Hy beweeg deur twee verdere vlakke, al die pad na onder. Leefkwartiere. Laboratoriums. Hoë sekuriteit selle op een vlak. Nog laer. Meer gesofistikeerde laboratoriums. Wat het hulle hier gedoen? CADMUS is bekend vir ’n tyd waar meer duistere eksperimente gedoen is. Hier, vêr van die Amerikaanse gereg, is dit kommerwekkend om selfs te spekuleer. Aan die westelike vleuel vind hy onlangse aktiwiteit. Lyk na ’n magasyn wat oopgebreek is. Dalk meer. Clark wil nie eens dink watter tipe wapens hier gestoor was nie. Anders as S.T A.R. Labs[13] wat meer in die wetenskaplike rigting stuur, is CADMUS bekend vir eksperimente in genetika. Die tipe waaroor Internasionale liggame frons, welke hulle onder die soeklig geplaas het uit verskeie oorde. LexCorp se betrokkenheid was luidens gerugte ook ondersoek op ’n stadium. Wat nog verdere besorgdheid ontlok. LexCorp op sy eie is reeds ’n ernstige probleem.

Wat Clark regtig bekommer is die wapens. Vir verdediging van die kompleks? Of verdediging teen enige van die eksperimente wat moontlik kon uitbreek?

Wie ook al hier was, het beslis nie die voordeur gebruik nie. Nog twee vlakke na onder. Die hele vloer lyk na ’n beton arena, staan maklik drie verdiepings hoog. Selfs sitplekke in rye, hoog bo. Ou Romeinse-styl gevegte? Teen die resultate van die eksperimente? Indien die eksperimente faal en van ontslae geraak moet word? So bietjie geld maak uit die hele situasie?

Clark-hulle (insluitende die Justice League, Titans, Outsiders, selfs die Doom Patrol) het te doen gehad met vele soortgelyke arenas deur die loop van die jare. Daar is geld in die ou Romeinse idee van geveg arenas, meer so waar jy iemand met superkragte kan sien meeding. Hulle sit hierdie aktiwiteite so vinnig moontlik stop waar

[13] Science and Technology Advanced Research

dit tot hulle kennis kom, maar die onderwêreld is groot. En probeer natuurlik heeltyd verborge bly. Hy beweeg terug na bo en volg ’n verdere reeks gange na ’n ander vleuel. Vind die geluid wat hy vroeër gehoor het.  ’n Skag na onder. Hy loer af. Die hart van die installasie. ’n Ondergrondse rivier. Hidro-elektriese krag. Interessant. Hy het aangeneem die krag sal eerder van die son gekweek word. Na ’n vinnige ondersoek blyk dit die ondergrondse water vloei deur ’n mensgemaakte kanaal. Iemand het baie moeite gedoen.

Hy dryf na onder, hang bo die vinnig vloeiende water. ’n Opening aan die sy van die kanaal. Uitgesny? Hy dryf daardeur. ’n Natuurlike grot aan die ander kant. Hy het amper ’n reeks mensgemaakte tonnels verwag. Moontlik met ’n spoorstelsel na verskeie ander stasies. Iets uit vroeëre jare se populêre sagtebandboeke. ’n Verlore stad wat Tarzan of Die Skim sou ontdek. Hy betrag die omgewing. Trek sy vingers oor die rots. Natuurlik. Maar die opening se rante is glad. Soos glas. Tegnologie wat jy nie in ’n Walmart gaan koop nie. Hy volg die rotsmuur tot op ’n punt waar die grot ingestort het. Clark gebruik sy X-straal visie. Geen liggame. Moontlik het hulle hul teenwoordigheid net probeer verskans. Die kanse om nou hulle spoor op te tel is min tot geen. Hierdie operasie het reeds ’n paar dae terug plaasgevind.

Hy volg die pad terug soos hy ingekom het. Vind homself weer in die wye gange van die gebou. Die risiko van iemand wat hierdie plek ontdek is gering, maar nie onmoontlik nie. Hy het die boonste gedeelte ontbloot en die risiko van ontdekking is werklik. Hy sal Maggie[14] ’n boodskap stuur. Dis so bietjie buite haar jurisdiksie, maar sy sal ’n plan maak. Of die regte mense laat weet. Sy het met CADMUS koppe gestamp in die verlede.

’n Beweging van agter. Hy draai vinnig. Iets slaan met geweld in hom vas. Die impak gooi hom deur die vêrste muur. Hy staan stadig op. Vuiste gebal. Daar is nie veel wesens wat hom so onverhoeds kan betrap nie. Of die krag het om hom so aan te vat nie.

<<“Hallooooo Groot Blou! My gemis?[15]”>>



[14] Maggie Sawyer. Tans aan die hoof van die Metropolis SCU, die eenheid wat spesifiek met situasies deel waar Super Misdadigers betrokke is.

[15] Vertaal uit...ja, wag so bietjie...ons kom nou dáárby uit.

Bruce neem foto's van die hawe. Meer spesifiek waar die Intocável gaan vasmeer volgens die rekords wat hy getrek het. Gotham ken hy goed genoeg om amper geblinddoek sy weg te vind. Dit is nodig om ook hier sy weg te ken. Waar die beste posisie is om ongesiens die omgewing dop te hou. Die beste weg uit enige situasie. Ken jou omgewing. Hy kry genoeg materiaal om 'n 3D model te bou indien nodig. Om moontlik verdere aspekte in oënskou te kan neem.

Die V&A Waterfront, soos hulle dit noem. Die plesier afdeling. Met die donkerbril en pet, meng hy gemaklik met die mense. Die vals baard pronk steeds op sy kakebeen. Dit verander sy aansig genoeg dat die bekende Bruce Wayne steeds nie herken sal word nie. Toeriste en verkopers argumenteer goedgunstiglik. Hy het vinnig geleer om Afrikaans te praat hier ook. Dit verwyder hom van die aandag wat toeriste kry. Aandag wat hy probeer vermy.

Hy identifiseer vinnig sakkerollers wat die menigte van mense bewerk. Ook die vier ander wat die mense dophou sonder om dit té opmerklik te doen. Teikens vir later? Dis nie ongehoord om mense na hulle blyplekke te volg en eerder daar te roof nie. Een sit by 'n tafel met 'n drankie wat nie aangeraak word nie. 'n Ander staan teen 'n pilaar met 'n koerant (doen mense nog dit? Dis so 80's!). Nog een sit en lees iets op 'n selfoon (meer in lyn met huidige tye). Die vierde een op 'n oproep met iemand, sel teen die oor. Maar vergeet om haar lippe te beweeg so af en toe.

Interessant.

Dalk is hulle iets anders. Sekuriteit in privaat klere?

Bruce beweeg stadig deur die omgewing. Ou instinkte skop in. Merk een van die sakkerollers op wat lyk of hy wil opbeweeg in die hiërargie. Sakkeroller na rower. Die jongman het 'n oog op een van die stalletjies wat kos verkoop. Wik en weeg. Lek sy lippe heeltyd. Gaan iets dom doen. Die ouerige vrou wat die stalletjie beman, raak besig met 'n klant. Die jongman stap vinnig in en gryp 'n hand vol note uit die trommeltjie.

"Hey!" Die vrou hou 'n hand op vir die kliënt, begin die jong man agternasit. Hy is vinnig. Baie mense om deur te vleg as afleiding.

Bruce onderskep hom van voor. Nie vanwaar hy sou verwag nie. Die rower struikel oor Bruce se voet. Bruce se hand op sy skouer. "So jammer. Ekskuus tog. Kyk nie waar ek loop nie." Sy vingers vind die senuweekolom tussen die nek en skouer, sy ander hand druk die jongman af op sy knieë. Die jongman gee 'n uitroep van pyn. Sy vingers bied geen weerstand wanneer Bruce die note afneem nie. "Ek is so onbeholpe," sê Bruce met 'n skewe glimlag. "Kyk nie waar ek loop nie." Hy oorhandig die geld aan

die vrou wat hygend nader storm. Hy hou die jongman in plek. “Hy wou seker die geld gaan bank vir jou. Maar dis so onveilig hier rond. Mens moet so versigtig wees.”

Haar lippe tuit. “Hy wou dit sekerlik gaan bank. Vir homself.” Sy neem die jongman se oor tussen haar vingers, trek hom pynlik orent. “Kom Erik. Regtig? Jy van alle mense? Wat sal jou Ma sê? Ek en jy en jou ouers het ’n geselsie nodig.”

Bruce grinnik, gaan sit by ’n tafeltjie en besigtig die omgewing verder. Die vier mense wat hy vroeër opgemerk het, het van posisie verander. Die een vrou kyk vlugtig in sy rigting, het sekerlik die drama by die kosstalletjie gesien, maar skenk nie verdere aandag aan hom nie. So, hulle is nie sekuriteit nie. Ten minste nie vir die veiligheid van die kleinsakehandel of toeriste nie. Hy neem onopsigtelik foto’s van die vier se gesigte, sy kamera klein genoeg vir daardie doel. Hy vind dit interessant dat hulle oogkontak het met mekaar. Wat nou éérs sy aandag prikkel. Hulle is bewus van mekaar. Werk saam?

Die ouer vrou van die stalletjie stap nader. “U het my ’n groot guns bewys, meneer. Daardie jong klomp het my baie geld laat verloor oor die laaste paar maande. Nie ’n polisieman in sig wanneer jy hulle nodig het nie. Nog minder hulle ouers.” Sy plaas ’n kartonhouer voor hom, saam met ’n blikkie Coke. Sorteer servette langsaan.

Hy kyk verleë op na haar. “Dit was niks nie.” Hy haal ’n noot uit sy sak. “Regte tyd, verkeerde plek. Regtig.”

Sy waai haar hand. “Nee. Asseblief. Dis die minste wat ek kan doen.”

Hy kyk verleë na die kos.

“Jy is ’n toeris? Jou taal is goed, maar jy het ’n snaakse aksent.”

“Ek is. Maar ek leer vinnig.”

Sy knik saaklik. ”Ken jy dié?”

Hy skud sy kop. Betrag die gedoente voor hom.

“Ons noem dit ’n Bunny Chow. Jy eet dit so...” sy wys hom deur gebare. “Tensy jy iets anders verkies?”

Hy glimlag op na haar, vat ’n hap van die vleis met behulp van die brood. “Heerlik,” sê hy. “Dankie.”

Sy stap weg met ’n breë glimlag. Tussen die kos deur, stuur hy ’n boodskap aan Barbara met die foto’s. Dis dalk niks. Dis dalk iets.

<<“Wat soek jy hier?”>>[16] Clark vee klippe van sy bors en skouers af.

<<“Is dit hoe jy ’n ou vriend groet?”>> Die man voor hom leun teen die muur, steek ’n sigaar aan. Hy is manlik, maar soos Clark, nie van die Aarde nie. Gebou soos ’n professionele liggaamsbouer of rofstoeier. Vel spierwit. Lang swart hare wat oor sy skouers hang. Oë rooi binne breë, swart omlyning wat soos vlerke na buite en afwaarts teen sy gesig lê. Soos ’n kranksinnige nar. Soos hy gewoonlik optree. Meer kranksinnig as nar. In sy eie opinie, glo hy seker hy is humoristies. Dik swart snor wat in ’n perdeskoen styl langs sy mond afloop. Moulose leerbaadjie soos dié van ’n motorfietsryer. Skedelgespe aan sy belt. Ketting om sy een voorarm gedraai.

<<“*Vriend* is dalk ’n bietjie vêr gevat.”>> Clark se oë trek skrefies. <<“Lobo.”>>

<<“Supes.”>> Hy beduie met die sigaar. <<“Wat soek jý hier?”>>

<<“Hierdie is my planeet.”>>

Lobo grinnik. <<“Nou dalk. Nie asof jy kan teruggaan na jou eie een nie.”>>

<<“Wat soek jy hier, Lobo?”>>

<<“Ek hoef regtig nie aan jou te antwoord nie.”>>

Clark se mond trek in ’n effense glimlag. <<“So, nou is ons nie meer *vriende* nie?”>>

<<“Was nog nooit. Ek het iets gebruik wat hulle sarkasme noem. Jy behoort te weet.”>>

Clark knik. Glimlag ten spyte van die geselskap. <<“Ek is welbekend met die konsep.”>> Hy ontspan sy skouers. Sy voete verlaat die vloer. <<“Ek gaan net nog een maal vra.”>>

Lobo trek ’n wapen uit die holster aan sy sy.

Clark vou sy arms oor sy bors. <<“Jy weet dit gaan niks aan my doen nie.”>>

Lobo trek die sneller. ’n Gedeelte van Clark se T-hemp disintegreer oor sy hart. Die impak maak geen verskil aan hom nie.

<<“Ah, wel. Ek het probeer.”>> Lobo holster die wapen. <<“Kom ons doen dit op die ou manier.”>> Hy spoeg die sigaar eenkant toe. Knak sy kneukels.

Lobo bars deur ’n muur, skuur op sy rug oor die vloer. Kom tot stilstand met sy kop teen die volgende muur. Hy staan stadig op. Skud homself af. Grinnik.

Clark hang in die lug voor hom, sy oë gloei rooi. <<“Wat. Soek. Jy. Hier?”>>

[16] <<Vertaal uit Czarniaans.>>

<<“Jy weet hierdie gaan ons nêrens kry nie, Supes.”>> Hy stof homself steeds stadig af. Meer vir die skou. <<“Hoe langer ons dans, hoe verder kom die mense weg wat ek eintlik soek.”>>

<<“Mense?”>>

Lobo vee sy mond af. Kyk na die bloed op sy vingers. Lek dit. <<“Moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek wil jou graag herinner hoekom ek beter is as jy. Maar,”>> hy maak of hy dit oorweeg, <<“tik-tok, tik-tok. Geld is tyd. Of tyd is geld. Of so iets.”>>

<<“Wie soek jy?”>>

<<“Nie wie nie. Wat.”>>

Clark sug, sak neer tot op die vloer. <<“Wat dan?”>>

<<“Ek het reeds die kontrak. Dit gaan jou niks help nie.”>>

<<“Ek gee regtig nie om oor jou geld nie.”>>

<<“En dis die probleem met ouens soos jy.”>>

Clark vou weer sy arms. Lig ’n wenkbrou.

<<“Wapens,”>> gee Lobo toe met ’n skouerophaal. <<“Brainiac.”>>

<<“Wat wil jy daarmee doen?”>>

<<“Kontrak, Groot Blou. Jy luister nie baie goed nie.”>>

Clark draai sy kop skeef. Heroorweeg of hy nie maar in elk geval Lobo ’n les in maniere moet gee nie. Die Czarniaan is egter korrek. Hulle is baie naby in vlak van krag. Dit gaan ’n lang geveg wees met baie skade. En op hierdie oomblik blyk dit nie of hulle presies *in teenstryd* met mekaar staan nie. Vir nou. Uit ondervinding verander dit vinnig waar Lobo betrokke is. <<”Kontrak?”>>

<<“Maak dit saak?”>>

<<“Dit doen vir my. Brainiac se wapens is nie iets wat ek hier wil sien rondlê nie.”>>

Lobo gooi sy hande in die lug. <<“Kyk nou! Jy moet my eintlik help.”>> Hy laat sak sy hande. <<“Nie regtig nie. Het ’n reputasie. Kan nie gesien word met iemand soos jy nie. Sleg vir besigheid.”>>

Clark kyk weg asof hy hulp soek van ’n ander oord. <<“Die wapens?”>>

<<“Wat ek met my geld en tyd doen het sekerlik niks met jou te doen nie.”>>

<<“Lobo.”>>

Lobo grinnik, nie geïntimideerd nie. Soek oor die vloer na die sigaar wat hy uitgespoeg het. Steek dit weer aan. Rook wolk op in die donkerte. <<“Jy sanik darem

maar baie. Net sodat jy ophou kerm.">> Hy blaas rook in Clark se rigting.  'n Klein blasie van die Kryptoniaan verdryf die rook.

Lobo gaan voort. <<"Brainiac het nie net die Aarde geteiken nie. Ander planete het hom sy voer gegee voor hy hierheen gekom het." >> Hy waai deur die lug. <<"Hierdie planeet het die meeste sogenaamde Superhelde in die sektor. Van meeste sektore. Wat is julle gesegde? Iets in die water, miskien? Dis onwaar, ek het die water getoets. Dis grotendeels iets wat hulle spesie gaan uitwis, as jy my vra. Die water. Daar is kolonies wat leef in hulle water! Dis om van te kots. Ook hoekom alkohol 'n goeie uitweg is. Maak alles dood. Of sterker. Hopelik nie die lewe in die water nie, dis sterk genoeg soos dit is.">>

<<"Lobo.">>

Hy draai na Clark. Vraend, plaaglustig.

<<"Hoe het die wapens hier op geëindig? Hierdie plek is al jare buite gebruik.">>

Lobo haal sy skouers op. <<"Hoe moet ek weet? Ek het so paar dae terug eers hier opgedaag. Nie my probleem nie.>>

Die aktiwiteit wat Clark opgetel het. <<"Wat het jou hierheen spesifiek gelei?">>

Lobo maak 'n gebaar met die sigaar wat wys hoe dom Clark is. <<"Die sein natuurlik. Van die wapens.">>

Clark oorweeg. <<"Ek neem aan wanneer die wapens aktief is? Anders het ons nie nou hier gestaan en gesels nie.">>

Lobo tik 'n vinger in die lug in Clark se rigting. <<"Net so. Jy is slimmer as wat jy lyk, ou Grootte.">>

<<"So, jy het die sein verloor.">>

Lobo rol die sigaar van een kant van sy mond na die ander. <<"Dit gebeur.">>

<<"Moontlik het hulle het iets anders hier kom soek,">> peins hy.

<<"Jy raak al hoe slimmer. Miskien is my teenwoordigheid goed vir jou brein aktiwiteit.">>

<<"Jou teenwoordigheid het net geweld en skade tot gevolg.">>

Lobo haal sy skouers op, tuit sy lippe. <<"Niks fout daarmee nie.">>

Clark skud sy kop. Los dit daar. <<"Jy het geen verdere leidraad nie?">>

Lobo kou aan die sigaar. Gee toe: <<"Niks. Ek sal die sein weer optel wanneer die wapens aktief is.">> Hy lag diep uit sy maag. <<"Gaan maar moet rondhang vir 'n ruk. Ons sien dalk nog baie van mekaar.">> Hy klap Clark op die rug. <<"Ek hou van die nuwe styl. Al hierdie skouermantels wat julle op hierdie planeet dra is regtig 'n

verleentheid. Dis ’n wonder almal maak nie ’n bespotting van julle nie.”>>

9

<“Selina wil weet of die Suid-Afrikaanse meisies mooi is.”>

<“Sy sal maar self moet vra,”> sê Bruce gemaklik. Barbara probeer soms te hard. <“Wat het jy vir my?”>

<“Daardie foto’s wat jy gestuur het. Ek het twee positief geïdentifiseer. Blyk betrokke te wees met dieselfde groep huursoldate wat ons vroeër bespreek het. Die ander twee blyk lokale talent te wees.”>

Bruce oorweeg.

Sy gaan voort. <“Die Intocável land aan oor ’n dag. Daar is ’n groot partytjie beplan. Vir die aand.”>

<“En jy kan ’n uitnodiging bewerk?”>

<“Ek dink Bruce Wayne kan ’n uitnodiging bewerk.”>

<“Ek voel jy is minder behulpsaam as gewoonlik.”>

<“Ek hou realiteit in gedagte.”>

<“Ek dink jy skimp in die rigting van ’n ek moet minder lui wees en dinge self doen.”>

Sy lag. <“Nie heeltemal my gedagtegang nie, maar ek hou van daardie een.”>

Hy lag sag. <“Ek hoor jou. En ek sal maar die Bruce Wayne sjarme tot my voordeel gebruik.”>

<“Klink of jy dit klaar doen. Ek sal Selina vertel die meisies is lelik en jy het regtig ’n harde tyd om hartlik, minsaam en bedagsaam teenoor die uiters armsalige wesentjies op te tree.”>

Hy glimlag. <“Nou gaan ek jou weer skuld vir iets.”>

<“Jy skuld my klaar te veel vir ’n leeftyd.”>

10

Barbara staar na die donker skerm. Net so ampertjies, het sy vir Bruce gesê om versigtig te wees. Ten spyte van hulle geskiedenis – of dalk spesifiek as gevolg daarvan – is dit soms moeilik vir haar om haar emosies uit te druk teenoor hom. Natuurlik het sy hom geromantiseer aan die begin. Eerder vir Batman. Met die besef dat die sjarmante, miskien minder-bewus-van-die-werklikheid-as ander-mense miljoenêr, dieselfde persoon is, het dinge verander vir haar. Soms goed. Soms sleg. Na die Joker haar verlam het,

het sy al haar energie ingespan om ’n verskil te maak. Nie meer op die voorste linies nie – Batgirl het ’n verskil gemaak, maar die redes daaragter was dalk verkeerd. Soos Bruce haar terdeë ingelig het. Meermale.

Sy draai die rolstoel na een van die ander rekenaarbanke. Beide Dick en Jason[17] het haar aandag, buiten Bruce. Jason is nie heeltemal die mees geliefde persoon onder die Bat-gemeenskap nie. Dit verhoed haar natuurlik nie om te help waar sy kan nie. Dit is immers haar besluit wie sy help. Of nie. Die ander hoef nou nie noodwendig alles te weet nie.

Gepraat van; sy word bewus gemaak van ’n oproep deur een van haar vele sekuriteitslyne.

Die gesig van ’n swart vrou neem vorm aan op die skerm. <“Oracle.”>

<“Waller[18].”> Nog iets wat Bruce eerder nie van moet weet nie. Amanda Waller weet natuurlik nie wie sy is nie. Buiten Bruce se naaste strydgenote, wat ’n paar lede van die Justice League en Justice Society[19] insluit, is haar ware identiteit onbekend. Sy is immers steeds ’n Superheld. Op haar manier. Menige ander reik uit na haar vir inligting. Oftewel na Oracle.

<“Die gewone fooi vir inligting?”>

<“Afhangende van die inligting. Soos ons ooreenkoms.”> Sy besluit wie sy help. Ook hoe vêr. Waller is nie hoog op haar lys van mense wie sy vertrou nie. Daar is baie geskiedenis. Maar selfs die Suicide Squad doen soms goeie werk. Onortodoks, maar steeds.

Amanda se glimlag gly wit oor haar gesig. <“Natuurlik.”>

## 11

“De Winter, Christopher,” kondig die deurwagter aan.

Bruce staan op uit die gemakstoel. Die hotel se raadsaal word helder verlig deur die wye vensters wat oor die Kaapse kus uitkyk. Tafelberg lê na die kant, net binne sig.

---

[17] Jason Todd. Die tweede Robin. Tans Red Hood. As dood gelaat (ook) aan die hande van Joker. Terug na die gebruik van die legendariese Lazarus putte. Dié wat deur Ra’s al Ghul benut word.

[18] Amanda Waller. Hoof van verskeie organisasies, meer bekend vir die kontroversiële Suicide Squad.

[19] Grotendeels aktief in die 40’s en 50’s. Van die oorspronklike lede het huidig weer die span bymekaargeroep, tesame met die kinders van ’n paar van die oorspronklike lede wat nou ingesluit is. Behalwe natuurlik iemand soos Spectre, wat deesdae letterlik op ’n ander vlak is. Wanneer jy met die Spectre te doen het, is jou probleme groter as net Super Misdadigers.

Hy skud die ouerige man se hand. Diep in sy sewentigs, aan die hoof van die De Winter Landgoed. Een van die grootste uitvoerders van wyn aan die suide punt van Afrika.

"Dis 'n groot plesier," sê Bruce.

Die wit wenkbrou beweeg soos 'n bossie in die wind. "Ek was onder die indruk enige Amerikaner is net Engels magtig. En dan nog julle eie Engels. Nie die Koningin se Engels nie."

Bruce lag. "Ek het onder andere Afrikaans geleer as deel van die besigheidswêreld waarin ek beweeg."

Hulle gaan sit in die leerstoele. "Jou pa se invloed?"

Bruce knik. Skink 'n brandewyn vir elk, na De Winter knik op sy stilswyende vraag. "Hy was 'n dokter voor hy die Wayne besighede op dreef gekry het. Weet hoe om met mense te kommunikeer en te werk. Op alle vlakke."

"'n Waardige bekwaamheid. Iets wat ons verloor in die wêreld deesdae. Almal is te bekommerd oor hulle eie gevoelens."

Bruce lig sy glas. "Ek sal drink daarop."

"Het jy al tyd gehad om die wynplase te besoek? Ek vra maar net, aangesien ek nie onthou dat enige Wayne ons mooi land al besoek het nie."

Bruce gee toe met 'n buiging van die kop. "Ons besighede is maar grootliks in Gotham en dele van Amerika gesentreerd. Julle land het 'n geskiedenis van wantroue wanneer dit kom by iets anders as toerisme."

"Tegnies nie meer."

Bruce lig weer sy glas. "Vandaar my besoek. Ons voel regtig ons kan uitbrei oor die Afrika kontinent. Tegnologies gewys is daar verseker vele geleenthede om omstandighede te bevorder."

De Winter lig sy glas. "Indien die vele wisselpaaie van die politiek aangedurf kan word."

Bruce lag. "Glo my. Dis my ervaring in alle lande. Op alle kontinente."

"Ek dink ons verstaan mekaar," sê De Winter. Hy maak sy lippe nat. "Jy lyk nie na 'n wyn-mens nie, maar ek wil jou steeds uitnooi na my Stellenbosch landgoed. Ek dink jy sal die omgewing regtig waardeer. Dit is 'n ander tipe stilte daar. Anders as die stad waaraan jy sekerlik gewoond is."

"Klink goed," sê Bruce. Top die glase op. "Wat my bring na die punt van ons gesprek."

De Winter beduie vir hom om voort te gaan.

“Ek verstaan dit is nie net wyn wat jy uitvoer nie.”

De Winter skud sy kop. “Nee, ons voer ook ander produkte uit. Onder andere druiwe. Rou wyn, as jy wil.”

Bruce glimlag. “Die besigheid is riskant.”

“Soos enige uitvoerbedryf.”

“Wat is die persentasie van die produkte wat sleg raak?”

“Binne voorgestelde perke. Ons betaal vir die beste.”

“Wat as dit honderd persent kan wees?”

De Winter lag. “Dit kan nooit gewaarborg word nie.”

Bruce glimlag. “Ek is oortuig Wayne Tech is nie een van julle vennote nie.”

De Winter sit vorentoe. “Jy wil vir my sê jy waarborg honderd persent?”

Bruce hou sy hande op in ’n *wat-anders?* gebaar.

“Ek glo jou nie,” sê die ou man. Hy glimlag om die steek uit die woorde te haal.

“Wat kan ek sê,” Bruce glimlag net so breed. “Ek het selfs ’n kontrak met S.T.A.R. Laboratoriums in Metropolis. Ons weet van tegnologie. Hoewel dit nie heeltemal so winsgewend is soos ek sou wou hê nie. Maar nogtans. Dit lyk goed op my getuigskrif.”

“Asof jy ’n getuigskrif nodig het.”

Bruce lag weer. “Mens kan nooit genoeg goeie woorde oor jouself op skrif hê nie.”

Hulle sit in gemaklike stilte vir ’n ruk. “Indien jy belangstel, ons het ’n privaat partytjie môreaand. Ek dink dit mag dalk iets wees waarin jy ’n belangstelling sal toon.”

“Privaat?”

“Net sekere besigheidsleiers word betrek.”

“Soos Lexcorp?”

“Nee. Luthor is nie iemand met wie ons wil besigheid doen nie.”

“Hoe so?” Bruce stapel sy vingers om die glas.

De Winter sit terug. “Egosentriese, narsistiese mense kyk na die wêreld anders as wat ons doen.”

Bruce knik met ’n grinnik. Wonder wie presies die *ons* is. “Luthor het ’n geneigdheid om mense...verkeerd op te vryf? Is dit die gesegde?”

“Inderdaad. En mooi gestel. Hy het nie eens opgedaag vir die Kongres nie.”

“Hy het ’n verteenwoordiger gestuur,” sê Bruce paaiend, ten spyte van sy werklike gevoelens teenoor Lex. “Is jou belangstelling in die Kongres meer as net die finansiële sy van jou besigheid?”

De Winter se blik is spekulerend. “Van een besigheidsman tot ’n ander?”

“Natuurlik.”

“Ons land beleef ’n krisis. En dit gaan verder as net winsbejag. Die Kongres is ’n stap in die regte rigting.”

Bruce leun vorentoe. Klink glase. “So? Hierdie partytjie?”

“Ek dink dit sal jou interesseer. Ons kan doen met nuwe idees.”

Bruce gee ’n skewe glimlag. “En geld?”

De Winter lag. “Altyd. Maar kom kyk eers wat ons doen, dan besluit jy.”

## 12

<“Lobo?”> sê Bruce verbaas. <“En alles staan nog?”>

Clark verstel sy bril. <“Dit was darem in die middel van nêrens.”>

<“Dit help seker.”>

Hulle sit in een van die restaurante wat uitkyk oor die naglewe van die Kaap aan die een kant en die flikkering van die see aan die ander kant. Sekuriteit moes meermale mense verwyder wat Bruce se aandag probeer kry. Vir werkgeleenthede. Maar ’n paar van die sosiale vlinders het ook sy aandag probeer trek. Baie buuste en been, soos Clark tereg uitwys. <“Getroude lewe sal jou minder van ’n teiken maak,”> sê Clark wyslik, hou die twee dames dop wat tans deur sekuriteit na buite begelei word.

<“Nee. Dit gaan nie. In my kringe maak dit die jag net meer opwindend.”>

<“Jou kringe?”>

<“Jy weet hoe moeilik dit is om ’n eenvoudige Aardling te wees.”> Bruce se stem dra die massa van ’n hele spesie se swaarkry.

<“Ek het op ’n plaas grootgeword.”>

<“En ons is dankbaar daarvoor. Meer as wat jy dink.”>

<“Lois het dieselfde al gesê.”>

<“Lois is wys. Vir ’n Aardling.”>

Clark frommel die vurk op in sy hand tot ’n metaal bolletjie oorbly. Glimlag. <“Jy wil dalk ’n bietjie meer respek aan my vrou betoon.”>

Bruce lig sy glas. <“Aan Lois. Die wysste van die wysstes op die planeet. Net sy kan deel met jou.”>

<“Jy weet. Ek kan jou in die middel van die oseaan gooi.”> sê Clark, ingedagte. <“Indien ek voel jy betoon ’n mate van disrespek aan my vrou. Dis nou as ek so ’n tipe persoon was.”>

Bruce sien welke rigting die gesprek gaan. Speel saam. <“En ek sal terugswem.”> Hy maak sy stem grof, saggies: <“Ek is Batman.”>

<“Jy weet almal spot jou daaroor.”>

<“Nie voor my nie. Nie meer nie. Wally[20] het dit net een keer probeer.”>

<“Ek kan jou op die maan los. Sien hoe jy dit hanteer,”> bepeins Clark. Glimlag oor die absurditeit van die gesprek.

Bruce hou sy hande op. <“Ek het reeds my punt gemaak.”>

<“En hoe, nogal?”>

Bruce glimlag. <“Jy is nie die enigste een wat kan vlieg nie. Of vinnig is nie.”>

<“Barry[21] sal jou nie op die maan help nie.”>

<“J’onn[22] sal.”>

<“Mmmm. Wat sou jy sonder al die vreemdelinge gedoen het wat nie van die Aarde af is nie?”>

<“Wel, Hal[23] is tegnies van die Aarde.”>

<“Maar gebruik tegnologie van die planeet Oa.”>

Bruce erken die punt. <“Diana[24] is ook tegnies van die Aarde.”>

<“Themyscira is op die Aarde,”> gee Clark toe. <“Maar sy is nie ’n Aardling nie.”>

<“Wat was die punt van die argument nou weer?”>

Clark lag. <“Nie seker nie.”> Hy lig ’n glas met iets nie-alkoholies. <“Ons moet regtig meermale kuier. Ek mis dit.”>

Bruce lig sy glas instemmend. <“So. Lobo?”>

<“Lyk of hy agter wapens van Brainiac aan is.”>

<“Na die inval verlede jaar? Ek sou dink S.T.A.R. Labs het alles opgeruim?”>

<“Klaarblyklik nie. Geen Green Lanterns op die Aarde nie?”>

<“Jy vra my?”>

---

[20] Wally West. Eers Kid Flash en Barry Allen se prodigé. Deel van die Titans voor hy die Flash mantel self aangetrek het as die derde Flash. Sy mond is so vinnig soos hy. Wat hom gereeld in die moeilikheid kry.

[21] Barry Allen. Die tweede Flash. Die vinnigste man wat leef.

[22] J’onn J’onzz van Mars. Amper so sterk soos Superman. Vorm-verandering, onsigbaarheid, vlieg en telepatie van sy kragte.

[23] Green Lantern, onthou?

[24] Wonder Woman. Prinses van die legendariese Amasoniese vegters.

Clark grinnik. <“Jy is Batman. Jy sal weet.”>

<“Jy het gelyk. En nee, almal is saam na wat ook al dit is wat hulle aanvat. Sinestro[25] se naam is onlangs genoem.”>

<“Miskien kan ons hom inspan om die goed te vind. Dis altyd ’n bron van kommer waar daardie tipe tegnologie rondlê.”>

<“Lobo? Nie so seker of ek ooit daardie maniak wil betrek by enigiets nie.”>

<“Hy was deel van die Justice League.”>

<“So ook Booster Gold[26] en G’nort.[27]”>

<“Goeie punt.”> Clarke staar uit oor die nag. Draai sy kop so bietjie skeef. Besluit die noodkrete kan wag vir ander se hulp vanaand. Superman is amptelik nie hier nie.

<“Dis moeilik,”> sê Bruce.

<“Wat?”>

<“Om nie te help nie.”>

Clark knik. <“Dit het lank gevat om myself te keer om heeltyd betrokke te wees.”>

<“Daar is altyd iets. Of iemand. Die verantwoordelikheid kan nie net deur ons gedra word nie.”>

Clark sit agteroor, strek. Verantwoordelikheid. Nie *las* nie. En dit vat baie vir Batman om te erken hy kan nie altyd betrokke wees nie. Batman. Aangesien Bruce Wayne die alias is van Batman, en nie andersom nie. Die psigologiese gevolge van Bruce se geestelike gesteldheid kan boeke vul. <“Ek gaan nog ’n ruk rondhang na die Kongres. Die Lobo ding pla my. Ek is seker ek kan Perry[28] oortuig vir nog ’n paar dae. Iets te soek wat nuuswaardig is na die Kongres.”>

Bruce knik net.

<“Het jou ondersoek meer opgelewer?”>

<“Nog nie.”>

<“Barbara help?”>

<“Sy doen. Ek sal verder rondkyk.”>

Hulle bestel nagereg.

---

[25] Eertydse Green Lantern. Nou Leier van die Yellow Lantern Korps, in opposisie met die Green Lantern Korps.

[26] Michael Jon Carter. ’n Tydsprong na ons tyd met gesteelde tegnologie uit die toekoms het hom ’n Superheldstatus hier gegun. Hy het egter nie inherente superkragte nie, maar wel ’n groot dink van homself.

[27] Sekerlik die mees onbeholpe Green Lantern in hulle geskiedenis. Foutiewelik ’n Green Lantern ring in die hande gekry. Basies ’n pratende hond wat regop loop. Nie so intelligent nie. Al kan hy praat.

[28] Perry White. Hoof Redakteur van die Daily Planet.

<“Daar is iets anders,” > sê Bruce na die kelner hulle nagereg voor hulle plaas. <“Moontlik iets vir jou.”>

Clark gee sy volle aandag.

<“Ek is uitgenooi na ’n partytjie môreaand. Op die Intocável.”>

<“Ek het gehoor van die jag. Eerder ’n skip. Die Daily Planet het so ruk terug ’n storie daaroor gedoen. Hoekom die belangstelling?”>

<“Dis ’n leidraad wat ek wil opvolg. Maar iets pla my. Moontlik onverwant.”>

<“Nie indien dit jóú pla nie.”>

Bruce gee ’n klein glimlaggie. <“Ek is met redelike sekerheid ingelig Lex het niks met hulle te doen het nie.”>

<“En *hulle* is...?”>

<“Ek het met De Winter gepraat.”>

<“Een van die organiseerders van die Kongres. En sy dogter wil vreeslik graag teruggaan saam met jou na Gotham.”>

’n Gepynigde uitdrukking van Bruce. < “En jy weet dit alles, hoe?”>

Clark hou ’n vinger in die lug. <“Die dogter gedeelte? Ek is nie verniet ’n bobaas joernalis nie.”> Hy hou nog ’n vinger in die lig. <“En ek het oë. Die ander nag se funksie het sy haar letterlik op jou gegooi.”>

Bruce maak ’n geluid uit sy keel.

Clark weer ernstig: <“Jy sê dis vreemd? Die Lex gedeelte?”>

<“Aangesien Lex amper ’n derde van die skip gefinansier het. Natuurlik deur verskeie ander instansies wat nie so maklik na hom teruggelei kan word nie.”>

<“Hoekom sou hulle dink jy gaan nie uitvind nie?”>

Bruce vee sy mond af, stoot die nagereg weg. <“Want Bruce is soms naïef. En hy het ’n probleem met Lex. Of eerder LexCorp. Batman aan die ander kant kan inligting bekom wat nie alombekend is nie.”>

Clark knik. <“Alles besigheid natuurlik.”> Hy stoot sy eie bord terug. <“Volg die geld, reg?”>

<“Net so.”>

<“So jy dink iets gaan aan? En Lex is betrokke?”> vra Clark.

<“Lex is nie vrygewig nie. Alles wat hy aanpak is net tot sy eie voordeel.”>

<“Ek sal ook bietjie ondersoek instel. Maar jy weet moontlik reeds alles wat ek kan optel.”>

<“Sal waardeer.”> Bruce roep die kelner vir die rekening, hou ’n hand op aan Clark wat ook na sy sakke reik. Hy knipoog. <“Ek dink ek kan hierdie een bekostig.”>

Die aandlug is vars. Effens koel.

<“Die Uber sal oor ’n paar minute hier wees,”> sê Clark. Hy knik vriendelik vir die sekuriteit wat hulle beduie waar om te gaan wag.

<“Die motorfiets is makliker,”> sê Bruce.

<“Jy het ’n motorfiets gehuur?”>

<“Gekoop.”>

Clark skud sy kop.

’n Voertuig trek nader. <“Dis seker dit,”> sê Clark.

Bruce frons. <“Jy seker?”>

<“Net omdat jy gewoond is aan Porsches en Limousines.”>

<“Ja, maar steeds.”>

Twee mans spring uit. Messe flits in die lig van die restaurant. “Jou gesê dis hy,” sê die een. “Bruce Wayne. Die miljoenêr.”

<“Vriende?”> vra Clark.

<“Nee.”> Hy kyk rond. Niemand in sig nie. Behalwe. Hy sien die sekuriteitswag, nader aan die hotel se ingang. Staan hulle en dophou. Weet presies wat aan die gang is. <“Lyk of ons gemerk is vir die spul.”>

Clark kyk rond. <“Niemand anders in die omgewing nie. Vreemd genoeg. Jy is reg. Hulle werk saam.”>

<“Sal ons kyk wat hulle beoog?”>

<“Hulle werk so hard hieraan,”> glimlag Clark. <“Kom ons gee hulle hul oomblik.”> Hy hou sy hande komieklik in die lug.

Dié klomp is in ’n wêreld se moeilikheid. Hulle weet net nie hoevéél nie.

## 13

<“U moet verstaan, dis nie hoe ons ons gaste hanteer in Suid-Afrika nie,”> sê die Polisiebeampte. Hy lek sy lippe. Weet nie wat om met sy hande te maak nie. Sy oë beweeg heeltyd terug na Bruce wat met sy hande in sy hare sit. Duidelik in skok.

<“Die Kaptein is geroep?”> Clark staan met hande oor sy bors gevou.

<“Hy is op pad. Sal hopelik binnekort hier wees.”>

<“Hopelik?”>

<“Dis laat. Hy was reeds by die huis...”> Sy stem raak weg. Hy kyk verbouereerd rond. Sy kollegas het hom met die sak patats gelos. Internasionale insident en alles.

<“Meneer Wayne is in skok. Ek dink hy moet dalk gaan lê.”>

<“In ’n sel...?”>

Clark gee hom ’n behoorlike frons. <“’n Sel? Dis hoe jy die eienaar van een van die mees suksesvolste internasionale besighede wil laat beter voel? Ek begin ernstige bedenkinge hê oor die stand van sake in hierdie kantoor.”>

<“Ons het nie...”>

<“Sekerlik is daar ’n rusbank hier êrens?”> In die Kaptein se kantoor, soos Clark reeds vasgestel het met x-straal visie. Wat Bruce toegang sal gee tot die rekenaar. Die rekenaar van die *Kaptein*.

<“Daar is ’n rusbank In die kaptein se kantoor. Maar...”>

<“Dit is voldoende. Ons wil nie regtig hê die Pers moet uitvind ’n belangrike, internasionale besigheids verteenwoordiger wat aangerand is in julle mooi stad...”>

<“Natuurlik nie! Volg my!”>

Clark glimlag stilweg. Asof hy nie self deel is van die Pers nie.

14

Die rekenaar is oud. Antiek. Dis ’n wonder hulle kry enigiets gedoen. Sou beter wees indien dit Wayne Tech was. Maak dit makliker om toegang tot stelsels te kry. Bruce vleg sy vingers saam, knak sy kneukels. Hy gaan moet ou skool gaan hier. Die naam Pierre la Grange verskyn op die skerm. Bruce se foon vibreer langs die rekenaar na ’n minuut. Die stelsel is nou tot sy beskikking. Van hier is dit maklik.

15

<“Is jy nie bekommerd hulle gaan iets sê oor Bruce Wayne nie?”>

<“Soos wat? Dat die miljoenêr drie ouens opgefoeter het?”> Bruce skud sy kop. <“Kom nou Barb, jy weet van beter. Die Polisie is maar net te bly ’n internasionale insident is vermy. Reputasie is behou. Die drie in die hospitaal gaan nie erken iemand soos Bruce Wayne het hulle rondgeskop nie.”> Hy lag sag. <“Bruce Wayne se *trauma* was ’n sig om te beleef.”>

<“En Clark?”>

<“Het my al die werk laat doen.”>

<“Ek dink jy het hom oorreed om alles self te doen.”>

<“Mag wees,”> Bruce glimlag. <“Ten minste gaan hulle nie weer binnekort met iemand moeilikheid soek nie.”>

<“Ek sal die Pers dophou. As daar enigiets is, sal ek jou laat weet.”>

<“Dankie. Clark is weer terug na Metropolis.”>

<“Ek het verstaan hy bly nog ’n paar dae?”>

<“Perry voel anders. Dink nie daar is genoeg nuus hier om hom besig te hou nie.”>

<“Perry is ’n besigheidsman.”>

Bruce knik. <“Ek het toegang tot die Polisie databasis gekry. Dit is effens verouderd, maar dalk kry ek iets.”>

<“Stuur aan,” > sê sy. <“Hoe meer informasie tot ons beskikking...”>

Bruce maak die nodige verstelling. <“Ek sal grootliks môre oggend daaraan werk.”>

<“Ek sal uitkyk.”>

<“Barbara?”>

<“Ja?”>

<“Wees versigtig wanneer jy met Waller deel.”>

<“Hoe...?”>

Maar die konneksie is reeds verbreek.

## 16

“Ek het gedink jy is reeds terug Gotham toe,” sê Aryana de Winter. Sy glip ’n arm deur Bruce s’n.

“En hierdie mis? Nie ’n kans nie.” Hulle staan teen die reling en waardeer die Kaapstad liggies oor die water. Die koel aandlig is ’n verligting vir hom na die dag se soek deur die databasisse. Sy werk is soms eentonig. Soeke na iets wat moontlik daar is. Moontlik nie. Dis die gedeeltelike natuur van sy werk.

“Jy weet, ek het spesiaal gegaan om na jou praatjie te luister,” sê sy. Sy draai na hom. Dit wil vir haar voorkom of hy effe onvas op sy voete is.

“Regtig? Wanneer? Ek het ’n praatjie gegee?”

Sy lag. Frons gemaak ernstig. “Jy het. Maar die vreemdste ding het gebeur.”

“Mmmm. Laat ek raai. Dit was vreemd omdat dit amper was asof ek nie daar was nie?”

“Nogal, ja.” Haar lag is helderklinkend oor die geluid van die partytjie agter hulle.

"Ek moet erken, ek het so bietjie tred verloor met die tyd."

Sy loer skalks na hom en slaan hom speels teen die skouer. "Hierdie een was die oggend na ons saam was!"

Hy vryf sy ken. "Presies. My gedagtes was êrens anders."

"Maar jý was ook êrens anders."

Hy lag verleë. "Ek het ontbyt gaan soek buite die hotel en toe verdwaal ek. Julle land is so mooi. So baie om te sien. Ek gebruik toe maar die tyd om dit te waardeer."

Sy lag weer. "Jy is 'n vreemde man, Bruce. En net jy sal wegkom daarmee."

Hy vryf deur sy hare. "Hoe het hulle die – uhm – situasie hanteer?"

"'n Ou video van een van jou toesprake."

"Dit moes pynigend wees vir almal daar. Ek dink ek kan iets onthou wat ek jare terug gedoen het."

"Dit was dalk nie jou beste nie." Hulle lag saam. Die Intocável dreun sag onder hulle voete, draai weg van die hawe en beweeg na die oop see. "Daar is nog toesprake vanaand," sê sy speels. "Jy kan opmaak."

Bruce maak 'n geluid uit sy keel. "Ek hoop nie so nie. Gaan hulle iets van my verwag?"

"Miskien. Miskien gaan net een persoon iets van jou verwag."

"Jou pa en sy vennote," knik hy. "Geld."

'n Flits van teleurstelling. Sy hou 'n warm hand teen sy wang. "Jy laat dit so blatant klink. Die geld ding."

Hy glip 'n arm om haar middel, trek haar nader. "Ons is almal besigheidsmense hier. Ons mag blatant wees. Ons hoef nie voor te gee vir ingeval die gepeupel ons hoor nie."

Haar arms glip om sy nek. Lippe op syne. "Toe ek sê iemand verwag iets van jou, het ek beslis nie bedoel die klomp ou mense wat geld soek nie," sê sy sag teen sy wang.

Bruce trek sy kop terug, kyk haar in die oë. "Klink al hoe beter."

Sy trek hom aan die hand. "Kom. Hier is meer as genoeg kamers wat nie behoorlik benut word nie."

## 17

"Ek vertrou die toesprake was darem nie te vervelig nie?" Christopher De Winter hou 'n hand uit om Bruce te ondersteun. "Nie gewoond aan die see nie?"

“Dit. En daardie whiskey wat julle verskaf is regtig aangenaam.”

De Winter lag sag. “Ek weet presies wat jy bedoel.”

Bruce vee oor sy gesig. “Te veel vars lug? Is daar so iets?”

“Vir julle van Gotham, sal ek so glo, ja.”

“Ek gaan moet eerlik wees. Ek kan nie veel onthou van die toespraak nie.”

“Daar was meer as een.”

“Ek staan by my stelling,” lag Bruce. “Ek is nie een vir lang praatjies nie.”

“Ons het so gesien met die Kongres.” De Winter lag gemaklik. “Ongelukkig kan ons nie almal wegkom daarmee nie. Jy is gelukkig in daardie opsig.”

Bruce hou sy hande op. Mors so bietjie uit die glas wat hy met verbasing in sy hand ontdek. “Ek probeer.”

“Ons het egter finansiering nodig. Ek hoop jy het ten minste daardie deel gehoor.”

“O. Ja. Natuurlik. Enigiets om te help. Waarvoor nou weer?”

De Winter lag gemoedelik. “Indien jy niks dringend het om te doen nie, volg my na die studeerkamer? Ons kan sommer nou gou die transaksie afhandel. Dan is die res van die nag net partytjie.”

“Wel, ek moet seker eers met die bank reël.”

“Wat? Bruce Wayne? Met die bank reël? Kom nou.”

Bruce vryf weer oor sy gesig. “Seker nie, nè? Ek is Bruce Wayne!”

“Net so. Jy is Bruce Wayne. As jy nie kan nie, hoe kan enigeen?”

“Ek hou daarvan! Ek gaan dit gebruik vir my veldtog. Enige veldtog!”

Die studeerkamer is uitgelê met donker hout en leerstoele. ’n Rekenaarskerm skyn wit aan die oorkant van die deur.

Aryana sit op die lessenaar. Net só, om meer been te wys. “Hallo, Bruce. Pa het gesê julle gaan gou besigheid afhandel. Dan is jy weer myne.”

“Nie seker of dit ’n belofte of ’n dreigement is nie,” lag Bruce.

“Miskien so bietjie van beide.” Sy gly van die lessenaar af. Gooi ’n arm om sy skouers. “Maak gou. Ek het planne vir jou. Nóg planne.”

“Alles op sy tyd,” sê Christopher de Winter. Hy laat sy dogter Bruce lei na die anderkant van die lessenaar.

Bruce gaan sit. Na die derde poging het hy die webblad oop. “Hoeveel was dit nou weer? Vyf...?”

“Tien miljoen. Dollar,” sê Christopher gemoedelik. “Vir nou.”

Bruce draai sy kop skeef. Frons vir die skerm. Aryana se tong speel oor sy oorskulp. “Natuurlik,” grinnik hy. Hy tik die besonderhede in. Klap homself teen die kop. Probeer weer. “Daar. Klaar.”

“Jy is die beste, Bruce,” fluister Aryana in sy oor. Sy trek hom weg van die skerm. Hy maak die webblad toe in die opstaan.

<“Ek voel nie so lekker nie,”> sê hy, val terug na Engels. Sy tong sleep.

“Kom. Ek sal na jou omsien,” sê sy in sy oor.

## 18

“Ek het gedink die doepa gaan bietjie vinniger werk,” sê Christopher de Winter.

“Hy is...anders as die ander,” sê Aryana. Sy frons. “Een oomblik is hy ’n naïewe, amper onbeholpe man wat lyk of hy homself nie deur die dag sal kan kry nie. Die volgende oomblik is hy iemand wat baie insig toon.”

“Ek het dieselfde opgetel.” Haar pa sit terug in die leerstoel. “Hy is uit?”

“Slaap soos ’n babatjie.” Sy glimlag.” Ek het hom so bietjie moeg gemaak voor ek die medikasie toegedien het. Hy gaan vir agt ure of meer uit wees.”

“Daar is steeds sekere aspekte wat ’n pa eerder nie wil weet nie.”

Sy lag. “Ons doen wat ons moet doen. Ek doen wat ek moet doen. Dis goed dat Pa weet. Maar, vir hierdie een gee ek nie om nie. Daar is potensiaal. Langtermyn.”

“Steeds.” Hy maak die skerm oop. Staar vir ’n oomblik. “Ek het gedink hy het die webwerf oopgehou?”

Sy skuif agter hom in, loer oor sy skouer. “Hy was dalk meer onder invloed as wat ons gedink het.”

Christopher slaan sy hande op die lessenaar in frustrasie. “Moes seker gedink het dit sou nie so maklik wees nie. Ons gaan hom nog ’n rukkie moet aan boord hou.”

“Ek kan daarmee werk,” sê sy.

## 19

Die twee mans wat Bruce in die kamer indra, doen nie eens die moeite om hom te deursoek nie. Aryana se hande was warm teen sy gesig, haar lippe nog warmer voor hulle hom alleen in sy dronkenskap gelos het.

Bruce trek sy asem diep in, laat die lug stadig uit sy longe vloei. Hy draai om op sy maag met ’n gesukkel. Kreun hardop. Sy foon in sy hand en nou onder hom ingedruk. Hy aktiveer die soek-program deur die verskuilde knoppie. Na ’n paar sekondes vibreer

die foon 'n kode. Geen afluisterapparaat. Geen kameras. Hy is op sy voete. Staar na die skerm. Is hulle regtig so selfversekerd? Hy probeer bel. Geen sein. Miskien nie só dom nie. Daar moet 'n blokker wees op die skip. Hy aktiveer die program wat hy nodig het. Binne oomblikke is hy in die skip se stelsel. Die sekuriteit is beter as meeste. Maar hy is Batman. Hy konnekteer met een van die Wayne Tech satelliete. Die blokker is nie 'n probleem nie. 'n Verbinding deur 'n volgende satelliet en direk met sy basis onder die Wayne Herehuis volg. Binne 'n kwessie van agt minute en veertig sekondes is die databasis van die Intocável opgelaai en afgelaai in sy eie stelsel. Tegnologie het voordele vir hom. Enkripsie gaan moontlik 'n bietjie langer neem om te omseil, maar dis vir later. Hy tel sy skoene op wat op die vloer gegooi is toe hulle hom gemaklik probeer maak het. Hy wil nie iets los nie. Die deur is gesluit. 'n Elektroniese slot. Hy maak seker dit is weer gesluit na hy die kajuit verlaat. Dis nie moeilik om die bemanning en die wagte te omseil nie. Hy merk egter hulle wapens. Nie dié wat Clark genoem het nie. Gewone aanvalsgewere. Steeds oordrewe vir 'n skip. Bang vir seerowers? Beskerming van die gaste? Of om die gaste in plek te hou indien nodig?

Hy hoor die geselligheid hoër op. Beweeg eerder na onder, na die vragruim. Hy moet twee keer homself versteek om nie gesien te word nie. Die vragruim is massief. En goed bewaak. Hier is beslis iets hier wat uitroep vir sy aandag.

Hy beweeg in die skaduwees van hoë metaalloopplanke. In die middel van die vragruim sit 'n kluis. Een van daardie groot bankkluise. Bruce wik en weeg. Dit is verseker belangrik – wat ook al daarbinne is. En dis nie geld nie, hy is seker. Maar hy het nie regtig die tyd om ondersoek in te stel nie. Hy wil weg wees voor iemand agterkom hy het nie noodwendig samewerking gegee om van sy geld oor te dra nie.

Hy kyk amper verlangend na die kluis.

Neem 'n besluit en beweeg ongesiens weer terug na die bodek. Die skoene gaan in die water. Niemand sal dit vind nie. Water ontmoet hom met 'n ysige omhelsing. Tyd om te bewys hy kan Clark se toets slaag. Net vir die rekord.

Met lang egalige hale begin hy terugswem in die rigting van Kaapstad.

## 20

Sporadiese geweerskote weerklink tussen die geboue. Die paaie is afgesper vir vier blokke in alle rigtings om die Metropolis Kommersiële Bank. Anders as in Gotham, staan die mense bankvas agter die versperrings in die hoop om iemand bekend te sien. Dit is

immers Metropolis. Die Babel van Superhelde. Gotham het Scarecrow en Joker. Jy wag nie daar om te sien wie is wie nie. Jy hardloop.

Maggie Sawyer gooi die selfoon op die sitplek deur die oop deur van die polisievoertuig, vee haar hand deur haar kort blonde hare. <“Ons het SWAT nóú nodig!”>

Dan Turpin, kyk op na die blou lug. <“Dis asof hulle weet.”>

Maggie volg sy blik. <“En tog is dit ’n kans wat hulle vat. Want hulle behoort nou al van beter te weet.”> Sy kyk terug na die Bank. <“Steeds, ons het hom nie nodig nie.”>

Turpin gee haar ’n skewe glimlag.

<“Nie áltyd nie,”> gee sy toe. <“Ek was onder die indruk Intergang[29] het ophou funksioneer.”>

<“Volgens gerugte is hierdie ’n splintergroep. Mannheim se onbevestigde, berigte dood het die hele organisasie in ’n warboel gegooi. Dit maak egter nie hierdie minder van ’n situasie nie. Dit blyk hulle wapens is oorblyfsels van Apokoliptiese[30] oorsprong.”>

<“Ons was veronderstel om alles op te ruim.”>

<“Ons probeer.”>

Sy sug diep. <“Ek weet. Maar soms raak dit net te veel.”>

’n Ontploffing ruk oor die park voor die bank.

Turpin se stem dra oor die omgewing deur ’n ou skool megafoon. <“Hier kom hulle!”>

Eenhede beweeg in van verskeie rigtings. Energie strook hortend deur die lug vanaf die Bank se rigting. Dis lyk nie soos Star Wars lasers nie, maar die realiteit is nie minder verwoestend nie. Skote klap, maar dit voel na ’n onewe geveg. ’n Groep beweeg deur die rook vanuit die gebou, waar eens die statige ingang van die bank was. Geklee in dowwe groen en grys metaaluitrustings.  Beslis nie lokaal geproduseer nie. Dele op hul rûe vou oop en insekvlerke rol uit. Hulle styg in die lug op met ’n fladder.

<“Kry die taktiese helikopters nader,”> roep Maggie uit. Dis nie haar eerste ondervinding met dié tegnologie nie. Die helikopters is reeds in die lug. Klein, beweegbaar en met vuurkrag verskaf deur LexCorp se Eksperimentele Wapen Afdeling. <“Gee hulle kans om uit die middestad te beweeg. Ons wil skade beperk sovêr moontlik.”>

---

[29] Ou skool rampokkers met buite-wêreldse kontakte. En wapens.

[30] Darkseid (die heerser van die wêreld Apokolips) is soms minder direk in sy toenadering. Maar nie gereeld nie.

Haar instruksies word oorgedra.

<“Indien jy nie omgee nie, sal ek graag wil sien waarheen hulle gaan.”>

Maggie draai om na die blou en rooi geklede man wat agter haar staan. Die rooi mantel wapper lui.

<“Ek het jou nie hoor aankom nie,”> sê sy.

Hy glimlag. <“Ek probeer om – net soms – minder opvallend te wees.”> Hy wys na sy uitrusting. <“Wat nie so maklik is soos jy mag dink nie.”>

Op ’n tyd sou sy die sjarme as ’n belediging ervaar het. Diskriminasie is egter iets wat sy persoonlik ervaar het. Sy weet nou van beter. Sy beduie aan Turpin om aan Superman se versoek gehoor te gee. <“Hou die helikopters op ’n veilige afstand, binne sig. Ons wil nie hê hulle moet besef wat regtig aan die gang is nie.”>

Superman knik in erkenning. Die seuntjie glimlag nou weg. Wanneer Apokoliptiese tegnologie betrokke is, raak dinge ernstig op ’n ander vlak. <“Dit sal help indien die helikopters per ongeluk hulle teiken verloor op ’n stadium. Maar nie te vinnig nie. Laat hulle werk daarvoor. Maak die klomp meer gemaklik.”>

Maggie knik.

Superman skiet in die lug op.

***

Superman is net so bietjie beïndruk. Die vyf het die tegnologie onder beheer. Nie hulle eerste uitstappie nie. Hulle vleg tussen die geboue deur, maak dit moeilik vir enige konvensionele agtervolging. Hulle split in verskeie rigtings. Aangesien drie helikopters hulle volg, is dit takties ’n goeie roep. Die vlieëniers word skynbaar onkant betrap en mors te veel tyd om te besluit wie om te volg. Hulle draai terug.

Almal op een na.

Superman skiet vanuit die betreklike beskutting van die geboue hoog in die lug op. Hoewel hy gemaklik tussen die geboue beweeg, waar hy die ontvouing van gebeure gevolg het, verkies hy die opelug indien hy vinniger tot aksie moet oorgaan. Die bankrowers beweeg oor die stadsgrense in verskeie rigtings en vlieg laag oor die mielielande wat die stad omsingel. Vanuit die hoër perspektief sien hy die vyf weer bymekaarkom. Hulle bondel saam vir ’n verdere twintig myl voor hulle self ook hoër opvlieg. Tussen teleskopiese visie en sy gehoor, is dit eenvoudig om ’n veilige afstand te hou.

Die dreuning van ’n Lockheed AC-130 trek sy aandag. Te naby om nie deel te wees van die gebeure hier nie. Die vliegtuig beweeg in van die sykant af. Hoewel dit ’n indrukwekkende oorlogtuig is, sit die tegnologie nie reg vir Superman nie. Hoekom met Apokoliptiese tegnologie ’n bank beroof en dan ter ondersteuning ’n meer basiese beskerming? In lig van tegnologie, natuurlik. Hy het...meer verwag. Maar dit sal ook nie die eerste keer wees waar meer eksotiese tegnologie slegs vir spesifieke missies gehou word nie.

Die polisiehelikopter is steeds agter hulle aan. Nou in ’n posisie om al vyf voortvlugtende bankrowers in sig te hê. Moontlik trots op homself. Sien nie die valstrik nie, want hulle blyk nog heeltyd bewus te wees van hom. Die aanvalsvliegtuig beweeg reg op hom af. Hy sien dit te laat, te gefokus op die vyf. Die masjiengeweer aan die neus van die AC-130 gemonteer, ratel skote af. Net om sy teenwoordigheid bekend te maak, want die skote is wyd. Superman voel hy kan die polisievlieënier teen die kop gaan klap. Hy het alles onder beheer gehad. Was so naby om meer inligting in te win. Moontlik uit te vind wie hieragter sit. Die vyf spat weer uitmekaar, beweeg terug in formasie. Hulle weet wat hulle doen. Die polisiehelikopter staan nie ’n kans nie. Die Apokoliptiese wapens gooi energie in sy rigting. Die klein helikopter is beweegliker as verwag. Die vyf vlieg soos wespe om hom. Twee skote tref die polisie helikopter direk na mekaar. Die vlieënier skiet terug. Nie so dramaties soos energie wapens nie. Maar nie oneffektief nie. Een van die rowers word getref, tuimel uit die lug.

Die polisiehelikopter is egter self gekwes, beur na bo voor dit die stryd opgee aan die borrelende rook wond aan die sykant.

Twee van die rowers duik agter hulle makker aan. Die ander twee bly om seker te maak die helikopter gaan nie weer ’n probleem veroorsaak nie.

Superman val vanuit die blou lug, veras hulle. Hy ruk die wapen uit die naaste rower se hand. Slinger dit in die rigting van sy maat se kop. Die geweld daarvan laat die ander rower deur die lug tol, desperaat om beheer te herwin oor sy vlug. Superman draai na die rower by hom, ruk die vlerke van die harnas af en werp hom sommer ook in die rigting van sy maat. Dit behoort hulle besig hou vir ’n ruk.

Superman kloof deur die lug na die polisiehelikopter. Hy het sekondes. Hy ruk die sydeur af. Die binnekant van die stuurkajuit is in vlamme, maar die vlieënier blyk grootliks ongedeerd te wees. Superman blaas die vlamme dood. Daar is nie tyd om die gespes te probeer loskry nie. Hy ruk eerder die stoel los en trek dit agter hom aan, uit die brandende helikopter. Sy liggaam dien as skans vir die vlieënier. Die geskeurde

metaal kan maklik vleis van die been sny. Hy val weg van die helikopter se rotorlemme, bring hulle tot stilstand ’n meter bo die grond. Hy kantel die stoel versigtig, plaas dit op die grond. ’n Vinnige blik met x-straal visie wys hom die vlieënier is ongedeerd. Die materiaal van sy pak slegs geskroei op plekke. Hy skeur die gespes los, help die man uit.

Die helm kom af. Half uitasem: <“Superman. Dankie. Ek het gedink dis die einde.”>

<“Jy is welkom. Sou egter beter wees as jy by die plan gebly het.”>

Hy gooi die helm op die grond. <“Ek weet. Ek gaan dit hoor. Het regtig gedink ek gaan ’n geleentheid kry om iets te doen daar.”> Hy hou ’n hand uit. <“Stevens. Michael Stevens.”>

Superman skud sy hand. <“Ek dink nie ons is klaar met die spul nie.”>

Groen blare vee luierig aan hulle heupe terwyl hulle opkyk na die AC-130 wat nader dreun.

## 21

<“Meneer Wayne?”>

<“Lucius, nou is dalk nie die beste tyd nie.”>

<“Dis een uur in die oggend. ’n Dame?”>

<“Eintlik is een uur in die oggend die punt. Maar ’n ware heer praat ook nooit uit nie. Ek ís egter nuuskierig. Hoekom bel jy hierdie tyd? Ek kan nie onthou dat ek oortyd goedkeur nie.”>

<“O, u doen. U besef dit dalk net nie.”>

<“Wel, klaarblyklik verdien jy dit.”>

<“Is dit regtig nie ’n goeie tyd nie? Ons kan altyd later hierdie gesprek voer.”>

<“Ek het dalk ’n paar minute.”> Batman verstel die nagvisie lense. Die man wat onderstebo langs hom hang maak kreungeluide.

<“U is seker? Ek dog ek hoor...”>

<“Gaan voort Lucius.”>

<“Ons het ’n vreemde navraag ontvang van die Gotham Nasionale Bank.”>

<“O?”> Nou eers?

<“Iets van ’n tien miljoen oordrag.”>

<“Ah. Ja. Ek onthou vaagweg so iets. Dit was nie suksesvol nie, ek vertrou?”>

<“Nee. Die veiligheid maatstawwe wat u in plek gestel het, het die transaksie eerder tot die aandag van die Bankbestuurder gebring.”>

<“Beter so. Ek was ’n bietjie dronk. Ek dink.”>

<“Mag ek vra wat die rede sou wees vir die oordrag? Dit was uit die besigheidsrekening. Steeds u geld, maar ek probeer tred hou met die besigheids kant van sake.”>

<“Dis eintlik ’n bietjie van ’n verleentheid.”>

<“Dit is gewoonlik wanneer u en ’n dame betrokke is.”>

<“Dit wás ’n dame.”>

<“Ek sal nooit oordeel nie, Meneer Wayne.”>

<“Ek wou haar net beïndruk.”>

<“Ek is oortuig sy wás. Op daardie stadium. Mag dit dalk ’n sekere Juffrou De Winter gewees het?”>

<“Dit was! Hoe weet jy dit?”>

<“Wel, haar vader het navraag gedoen.”>

<“Oor my?”>

<“Oor die geld.”>

<“En sy?”>

<“Ek is seker sy is angstig oor u welstand.”>

<“Mmmm. Lucius?”>

<“Meneer Wayne?”>

<“Hoe staan die kanse om daardie rekening so bietjie onder ’n vergrootglas te plaas?”>

<“Hoe sterk sal u verkies die vergrootglas moet wees?”>

<“Hoe sterk het ons tot ons beskikking?”>

<“Ons sal daardie een dan gebruik. En die uitslae?”>

<“Hou dit vir nou tussen ons.”>

<“Ek gaan dan maar eerder later vanoggend weer met u gesels.”>

<“Dankie, Lucius.”>

<“O, Meneer Wayne?”>

<“Lucius?”>

<“Juffrou Gordon het iets genoem van ’n skip waarin u belangstel?”>

***

<“Meester Bruce?”>

<“Alfred? Nou is nie die beste tyd nie.”>

<“U sit reeds twintig minute sonder om te beweeg. Ek het gedink miskien kan ek sekere informasie deel.”>

<“Dis nie asof ek niks doen nie, Alfred.”>

<“Ek is oortuig die rowers gaan nie binne die volgende vyf minute te voorskyn tree nie.”>

<“Jy het drie minute. Hulle is bewus van my teenwoordigheid. Ten minste een van hulle.”> Hy hou die man dop aan die oorkant van die gebou wat onseker blyk te wees van of hy net skaduwees sien. Die hangende rower kreun weer langs Batman. <“Maak dit twee van hulle.”>

<“Die dekodering van die informasie wat u gestuur het, is reeds veertig persent voltooid.”>

<“Jy kon dit my later laat weet het, Alfred.”>

<“Mag so wees, Meester Wayne, maar ek het so bietjie begin lees daaraan.”>

<“Ek gaan aanneem dit is iets interessants?”>

<“Inderdaad so, Meester Wayne. ’n Verwysing na putte het my aandag getrek.”>

<“Enige beskrywing? Iets om mee te werk?”>

<“Nog beter, Meester Wayne. Presiese liggings.”>

***

Stu val-draf teen die trappe af. Hy onthou iets wat sy broer hom geleer het voor hy die huis verlaat het. Iets in die lyn van die werk wat beskikbaar is daarbuite. Oor die geld wat gemaak kan word. Hoe meer die mense in *hulle* lyn bereid is om te betaal, hoe groter die risiko van die Super wat in daardie omgewing werksaam is. Metropolis is ’n groot probleem. Nie net omdat Superman daar is nie – Superman het groter prioriteite as die man op die straat. Meestal. Maar ook al die ander wat daar werksaam is. In die skadu van die rooi mantel, maar nie altyd so bedagsaam soos hy nie. ’n Green Lantern is gewoonlik maklik om te ontduik. Hulle is altyd besig met iets op ’n kosmiese skaal. Die

kere waar hulle aandag gee aan die kleiner mensies, het jy net iets geel nodig[31]. Bly weg van die Flash. Of die ander met spoed kragte. Hulle is net oral die hele tyd. Soos in *oral*.

Maar Gotham? Kom nou. Batman en al die ander vlermuis georiënteerdes? Hulle veg goed, maar hulle is net mense.

Reg?

Hy is nie so seker nie. <“Hy is daar!”>

<“Wie?”> Die agt gemaskerde mans staar hom aan.

<“Die Batman!”>

<“Nonsens. Almal weet hy is weg uit Gotham. Reeds vir weke.”>

<“Ek sê julle, hy sit buite op een van die priële.”>

<“En hy het niks aan jou gedoen nie? Dis belaglik. Jy sien skaduwees.”>

<“Miskien is dit Matt? Jy was veronderstel om hom te gaan soek?”>

<“Dis nie Matt nie. Tensy Matt lang ore gegroei het”> Hy hou twee vingers regop teen sy kop, na-aap Batman se masker.

Hulle staar hom aan. Bekommerd nou.

<“Dis erger as dit.”> Stu haal die wol masker af en gebruik dit om die sweet van sy gesig af te vee. <“Hy sit en praat met homself.”>

<“Wat? Wat bedoel jy?”>

<“In verskillende stemme! Eers met ’n gewone stem. Dan met daardie growwe stem. Ek sê julle, hy het dit verloor!”>

<“Jy sê Batman, as dit hy is, is mal?”>

<“Dink daaroor! Hy veg teen Joker. Teen Scarecrow. Êrens langs die pad gaan dit ’n effek op hom hê.”>

<“Ek weet darem nie,”> sê een. <“Batman mal?”>

<“Dis erger,”> sê ’n ander. <“As hy regtig dit verloor het, wat dink jy gaan hy aan ons doen? Ek meen, meer as wat hy gewoonlik aan mense soos ons doen?”>

Dit gee die ander iets om te oorweeg.

<“Dis nie veilig daarbuite nie,”> sê Stu. <“Ek dink die beste onder omstandighede sal wees om...”>

***

[31] ’n Onsuiwerheid in die samestelling van die Green Lanterns se oorsprong van hulle krag. Later uitgedraai die onsuiwerheid is ’n entiteit, genaamd Parallax.

Die GCPD se ligte flits onder in die straat. Al nege rowers lê op die teer, hande agter hulle rûe vasgebind. Uit ondervinding is daar drie gevolge wanneer Batman gesien word.

Hulle vlug.

Hulle veg.

Of soms, net *soms*, gee hulle hulleself op.

Batman maak seker hulle sien beweging van waar hy hurk op die rant van die gebou. Net ingeval hulle vergeet van die ou wat hier agter hom hang.

22

Vroeër.

Die mielielande vlam op om die wrak van die helikopter. Swart rook reik uit na die blou hemel. Superman gryp Stevens eenkant toe, hou sy rug na die aankomende AC-130 vliegtuig. 20mm rondtes sny twee spore in hulle rigting, grond en stingels spring meters in die lug op.

Hulle skud die grond van hulleself af. Die vliegtuig beweeg verby. Draai, om weer ’n aanloop aan te pak.

<“Hy sal beter trefkrag hê indien hulle van verder af aanloop,”> sê Stevens, uit ’n professionele oogpunt.

<“Hy het ons gemis,”> wys Superman droogweg uit.

<“Net my opinie. Nou moet hulle meer draaie vlieg om weer aan te lê. Mors tyd.”>

Superman hou die vliegtuig dop. <“Hulle gaan nie weer geleentheid kry nie. Kan jy een van daardie vlieg?”>

<“Ek kan.”>

<“Sal jou binnekort die geleentheid gee.”> Superman skiet in die lug op. Die twee Vulcan kanonne trek los op hom vanuit die AC130. Hy hang in die lug vir ’n oomblik. Stevens besef Superman doen dit om te verseker hy trek die vuur. Superman blits oor na die vliegtuig. Die kanonne verstil amper onmiddellik. Die vliegtuig waggel, verander effens van koers. Draai weer in Stevens se rigting. Hy sak af tussen die groenmielie stingels. Nie dat dit ’n verskil gaan maak nie. Die blou en rooi figuur val uit die oop sydeur waar die Vulcan kanonne eens gemonteer was. Superman draai lui in die lug en sweef nader. Styg weer ’n meter hoër en oor Stevens. Hy blaas die vuur uit wat woed

oor die mielieland. Land sag langs hom. <“Moes dit seker vroeër gedoen het.”> Hy wys na die mielielande.

<“Die hitte het effens ongemaklik begin raak,”> erken Stevens speels. Hy staar na die groot vliegtuig wat lui om hulle sirkel. Hy verwag koeëls enige oomblik.

<“Die maklikste om iemand te dra wanneer ek vlieg is indien jy só draai en ek jou só vashou. Gemaklik daarmee?”>

Stevens sien die grond wegval onder hulle. Dis heeltemal anders wanneer daar nie metaal om jou is nie. Die wind ruk aan sy klere soos hulle hoogte kry. Superman beweeg tot ’n gelyke vlak met die vliegtuig en versnel. Hulle land gemaklik aan die binnekant van die oop deur. Hy is nie seker wat hy verwag het nie. Die rowers in die metaal uitrustings sit almal in ’n ry aan die een kant van die binneruim. Stukke metaal wat eens bankies van die vliegtuig uitgemaak het, is om hulle gevou. Vier ander in para-militêre drag is eweneens in metaal vasgevang. Hulle wapens lê op ’n hoop in ’n hoek. Superman lei hom in die rigting van die stuurkajuit. Brandmerke aan die wande is die enigste tekens dat hulle Superman teengestaan het. En die 20 mm kanonne wat opgefrommel aan die raamwerk hang.

<“Die vlieënier sal na Metropolis Internasionaal vlieg. Maak seker hy kry nie ander gedagtes nie.”>

Stevens neem posisie in langs die vlieënier wat strak voor hom uit staar. <“Ek sal reëlings tref met Lughawe Sekuriteit. Hulle is opgelei vir situasies soos hierdie.”>

<“Lig Sawyer ook in,”> sê Superman. <“Sy sal wil weet.”> Hy draai terug na die oop deur. <“Ek bring die ander.”>

Stevens gaan sit langs die vlieënier. < “Nie gedink jou dag gaan so uitdraai nie, of hoe?”>

## 23

Bruce het die mantel opgehang en die masker afgehaal, maar sit steeds geklee in die res van sy mondering. Hy staar na die skerms voor hom. Water drup êrens in die grot. Iets waaraan hy gewoond geraak het. Dit het ’n strelende effek wanneer hy moet dink. Die hyser se deure suis sagweg oop. Alfred stap nader met ’n silwer skinkbord. Bruce neem die koffie en sit weer terug, aandag op die skerms.

<“Die inligting is van hulp, Meester Bruce?”> vra Alfred. Hy staan langs Bruce. Bekyk die skerms. Lyk na lyste van aankope. Masjien parte. Kos.

<“Alle inligting is van hulp. Dit is soms net om die dele bymekaar te kry.”>

<“Alles het ’n plek,”> beaam Alfred op sy statige manier.

<“Ek het ’n fout begaan,”> sê Bruce, stapel sy vingers onder sy ken.

<“Kan nie wees nie. Batman begaan nooit foute nie. Bruce Wayne aan die ander kant. Veral sy smaak in vroue.”>

<“So leer mens.”> Bruce glimlag nie. <“Die vrag van die Intocável. Ek moes meer tyd bestee het om dit te ondersoek.”>

<“Sekerlik sou hulle nie ongeruimdhede toegelaat het aan boord nie. Nie met al die mense daar nie. Belangrike mense, as ek reg verstaan.”>

<“Mag so wees. Maar aan die ander kant dink ek nie hulle gee soveel om nie. Die wagte het hulleself op ’n ander manier gedra. Nie gewone sekuriteit nie. Goed opgelei. Goed gewapen.”>

<“Die kluis wat u genoem het?”>

<“Die kluis,”> beaam hy. <“Ek wil regtig weet wat daarin is.”>

Alfred wys na een van die skerms. <“Ek sien u volg die gang van die Intocável.”>

Bruce knik. <“Rekord van waar sy aanland. Kan later dalk iets opduik.”>

<“En ons vriende? Die De Winters?”>

<“Die Polisie rekords van Kaapstad was behulpsaam. Maar net om ’n aanknopingspunt te bevestig.”> Bruce roep foto’s op op ’n ander skerm. <“Ek het hierdie twee in die hawe opgemerk. Lokale rekords. Niks te opvallend nie. Aanranding. Roof. Gewapende roof. Klagtes teruggetrek.”>

<“Dit klink vreemd,”> sê Alfred. <“Die tipe klagtes.”>

<“Hulle regstelsel werk bietjie anders as ons s’n. Maar die interessante deel is die verwantskap met De Winter. Beide het vir ’n ruk op sy plaas gewerk. Een van sy plase. Weereens, niks wat te veel aandag trek nie. Maar die twee het ’n moontlike skakel met die huursoldate wat De Winter as wagte vir die skip aangestel het. Die huursoldate self is klaar ’n aanduiding van iets groot.”>

<“Nie net geld nie?”>

<“Nee. Dis iets meer.”> Bruce maak die koffie klaar. Skakel Barbara in.

## 24

Die seelug is te sout. Christopher de Winter staar uit oor die deinings om die Intocável. Probeer die outomatiese reaksie om die soutsmaak uit sy mond te spoeg, te onderdruk.

Bruce Wayne gaan ’n probleem wees. Is ’n probleem.

Die geld het nie deurgegaan nie. Wayne is nie in sy kamer nie. Na ’n dag se soek is dit aanvaar hy is nie op die skip nie. Het die swaap dit wragtig reggekry om homself om die lewe te bring? Hy het so waarlik van die skip afgeval. Christopher is amper oortuig daarvan.

Dit bring probleme mee.

Soos, hoe gaan hy dit verduidelik? Die owerhede frons wanneer mense onder jou toesig verdwyn. Verdrink. En dis dan nog Bruce Wayne van alle mense! Hy gaan dit moet aanmeld, andersins gaan dit nóg verdere probleme uitlok. Maar eers...

Die Kaptein van die Intocável bring die satellietfoon vir hom. Die Wayne Tech embleem teen die kant is nogal ironies.

## 25

Dit is stil in die grot. Vlermuise fladder en piep. Water drup vêrder af. Alles geluide wat ’n stilte in Alfred bring. Moontlik omdat hy nou al so gewoond is daaraan.  Dit is deel van sy lewe. Hy sit op die platform waar die Batwing gewoonlik rus. Hy het nou net klaar opgeruim na die Batwing uit is vir die vlug. Sy gedagtes is terug by sy dae in die Britse Spesialiseenhede[32].

’n Geluid laat hom opspring. <“Meester Bruce?”>

Maar Batman is uit oor die Atlantiese Oseaan teen hierdie tyd. <“Meester Dick? Meester Tim?”>

Hy kyk rond in die grot. Hy is alleen.

Wat was dit?

’n Krap geluid.

Elektronies!

Hy swaai om na die skerms waar die inligting van die Intocável steeds vloei. Steeds ontleed word.

Of eerder, gevloei het. Hy val amper oor die stoel voor die rekenaarbank. Iets is besig om die inligting te verwyder. Virus? Sy vingers klap oor die sleutels. Niemand het nog ooit verby Batman se rekenaar verdedigingstelsel gekom nie. Dit moet iets in die lêer self wees. Maar hoe? Hulle maak seker. Hý maak seker!

Hy druk die knoppie aan die onderkant van die rekenaarbank. Hoop hy is betyds om die virus te isoleer en die databasisse te beskerm.

---

[32] Iets wat nie almal weet nie. Moenie by die Wayne Herehuis inbreek nie! Jy gaan ’n loesing van formaat kry, selfs deur die hulp!

<“Jy ken belangrike mense,”> sê die Korporaal. Sy stem beur deur die statiese sneeu van die radio. <“Dis nie aldag dat ons gevra word om iemand soos jy te help nie.”>

Batman hou die brandstof inneming dop deur die versterkte glas van die Batwing stuurkajuit. Neem nie aanstoot nie. Dis net politiek. <“Veral nie in hierdie omgewing nie?”>

’n Laggie. <“Tegnies is ons nie hier nie.”>

<“Tegnies is ek ook nie hier nie.”>

Weer die laggie. <“Ons verstaan mekaar. Laat weet indien die Amerikaanse Lugmag weer van hulp kan wees.”>

Batman salueer in die rigting van die kamera wat hy weet in sy rigting kyk. Die brandstof pyp trek los. Die Batwing swaai weg van die KC 4A Pegasus, in die rigting van Nigerië aan die weskus van die Afrika-kontinent. Sy bestemming is in die omgewing van die Kwa Ibo Monding. Geen radar sal hom optel nie en ook nie enige oë hierdie tyd van die oggend ure nie. Hy land ’n ent van die klipperige kus af. Sy mantel ruk in die sterk wind. Seesout brand sy neus. Nagvisie-lense glip oor sy oë in die masker.

<“Alfred.”>

<“Meester Bruce. Ek sien u het die ligging bereik.”>

<“So naby as moontlik.”>

<“Daar is ’n situasie.”>

Batman staan soos ’n standbeeld, kop gebuig. <“Ek luister.”>

<“Lyk na ’n virus. Moontlik – nee, sekerlik van die lêer inhoud wat van die Intocável afkom.”>

<“Die infestasie-protokol in plek?”>

<“Die oomblik wat ek besef het iets is nie reg nie.”>

<“Dan het jy gedoen wat jy kon, Alfred. Hou my op hoogte.”>

<“Ek sal Juffrou Barbara inlig.”>

<“Sy sal beslis ’n belangstelling toon. Kanse is dis iets van LexCorp daarbinne. Lex sal nie so baie waag nie. Nie wanneer sy naam genoem mag word nie.”>

Batman klim die rots uit, verstel die nagvisie met teleskopiese lense. Hy tuur in die nag in. <“Die sekondêre stelsel sal ons deurkry tot hierdie uitgesorteer is.”>

<“Reg so, Meester Bruce.”>

<“Daar is ’n struktuur ’n paar honderd voet na die binneland.”>

<“Moet wees wat ons soek,”> sê Alfred.

<“Enige van die ander koördinate wat jy kan onthou?”>

<“Ek sal probeer, Meester Bruce.”>

<“Goed genoeg.”> Hy stap in die rigting van die strukture. Geen beweging. Geen lewe. Hy toets die omgewing vir sekuriteit. Ook niks. Is dit weer ’n mors van tyd? Die vorige ligging het niks vorendag gebring nie. Nie geboue nie, niks. Ten minste is hier ’n aanduiding van iets. Die geboue strek swart voor hom uit in die naglug. ’n Ou myn. Verlate vir jare al. Ingeval. Of toegeskiet? Wind huil deur die gebroke hout van die strukture. Voel soos ’n verlate Cowboy dorpie.

<“Alfred?”>

<“Meester Bruce?”>

<“Niks hier nie. Vra Barbara vir satelliet dekking oor die omgewing. Dit help dalk nie nou nie, maar miskien kom soek iemand weer iets.”>

<“Ons sal ’n ogie gooi, Meester Bruce.”>

<“Kontak Lucius. Ek is seker Wayne Industrieë het êrens in die mynboubedryf rondgespeel hier rond. Ons kan onder die vaandel van nuwe eksperimentele masjinerie dalk ’n bietjie – dieper – rondkrap hier.”>

<“Ek sien ons het inderdaad ’n kantoor in Nairobi. Nie te besig op hierdie stadium nie. Bietjie vêr, maar niks wat ’n vliegrit of twee nie kan regstel nie.”>

<“Dan kan ons bietjie werk-skeppend optree, dink ek.”> Batman stap terug na die Batwing. <“Daardie verdere koördinate?”>

<“Ek werk daaraan Meester Bruce.”>

## 27

<“Ek wil met Meneer Luthor praat,”> hou Christopher de Winter vol. Die stem aan die ander kant praat dofweg met iemand anders. ’n Meer senior persoon, hopelik.

<“Meneer De Winter.”>

Hy sluk. Die koel, sagte stem behoort aan Mercy Graves. Lex se persoonlike assistent. Beskermer. En, indien die gerugte waar is, sy persoonlike sluipmoordenaar. De Winter is oortuig die stories is waar. Dit is die risiko om met Luthor besigheid te doen. <“Juffrou Graves.”>

<“Ek verstaan u is op soek na Meneer Luthor. U is bewus hierdie nommer is slegs vir noodgevalle. Uiterste noodgevalle.”>

Hy haal diep asem. Hoekom sal hy geïntimideerd voel? Maar hy doen. <“Ek is.”>

<“Meneer Luthor is nie beskikbaar nie.”>

<“Ek het ’n dringende aangeleentheid wat ek met hom moet bespreek.”>

<“Ek sal voorstel dat u dit hanteer. Nie net die Bruce Wayne fiasko nie, maar ook die inligting wat uitgelek het.”>

<“Inligting?”>

<“Meneer De Winter. Ek is seker u is bewus van die nood beleid wat gevolg word wanneer enige inligting tot die aandag van iemand buite die Groep kom.”>

Hoe het dit gebeur? Het hy kennis gekry? Meer tot die punt, is hy of iemand naby hom die oorsaak?

<“Ons is seker u is bewus van die situasie, maar net om seker te maak ons is almal op dieselfde bladsy. Daar is ’n ondersoek na ’n rekening van u. Dit kan terug gevolg word tot die Groep.”

Hy sluk. Wayne? Hy moes een of ander sekuriteit prosedure in werking gestel het in sy besopenheid die ander nag.

<“Daar is ook ’n waarskuwing aan ons stelsels gerig. Aktivering van inligting uit enige databasis van die Groep, laat ’n outomatiese virus vry. So ’n virus is tans aktief.”>

De Winter voel die koue in sy binneste.

<“Meneer Luthor hoef nie te weet van hierdie gesprek nie.”>

Hy word dus ’n geleentheid gebied om dit reg te stel. <“Natuurlik. Ek sal hierdie self hanteer.”>

Die foon is reeds dood in sy oor.

## 28

Superman steek die Russiese grens oor teen Mach 10. Dit vat ’n hele halfuur voor die Russiese begeleiding opdaag. Teen daardie tyd hang hy reeds in die lug bo die ou Russiese myn in die Yablonoi gebergtes. Verlate tot onlangs.

[“Kameraad Superman.”][33]

Superman draai na die man in die metaal uitrusting wat langs hom stelling inneem. Die man wieg ligweg in ’n poging om stabiliteit te behou. Die rooi en silwer blink in die vroeë Russiese son. Die turbines en uitlaatstelsels maak dit moeilik om behoorlik te kommunikeer. Die uitrusting het op ’n stadium so-effe belaglik gelyk. Onbeholpe. Die kopstuk nou vaartbelyn, anders as die oorspronklike modelle wat dit soos ’n posbus op

[33] [Vertaal uit Russies.]

’n hoekige borsstuk laat lyk het. Die borsstuk nou gladde lyne. Die voetstukke oorgroot. Rocket Red, met Dmitri Pushkin as die vlieënier, was eens deel van die Justice League. Het hulle man gestaan saam met die Green Lanterns. Die vuurkrag wat hy in sy hande het, moet nie onderskat word nie.

[“Dmitri. Goed om jou weer te sien.”]

Die res van die Rocket Red Brigade, vyf van hulle, hang in formasie om hulle.

[“Ons hoop daar is nie enige probleme nie,”] sê Dmitri.

[“Nie tussen ons nie.”] Superman gee die ander ’n vinnige kyk. Die Russe vertrou nie maklik nie. Veral nie wanneer dit kom by iemand wat super kragte het nie. [“Ek is op die spoor van ’n interstellêre krimineel.”]

[“En jy het hom gevolg tot hier? Miskien is hierdie jurisdiksie van Moeder Rusland.”]

Politiek, dink Superman in die stilligheid. [“Ek het ’n eenlopende probleem met hierdie individueel.”]

[“Dis is dalk League besigheid?”][34]

Superman besef Dmitri probeer hom uithelp. Hy gee die ander weer ’n vinnige kyk. Hy is nie op hoogte met die interne politiek hier nie. [“Ek het saam met Batman...”]

[“Ah. Batman. League besigheid dan.”]

[“Wel...”]

[“Kameraad Superman,”] val hy hom vinnig in die rede, [“wie is hierdie interstellêre krimineel? Die veiligheid van ons Moeder Rusland mag in gedrang wees.”]

[“Lobo.”]

Die stilte is oorverdowend.

“Bozhe moi,” sê Dmitri sag. Superman is die enigste wat dit hoor. Dmitri het geskiedenis met Lobo. [“Hy is hier?”]

[“Nie meer nie.”] Superman wys na die verlate myn onder hulle. [“Ek het hom gevolg tot hier. Maar ek was te laat.”]

[“Jy wil weet wat het hier gebeur?”]

[“Dit is die rede van my teenwoordigheid hier,”] sê Superman vasbeslote.



<“Enigiets?”>

[34] Onder leiding van Maxwell Lord, was Rocket Red deel van die Justice League Internasionaal. Internasionale bande is versterk deur die skepping van die span. Lord het natuurlik bybedoelings gehad.

Barbara hoor die frustrasie in Bruce se stem. <“Die virus is geïsoleer. Geen skade. Die stelsel is so te sê weer op dreef.”>

<“Bly om te hoor.”>

<“Dis nie wat jou bekommer nie.”>

Na ’n oomblik se stilte. <“Nee. Hierdie saak is frustrerend.”>

<“Ek het met Maggie Sawyer gepraat. Superman het so rukkie terug met ’n bankroof uitgehelp.”>

<“Nie ’n gewone bankroof as Sawyer betrokke was nie.”>

<“Nee. Daar was Apokoliptiese tegnologie betrokke.”>

<“Op Superman se vlak.”>

<“Ja. Maar die gesteelde ware is van belang.”>

Batman wag in stilte.

<“Grondregte. Testamente. Dokumente wat grotendeels te doen het met die besit van land.”>

<“Dit beteken niks vir iemand terwyl die eienaars nog leef nie. Hoekom dit steel?”>

<“Miskien is die idee om hulle te oortuig om van die regte af te staan? Of die dokumente te verander en in geskil te plaas?”>

<“Die regsgedinge sal jare vat. Tensy...wat van prominente mense wat verdwyn? Enige verband?”>

<“Ek sal kyk. Die besit van grond het al oorloë teweeggebring. Twee name het egter opgeduik wat kommerwekkend is.”>

<“Uit die dokumente uit Metropolis?”>

<“Ja. Ted Kord[35] en Oliver Queen[36].”>

<“Hulle is nie in Metropolis werksaam nie.”>

<“Nee, maar dis die miljoenêr gedeelte wat pla. Trek ook deur na die besit van grond en grondregte.”>

<“Kan ons iemand kry om na hulle welstand te verneem? Cyborg[37] sal die beste persoon wees. Hy doen tans diens by die League Toring.”>

---

[35] Die tweede Blue Beetle. Ook ’n miljoenêr nyweraar.

[36] Green Arrow. Ook miljoenêr.

[37] Eers deel van die Titans voor hy by die Justice League aangesluit het. Die Titans was eers bekend as die Teen Titans, wat basies die tiener helpers was van die League op daardie stadium. Robin (Dick Grayson) vir Batman, Kid Flash (Wally West, later self Flash) vir Flash, Wonder Girl (Donna Troy, later Troia) vir Wonder Woman, Cyborg, Beast Boy, Starfire, Raven en  Aqua Lad (Garth, later Tempest) vir Aquaman.

<“Sal kontak maak.”>

***

<“Meester Bruce?”>

<“Alfred. Ek het nou net met Barbara gepraat. Lyk of alles weer in plek is.”>

<“Inderdaad, Meester Bruce. Maar al die inligting is tot niet. Ons het alles verloor.”>

<“Ons sal dit weer optel, moenie bekommerd wees nie.”> Maar Batman voel verslae. Die legkaart wil nie mooi in plek val nie.

<“Ek het egter een verdere ligging onthou. En dit sien tans aksie.”>

<“Aksie?”>

< “Superman aksie.”>

<“Waar?”>

<“Rusland. Maar dis nie al nie.”>

Batman sê niks.

<“Daar is ook ’n nuusberig oor Bruce Wayne wat vermis is.”>

Hy lag stilweg. <“Wonder hoe dit gebeur het?”>

## 30

Superman se rooi stewels sak weg in die sagte sneeu. [“Hier was ’n geveg.”]

[“Die Moederland kyk na haarself,”] sê Dmitri. Die uitlaatstelsel van sy metaaluitrusting smelt die sneeu in die omgewing waar hy land.

[“Wat beteken dit, ou vriend?”]

Dmitri vroetel aan die helm, lig dit af. Sy rooi hare en baard doen ’n goeie nabootsing van Medusa in die koue wind. Hy slaan oor na Engels.< “Miskien ons kan beter gesels sonder te veel ore?”>

Superman kyk op na waar die res van die Brigade nou die lugruim patrolleer. <“Hulle luister steeds.”>

Dmitri hou ’n vinger op. Tik reeds teen iets op sy bors. <“ Daar. Nou hoor hulle nie so goed nie. Die Russiese weer. Dit meng in met alles. Baie met transmissie.”> Hy skud sy kop gemaak treurig.

Superman konsentreer, kan die frekwensie hoor van die sein wat net genoeg inmeng om die kommunikasie stelsels net-net nutteloos te maak. <“Maar ons bly by Engels, net vir ingeval.”>

<“Net vir ingeval,”> beaam die groot Rus.

<“Wat het gebeur?”> Hulle stap deur die verlate geboue. Brandmerke  teen die yster raamwerke wys waar die geveg op sy hewigste was. Superman span sy sintuie in om soveel moontlik inligting in te win.

<“Die Wolf uit die Buitenste Ruimte het ons pragtige land sekerlik ingeval.”> Dmitri se bitterheid is amper tasbaar.

<“Die Wolf...ah.”> Superman maak sy keel skoon. <“Lobo.”>

<“Lobo.”>

<“Eintlik beteken Lobo[38]...”> Superman heroorweeg. Los dit eerder. <“So, jy dink Lobo is ingewag? Julle is bewus van wat gebeur het?”>

<“Nie heeltemal nie.”> Dmitri verstel sy helm na sy ander arm. Kyk na die tekens van geweld om hulle. <“Ons weet nie dit was hy nie. Van die Vanguard Stasies het iets opgetel. Beweging oor die grens. Daar is reeds geveg teen die tyd wat ons mense hier aangekom het.”>

Superman het ’n goeie idee met wie. Of eerder die rede. <“Wie was die mense? Die ander nie-Russe?”>

Dmitri knik asof dit die regte vraag was. <“Nie Russies. Nie almal. Huursoldate.”>

<“Ek is bewus van hulle.”>

Dmitri gaan staan, druk ’n hand teen een van die gate wat deur ’n metaalmuur gebrand het. <“Sterk wapens. League besigheid?”>

<“Nee. Dis iets waarna ek self kyk.”>

Dmitri is stil vir ’n tyd. Hervat die stap deur die gevegsveld. <“Gevaarlik. Hierdie wapens met baie krag.”>

<“My punt,”> sê Superman. <“Wil dit nie in verkeerde hande laat beland nie. Nie verdere verkeerde hande nie.”>

<“Soos Russies.”>

<“Dis nie wat ek sê nie.”>

“Nyet.” Dmitri gee ’n vinnige glimlag. < “Dis wat ek sê.”>

---

[38] In die Khundiaanse dialek beteken Lobo; ‘Hy wat jou ingewande verorber en dit terdeë geniet.’

Die man in blou en rooi gaan staan, gee ’n vinnige, laaste swiep deur die omgewing voor hy na die groot Rus draai. <“Geen van die wapens is gevind nie?”>

“Nyet.”

<“Dis hoekom hulle so angstig is?”> Superman knik na die Brigade wat steeds bo die myn rond swiep.

<”Ons wil die wapens hê. Dit sal ’n verskil maak.”>

<“Verskil in wat?”>

Dmitri gee die Kryptoniaan ’n stil kyk.

<“Ek kry die gevoel my teenwoordigheid is nie meer nodig hier nie. Of welkom nie.”>

<“Kameraad Superman.”> Dmitri gee hom ’n ligte saluut. <“Mag ek ’n voorstel maak?”>

<“Natuurlik,”> sê Superman, effens verbaas.

Dmitri wys in ’n rigting. <“Wanneer my goeie vriend van die Verenigde State sy weg weer vind huis toe, wil hy dalk daarlangs vlieg.”>

Superman draai sy kop skeef met ’n glimlag. <“Hoe so?”>

<“Die uitsig is medies aanbevole.”>

<“Die...”> Dan verstaan hy. Daar is ’n mediese sentrum in daardie rigting. Moontlik iets met die mense te doen wat hier dood is. Met sý sintuie kan hy iets optel in die verbyvlieg.

<“Ek sal so maak, my vriend. Jou land is ’n wonder van uitsigte.”>

Rooi metaalvingers omvou Superman se hand. <“Tot ons weer sien,”> sê Dmitri. Hy hou die blou en rooi figuur dop wat in die lug opskiet en in die rigting draai wat hy uitgewys het. Die helm klik in die  groewe van die Rocket Red uitrusting. Klamp stewig vas. Warm lug stoot hom in die koue lug op.

31

<“Superman.”>

<“Bruce.”> Clark maak ’n regstelling. Want daar is ’n verskil. <“ Batman.”>

<“Ek het jou insae nodig.”>

Clark lag. <“Goeie een. Maar ek sal in elk geval my opinie gee. Oor die kommunikasiestelsel?”>

<“Nee.”>

Clark knik. <“Ek is op pad na die plaas. Maar ek kan jou op ’n ander plek ontmoet?”>

<“Die plaas is reg. Sien jou binnekort.”>

***

Die Smallville oggendson strook koring-bruin deur die vensters. ’n Haan maak homself bekend aan die laatslapers naby die skuur. Lois plaas ’n stomende bord kos op die tafel, lig ’n wenkbrou.< “Daar is ’n vliegtuig langs ons skuur, Clark. Wat gaan die bure sê?”>

Bruce lê weg aan die kos. Hy kan nie onthou wanneer laas hy geëet het nie. Die internasionale rondvlieg maak dit moeilik om te onthou waar oggend en aand is. <“Die net wat oor die Batwing getrek is, is van die beste kamoeflering wat geld kan koop. Of eerder wat geld kan laat maak. Ek sal weet. Maar dit maak die Batwing ook onsigbaar vir enige elektroniese oë. Jy weet van beter, Louis.”>

<“Jy kan maar ’n ander stemtoon probeer. *Bruce*.”>

Die steek is heel moontlik na die Batman uitrusting wat hy steeds dra waar hy aan die tafel sit. Hy gee haar sy beste seuntjie-glimlag. <“Ek sal nooit daaraan dink om jou die opinie te laat vorm dat ek enigsins neerkyk op ’n Pulitzer-pryswenner-klas joernalis nie. Om nie eens te praat van die kwaliteit van die ondersoeke deur jou wat al soveel oopgevlek het nie.”>

<“Net sodat ons mekaar verstaan.”> Maar sy glimlag. Neem die leë bord voor haar man.

Clark sit die twee en dophou oor ’n stomende beker koffie. <“So. Ons het ’n paar dinge wat ons kan bespreek. Of wil jy eers klaarmaak?”>

Bruce stoot die derde bord terug met ’n mate van genoegdoening. <“Ek tel baie sarkasme op tussen die twee van julle. Voel of dit heeltyd na my gerig word.”>

Clark glimlag breed. <“Nee! Kan nie wees nie.”>

<“En indien jy iets negatief van Alfred se kos sê, bel ek hom nóú. Al is die doel daarvan om my eie te komplimenteer,” > waarsku Lois. <“Wat moontlik nou ’n goeie tyd sal wees. Die kompliment. Aan my.”>

Bruce lag sag. <“Sal nie eens daaraan dink nie. Maar die kos was baie lekker.”>

Clark staan op, hou Bruce se beker uit na hom. <“Kom ons gesels op die stoep.”>

Bruce gaan leun teen die hout pilaar, teug aan die koffie. <“Wat het jy in Rusland gaan doen?”>

Clark neem eers ’n slukkie. <“Dit hou verband met een van jou ondersoeke?”>

Hy knik. <“Maar voor ek met jou deel, sê my eers wat jy daar gevind het.”>

<“Dis nog steeds Lobo. Jy onthou ’n paar weke terug in Suid-Afrika.”>

Bruce lig sy beker instemmend. Weet Clark gee net konteks.

<“Ek volg op waar ek iets hoor waarin hy betrokke mag wees.”>

<“Rusland.”>

<“Niks daar nie. Ek was te laat. Hy het die wapens geneem wat hy wou hê. Die huursoldate wat dit gebruik het, is almal dood.”>

<“Die Russe het nie van die wapens gehou nie?”>

<“Sê van Lobo wat jy wil, maar hy is deeglik.”>

Bruce knik. <“Die huursoldate?”>

<“Hulle is internasionaal bedrywig. Twyfel of dit dieselfde spesifieke groep is. Maar beslis dieselfde organisasie.”>

<“Vreemd dat ons nog nie van hulle gehoor het nie.”>

Clark knik. <“Hulle bly buite sig. Beter as meeste ander.”>

<“Nie vir lank nie. Ek en Barbara is besig om rond te krap.”>

<“En hulle is betrokke met die saak wat jy ondersoek?”>

<“Hulle word gereeld gehuur deur die mense wat ek ondersoek. Ek het nog nie uitgevind hoe hulle betrokkenheid deel maak van die legkaart nie.”>

<“Geen spesifieke tatoeëermerke of iets fisies wat hulle spesifiek sal uitken nie,”> gaan Clark voort, dink terug oor wat hy opgemerk in sy verbyvlug. <“Hulle is op die oog af net ’n klomp mense wat toevallig saam werk.”>

<“Niks soos toeval nie. Maar ek is nie verbaas nie. Volgens hulle prys is hulle nie ’n groep wat vir enigeen beskikbaar sal wees nie. Hulle hoef dus ook nie te adverteer nie. Geen identifiserende kleredrag of merke nie.”> Hy sit die leë beker op die hout van die stoep reëling. <“Wat van die myn self?”>

<“Die gewone. Bloed en tekens van ’n vuurgeveg.”>

<“En in die myn?”>

<“In die myn?”>

<“Ek volg ’n spoor van inligting. Sprake van putte. Iets wat meer verwys na liggings. Die paar wat ek sovêr ondersoek het, het niks opgelewer nie. Maar nou is dit ’n moontlikheid dat die liggings van die sogenaamde putte verlate myne kan wees.”>

<“Die een in Rusland is op jou lys?”>

<“Dit is.”>

<“Gee my ’n oomblik.”>

En Clark is weg. Bruce gryp die beker wat amper van die reëling afval as gevolg van die skielike wind.

<“Mens raak gewoond daaraan,”> sê Lois, stap uit op die stoep en hou ’n vars beker koffie uit na Bruce. Hy ruil dit vir die leë een.

<“Mens sou so dink. Tussen hom en Barry[39].”>

Sy gaan leun teen die reëling. <“Dis nie altyd maklik nie.”>

Bruce voel ’n oomblik ongemaklik. <“Dis nie maklik om met enige van ons te leef nie. Jy is gelukkig.”>

<“Hoekom? Dit kon jy gewees het?”> Sy glimlag breed oor sy ongemak. Daar was ’n tyd, baie jare terug, waar hy sy sjarme op haar probeer het. Voor hy en Clark vriende was. Voor die identiteite gedeel was. <“Kom nou Bruce. Ons is lankal verby daardie ongemaklike situasies.”>

Hy lag, steeds ongemaklik. <“Dis waar.”>

<“Dis soos die vroue wat met brandweermanne of polisie getroud is. Net op ’n ander vlak.”>

<“Jy kan dit weer sê,”> beaam hy.

<“Dis net – soms voel ek ek hou hom terug. Dat hy meer kan wees sonder...”>

Bruce gee ’n kuggie. Verstaan nou haar gedrag in die huis. Die amper-snydende sarkasme wat vinnig onder die dekmantel van humor geskuif is.

<“Wat?”>

<“Dis andersom.”>

<“Hoe?”>

Hy kyk uit oor die mielielande. Hoe anders sou die wêreld wees indien Clark – Kal El – nie hier beland het nie. <“Hy gee alles vir jou. Vir sy vriende. Sy *mense*.”> Bruce se hand rus op haar voorarm. < “As dit nie vir jou was nie, vir sy Aardse ouers, maar meer so vir jou, sou die wêreld heeltemal anders vir ons almal gewees het.”>

Sy glimlag, koponderstebo. <“Soms het ek net nodig om dit te hoor. Die inval van Brainiac verlede jaar het ’n tol geëis. Op almal.”>

[39] Barry Allen, Flash, onthou? Steeds die vinnigste man wat leef.

<“Ek het ’n opening in ons weeklikse bymekaarkom van mense sonder superkragte, mense wat uithang met Superhelde en nodig het om stoom af te blaas.”>

Lois lag. <“En hoeveel mense is reeds in hierdie sessies?”>

<“Sovêr net Alfred. Maar jy is welkom daar. Julle kan resepte uitruil.”>

Sy klap hom speels teen die skouer.

<“Ek sou meer geweld agter daardie hou gee, as ek jy was,”> sê Clark. Die blou en rooi is vir ’n breukdeel van ’n sekonde sigbaar voor Clark weer in sy gewone klere voor hulle staan. Hy stoot sy bril op teen sy neus.

Beide Lois en Bruce wonder hoeveel van die gesprek Clark gehoor het. Nie dat Clark nié weet hoe Lois voel nie. Bruce was eerlik en hoop stil dat Clark geluister het. Soos hy beoog het. En soos Louis sekerlik ook weet.

<“Ek is seker Bruce het net die beste bedoeling in gedagte,”> sê sy.

Clark glimlag, word ernstig. <“Daar is liggame in die myn. Soos ’n massagraf.”> Hy hand reik na Lois se arm wanneer sy onttrek. <“Nee, wag. Jy sal belangstel.”> Sy sit-leun weer terug op die reëling.

<“Hoe oud?”> vra Bruce.

<“Moeilik om te sê sonder ’n behoorlike ondersoek. Maar ’n paar jaar, van wat ek kon sien.”>

Bruce leun ingedagte teen die pilaar. Kyk op. <“Ek mag dalk jou hulp nodig hê.”>

<“Enige tyd.”>

Bruce knik eenmaal. Stap in om sy masker te kry. Dit glip aan soos ’n helm. Sy stem is anders. Meer...Batman. <“Ek sal kontak maak.”> Hy stap teen die houttrappe af na die Batwing.

***

Lois sug dramaties. <“Ek voel jy moet ander vriende kry.”>

Hulle staar mekaar in die oë. Bars uit van die lag. Sy onttrek uit die omhelsing. <“Van ons het werk. Regte werk. Werk wat ’n inkomste genereer.”>

<“En ek het nie?”> Clark lag, tel haar op. <“Ons gaan ongelukkig laat wees vanoggend.”>

“Iemand krap rond,” roep Aryana de Winter uit bo die geraas van die helikopter. Sy wag nie vir die helikopter om eens behoorlik tot rus te kom nie. Sy het op en af oor die dek geloop terwyl sy wag vir haar pa. Sy probeer haar hare uit haar gesig hou, gee op.

Haar pa buk onder die draaiende lemme, maak paai gebare. “Gee kans. Ons sal binne praat.”

Hy maak die deur toe agter hulle wanneer hulle die studeerkamer instap. “Iets van Wayne gehoor?”

“Wayne? Dis juis die probleem! Die media soek rond.”

Hy huiwer in die gooi van die whiskey. “Wat weet hulle? Wat dink hulle?”

“Dis nie die punt nie, Pa.”

Hy gooi ’n tweede glas. Bied dit aan. “Wayne is weg. Daar is niks wat ons kan doen nie. Niemand weet waar hy is of wat gebeur het nie.”

Sy hou een hand op ’n heup, sluk die whiskey weg. “Pa verstaan nie. Dit is nie ’n hofsaak nie. Dis nie ’n Direkteursvergadering nie. Die media hoef net aantygings te maak. Vrae te vra.”

Hy sink weg in die leer van sy stoel. Hou haar dop vir ’n oomblik. “Jy is verkeerd, my kind.”

Sy gaan sit oorkant hom. “Vertrou my hierin. Ons reputasie is op die spel.”

Hy kyk na die plafon. “Jy weet hoe belangrik, hoe uiters krities ons werk is.”

Sy staan op, skink vir haarself. Gaan sit weer. “Natuurlik weet ek.”

Hy knik stadig. “Het die Brainiac Insident van verlede jaar weereens bewys. Ons moet reg wees om te herbou. Ons het hulpbronne nodig. Grondgebied wat veilig is.”

Sy gee toe met ’n lig van haar glas. “Maar dit het niks met Wayne te doen nie. Sy verdwyning vanaf óns skip laat wenkbroue lig. Hy is te gesiene om dit daar te laat. En die sosiale aasvoëls gaan dit uitmekaar trek vir solank as hulle kan.”

“Dit is iets wat sal oorwaai. Laat hulle hoor een van die reddingsbote is ook weg. Hulle kan dink hy het dalk saam met ’n vrou in die nag weggeroei. Alleentyd met haar, want sy was getroud. Iets! Enigiets!”

Sy slaan met ’n hand op die reling van die stoel. “Pa. Dis nie so maklik nie!” sy lig haar ken. “Wat hét gebeur?”

“Met Wayne?”

“Wie anders?”

Hy skud sy kop stadig. Vul sy eie glas op. “Weet nie.”

“Hy kon nie net wegraak nie.” Haar oë rek. “Nee. Julle het nie...”

“Julle? Het nie wat nie? Hom laat verdwyn?”

Sy staar hom aan met groot oë. Sag: “Nie Wayne nie?”

“Wat dink jy?”

Sy skud net haar kop.

Hy sug. Staan op. “Ons ken almal die storie van die gans en die goue eiers. Óns is nie dom nie.” Hy waai haar na die deur se rigting. “Gaan sorteer hierdie sosiale gemors uit. Dis hoekom jy hier is. Om sosiaal te verkeer. So verkeer sosiaal en laat hierdie weggaan.”

Hy staar lank na die deur waar sy dogter verdwyn het.

## 33

<“So, gaan wees ’n slet. Want jy is net hier vir jou mooi gesiggie,”> sê sy snydend.

<“Ek is seker dis nie wat hy gesê het nie,”> sê Mercy met iets wat soos medelye klink.

Aryana is nie mislei nie.

<“So, niks van Bruce Wayne nie?”> vra Mercy.

Aryana maak haar hare vas, knyp die selfoon tussen haar kop en skouer. <“Ons weet regtig nie hoe hy verdwyn het nie.”>

<“Maar hy is nie dood nie.”>

<“Hy is nie doodgemaak nie. Daarvan is ek seker. Die wagte hier is meer om seker te maak ander meng nie in met ons nie. Seerowers is nog steeds ’n werklikheid.”>

Mercy is stil aan die ander kant. Klink of sy sag sug. <“Mnr. Luthor wil hê julle moet wegbly van Wayne.”>

<“Ons weet nie waar hy is nie,”> hou Aryana vol.

<“Steeds.”> ’n Stilte aan die ander kant. <“Die ander saak wat ons bespreek het. Jy is seker dit is die roete wat jy wil volg?”>

<“Ek is seker,”> sê Aryana onmiddellik. <“Dit is hoog tyd. Ek weet wat ek doen. Meneer Luthor weet dit ook.”>

Die oproep word beëindig.

Aryana is wel bewus van die korporatiewe kompetisie tussen Lex Luthor en Bruce Wayne. Maar die gedagte bly vassteek dat hier iets meer as net dit is. Sy pak haar tas. Die helikopter wag om haar na die naaste lughawe te neem. Dan terug na Suid-Afrika. En dan sal sy moet sien of haar lewensbesluite die moeite werd gaan wees.

Sy groet nie haar pa nie.

Gotham se oggendlig is helderder as die poorte van die hemel, in Bruce se opinie. Hy kreun. Draai weg van die verblindende strale.

<“Nie so erg nie, Meester Bruce,”> sê Alfred op die rustige wyse van iemand wat alles al gesien en beleef het. Hy trek die res van die gordyne oop. <“Son is goed vir die gestel.”>

<“Miskien in kleiner hoeveelhede.”>

<“Indien die res van die mensdom dit kan oorleef, sal die magtige Batman sekerlik dit kan hanteer,”> sê hy droogweg.

<“Ek is nie soos die res van die mensdom nie.”>

<“Inderdaad, Meester Bruce. En dankie tog daarvoor.”> Alfred bring ’n stomende beker koffie na waar Bruce nou regop sit in die bed.

<“Almal is so sarkasties om my deesdae.”> Hy vryf oor sy gesig. Neem die beker dankbaar. <“Hoe lank?”>

<“Net een nag.”>

<“’n Hele nag?”>

<“Daar is ’n tyd en ’n plek vir alles.”>

Bruce sluk die koffie weg. Reeds op die been. <“Tyd is alles, Alfred.”>

<“Natuurlik, Meester Bruce.”>

<“Hoe gaan dit met die vermiste Bruce Wayne soektog?”>

<“Die media skenk nog aandag daaraan, maar die Green Lantern Oorlog kry meer tyd en spasie op die blaaie. Beide elektronies en ou-skool.”>

<“Dis nou ’n oorlog? Iets om oor bekommerd te wees?”>

Alfred stap agter Bruce aan na die geheime hyser. <“Nog nie. Dit blyk of dit nie die Aarde as slagveld gaan betrek nie.”>

<“Nog nie.”> Die koel lug van die grot begroet hulle. Bruce stap na die rekenaarbanke, rus sy hande op die metaal terwyl hy deur die skerms werk. Opvang. <“Enigiets verder oor die sogenaamde putte?”>

<“Inderdaad, Meester Bruce. Juffrou Gordon het ’n voorlopige analise gedoen met die inligting wat u beskikbaar gestel het. Dit sluit ook in tentatiewe toetse en ontleding vanaf die myn in die Nigeriese omgewing.”>

<“Dit was vinnig.”>

<“Dit wil voorkom of die mense in u diens taamlik verveeld was. En hoogs effektief en doeltreffend wanneer hulle wel iets kon kry om te doen.”>

<“Ons stel verseker net die beste mense aan.”>

<“En so word die guns terugbewys. Die verslag wys onlangse werk, hoewel die myn ingeval het.”>

<“Hoe onlangs?”>

<“Moontlik vyf jaar terug.”>

<“En die myn is reeds toe vir hoe lank?”>

<“Dertig jaar of ouer.”>

Bruce staar na die skerm. <“En ons het geen ander besonderhede van verdere putte nie.”>

<“Dit is ongelukkig die situasie. Die Russiese myn was die laaste wat ons kennis van het.”>

<“Geen patroon.”>

<“Behalwe die lyke wat ook in die myn gevind is. Juffrou Barbara kyk ook.”>

Bruce knik. <“Dit is stortingsgronde. Maar hoekom?”>

<“Ons gaan dit ook nie kan uitvind nie, aangesien die regering ’n stop gesit het aan Wayne Enterprises se werk daar.”>

Bruce draai na Alfred. <“Hoekom?”>

<“Niemand weet nie, Meester Bruce. Politiek.”>

<“Eerder iemand wat wil verhoed dat iets dalk blootgelê word. Soos deur ’n behoorlike ondersoek van die lyke.”>

## 35

<“Lex? Ek is verbaas. Jy meng nie gewoonlik met die mense op die vloer nie.”> Amanda Waller sit vorentoe in haar stoel. Haar stem is kalm. Beheers. Maar sy voel haar maag draai.

<“Wat weet jy van die E.T. projek?”>

<“Dit gaan goed met my ook. Dankie, dat jy vra. Lex.”>

<“Ek het nie die tyd nie, Waller. Of die lus nie.”>

Sy dink terug. <“Ou projek. Versameling van items wat nie ’n Aardse oorsprong het nie. Dit is stopgesit jare terug, eers deur Projek CADMUS wat dit oorgevat het. Daarna het S.T.A.R. Labs dit weer oorgevat na al die drama by CADMUS.”>

<“Dankie vir die Geskiedenis les.”>

<“Jy het gevra.”>

<“’n Eenvoudige erkenning sou voldoende wees.”>

Sy bly stil.

<“Die projek is egter voortgesit.”>

<“Onoffisieel, sekerlik. Ek sou bewus wees daarvan andersins.”>

<“Moenie die fout maak om te dink jy is so belangrik nie. Iemand krap rond. Ek wil weet of jy iets gehoor het.”>

So, belangrik genoeg dáárvoor? <“Of weet?”>

Hy antwoord nie.

<“Ek sal kyk. Maar ek kan nie aan iets onmiddellik dink nie.”> Sy oorweeg of sy moet verder uitvra. Besluit meer inligting is beter. <“Wie is aan die hoof van jou projek?”>

<“Daar is verskeie aspekte. Die een waaraan ek nou aandag gee word deur Christopher De Winter gelei.”>

<“Nog nooit van hom gehoor nie.”>

<“Ek is nie verbaas nie. En verkies dit so. Maar dis nie die doel van hierdie gesprek nie.”>

Amper sê sy hardop – *natuurlik nie*. Maar Lex het nie ’n sin vir humor nie. En hy is nie iemand met wie sy moeilikheid gaan soek nie.

<“Ek stuur koördinate. Maak seker niemand wat ’n mantel dra krap daar nie.”>

<“Ek sal kyk.”>

<“Waller?”>

<“Mmm?”>

<“Jy sal my nie weer Lex noem nie. Onthou wie dit is met wie jy praat in die toekoms.”>

## 36

Christopher De Winter staar na die skerm. Die foto’s. Die video’s. Dis nie die eerste keer nie. Hy gooi ten minste nie meer op wanneer hy dit beskou nie. Hy het vroeëre jare. Hy kyk op met die sagte klop aan die studeerkamerdeur.

“Binne.”

“Meneer De Winter.” Die spanleier van die wagte stap eerbiedig binne. Sy Afrikaans dra ’n swaar aksent. Maar hy probeer. “Die helikopter is veilig weg.”

De Winter knik. “Dankie. Enigiets om te rapporteer?”

“Niks nie, Meneer. Ons tog blyk sorgeloos verder te wees.”

Sorgeloos. As maar net. Hy waai die Spanleier weg. Hy staar na die lêers op die skerm. Oorweeg sy eie toekoms. Hierdie is sy persoonlike lêers. Natuurlik het hy geweet. Hoe anders? Maar hy het nie alles geweet nie. Nie aan die begin nie. Die Groep. Vir die beter van die mensdom. Wie glo sulke snert in elk geval? Maar die idee het meriete. Maak seker die mensdom sal voortbestaan in die geval van ’n suksesvolle inval van buite die Aarde.

Maar hierdie.

Dit gaan te vêr.

Iets wat sy dogter gesê het. Soms moet jy weet. Ook waar ander se hande vuil raak onder jou waak.

## 37

Superman val uit die lug en land op die dek van die massiewe vragskip. Die slag van sy landing vibreer deur die metaal.

’n Ouerige man stap nader. Grysbaard. Vuil uniform, maar ’n uniform ten minste. ’n Kapteinpet sit laag oor sy oë. <“Jy het geen jurisdiksie hier nie,”> sê hy in gebroke Engels.

Superman word omring deur twaalf mans. ’n Verskeidenheid van wapens volg sy bewegings. Hoog op teen die vraghouers verskyn nog tien mans met wapens.

Superman hou die papiersak waarmee hy aangeland het, agter sy rug. <“As ek so na die vrag kyk, sal ek begin dink dit gaan alles oor my,”> sê hy.

<“Wat?”>

<“Al daardie lood. Miskien wil iemand my verhoed om iets te sien? Dit maak my nuuskierig.”>

<“Jy het geen jurisdiksie,”> hou die Kaptein vol.

<“Jy is buite internasionale waters, Kaptein.”> Hy wys na bakboord. <“En húlle het spesifieke jurisdiksie.”> Die Marokkaanse vlag wapper op die voorste spoedboot wat die groot vragskip vinnig inhaal. Vier ander volg. <“En indien jy ’n ent vêrder vaar...”> Hy wys na stuurboord. Ses verdere bote gly deur die water, ’n Algeriese vlag aan die voorste een. Swaar gemonteerde masjiengewere blink in die son.

Die kaptein haal sy pet af, gebruik dit om sweet van sy gesig te vee. Beduie vir die mans om hulle wapens te laat sak. <“Ek kan nie verantwoording vat vir die vrag nie.”>

<“Ons sal sien,”> sê Superman. <“Ek stel voor julle laat die goeie mense aan boord.”>

***

<“Mag ek iets vra?”> Die Offisier met die Algeriese kenteken, lyk ongemaklik.

<“Natuurlik,”> sê Superman met ’n glimlag. Die bemanning van die vragskip sit in ’n bondel onder die wakende oë van die Algeriese en Marokkaanse alliansie.

<“Die papiersak?”>

Superman kyk af na die sak. <“O, dit.”> Hy knipoog. <“Dis my ete.”>

## 38

Die mes se lem flits die neon van die nabye winkel se toonvenster. <“Moenie ’n held probeer wees nie,”> sê die man. <“Jou lewe, háár lewe is meer werd.”>

<“Jy is reg,”> sê die ouer man, maak seker hy staan tussen die twee rowers en sy vrou. <“Maar ek is nie heeltemal hulpeloos nie.”> Hy rol die moue van sy hemp op, neem ’n vegters  houding in. Die twee teenoor hom se oë rek. Die messe verdwyn en hulle laat spaander.

<“So gedink,”> sê die man.

<“Jy is gelukkig,”> sê ’n growwe stem agter hom. Hy swaai om. Batman staan soos ’n standbeeld, nie meer as tien tree weg nie. <“Boks is ’n goeie wyse van verdediging. Maar nie die beste vir ’n mesgeveg nie.”>

Die man neem sy vrou in sy arms. Sy lyk minder geskok as verwag. <“Ek is moeg, Batman. Hulle kom weg met alles deesdae,”> sê hy sag.

<“Nie vanaand nie.”>

***

<“Meester Bruce? As u nie te besig is nie?”>

Dis belaglik maklik om die twee aan te keer en vir die GPD te los. <“Wat is dit Alfred?”> Batman swaai op na die dak van ’n kantoorgebou. Vind ’n skaduwee om in te verdwyn van enige oë.

<“’n Boodskap van Meester Clark.”>

<“Hy kon my sekerlik direk kontak?”>

<“Dit wil voorkom asof hy besig is met iets.”>

<“Hy is altyd besig met iets. Die boodskap?”>

<“Inligting. Dit lyk na die vragmanifes van ’n skip.”>

<“Ek is oortuig die belangrikheid daarvan is ooglopend?”>

<“Nie op die oog af nie, Meester Bruce. Dis eerder die feit dat *van* die vrag nie op die manifes verskyn nie.”>

<“Amper soos ons in Kaapstad opgetel het.”>

<“Net so, Meester Bruce. Hierdie een duskant Marokko.”>

<“Weer mensehandel?”>

<“Inderdaad. Maar ook twee houers met liggame.”>

Batman sak sy kop. <“Hoeveel?”>

<“Altesaam een en vyftig liggame.”>

<“Geen idee wie verantwoordelik is nie.”> Dis nie ’n vraag nie.

<“Die kaptein pleit onkunde en onskuld.”>

<“Natuurlik. Waar word die lyke gehou?”>

<“Die Marokkaanse regering het jurisdiksie geargumenteer.”>

<“Ek is op pad terug. Maak seker die Batwing het brandstof. En laat Barbara weet. Ek gaan weer van haar CIA kontak se hulp nodig hê vir ’n vinnige hervul of twee. Ek begin dink ek moet by die Lugmag aansluit na dese.”>

## 39

Aryana laat die perd sy gang gaan. Die Kaapse son is warm op haar skouers, die breë rand hoed vas met ’n toutjie om haar nek. Die plaas lê onder haar, groen en bruin in die oggendlug. Sy laat die perd staan, gly af om teen ’n rots op te klim. As kinders het hulle altyd hier gespeel. Hier waar hulle ouers hulle nie kon vind nie. Sy sit plat, trek haar knieë in onder haar ken. Die lug is stil. Maar die reuk en voel van die aarde raak haar sintuie.

Haar ma is dood amper tien jaar tevore. Sy moes vinnig grootword. Die plaas bestuur deur die tye wat haar pa weg was vir die werk wat hy doen. Die werk wat hy altyd so misterieus oor was. Wat uitgedraai het om niks meer te wees as om items bymekaar te maak nie. Items wat meestal as wapens gebruik kan word, verseker, maar op die ou einde is hy maar net nog ’n versamelaar. Vir ander mense. Ja, die geld is goed. Nie dat hulle dit nodig het nie. Die belangriker gevolg was die mense met wie hy in

aanraking gekom het. Steeds is. Die belangrike mense in die wêreld. Luthor. Stagg. En Wayne.

Sy lig haar ken. Wat het van Bruce geword? Alles het so mooi in plek geval. Die elektrisiteit tussen hulle was iets wat sy nog nooit ervaar het nie. Al die mans in haar lewe was daar vir die status. Die geld. Die mag wat haar posisie sou bring. Eerder, wat haar pa se posisie sou bring. Suksesvolle, internasionale besigheidsman. Meng met die groot name. Maar sy. Sy is en was maar nog altyd net die sosiale vlinder. Die mooi gesiggie.

Maar Bruce.

Sy weet sy is nie regtig verlief op hom nie. Iemand in haar posisie is nie bestem daarvoor nie. Sy glimlag, laat sak haar kop. Oë brand. Sy het altyd gedink aan haarself as ’n prinses. As kind. En moontlik het daardie gedagte bly vassteek, selfs al weet sy dis nie hoe die wêreld werk nie. Maar, indien sy dan nou met iemand moes trou om ekonomiese koninkryke te verenig, sou Bruce nie die slegste keuse wees nie.

Met haar nuwe posisie...

Wie weet. Dalk gebeur iets nog.

Beter nog. Sy sal dit laat gebeur.

Sy huil sagweg. Maar nie vir haarself nie.

40

<“My Frans is nie so goed nie,”> sê Batman in sy growwe stem[40]. Bruce Wayne aan die ander kant sou dit met gemak praat. Maar die twee kan nie oorvleuel nie. Mag nie. <“Ek hoop Engels sal aanvaarbaar wees.”>

Sy gids stel homself voor as Aamir Harrak, knik. Die mense om hulle staar na die donker figuur van Batman. Neem ’n tree of twee terug. Die legende is waar! Niemand betwyfel die egtheid van die man wat met die vloeiende mantel tussen hulle loop nie. Daar is net iets aan die manier wat hy loop. Hoe hy hom dra. Die vliegtuig in die vorm van ’n vlermuis wat tans in die oopte buite die gebou staan, het moontlik ook iets met die persepsie te doen.

As Bruce Wayne het hy die legendariese Blou Stad besoek in die verlede. Die gebou waarin hy hom nou bevind, is vêr verwyderd van die aanskoulike

[40] Die growwe stem is natuurlik deels om Bruce Wayne se identiteit te beskerm. Maar meer as dit, het Alfred hom geleer om sekere variasies in te werk sodat selfs ’n stem-herkenning program nooit sal optel wie sy alter ego is nie.

toeristeaantreklikheid. Meer offisieel. Hulle stap kliptrappe af na die kelder. Tussen die wyn fatte is ’n area oopgemaak en liggame lê in rye opgestel. Een en veertig. <“Ek sal graag die lyke wil ondersoek,”> sê Batman.

Aamir maak ’n uitnodigende gebaar.

<“Alleen.”>

Die twyfel oor Aamir se gesig verdwyn vinnig wanneer Batman stil na hom draai. Daar is iets uiters intimiderend aan die man met die vreemde masker. Aamir dryf die omstanders uit, so tussen die flitse van hulle foonkameras.

Batman gaan op alle sosiale platforms wees. Is reeds daar. Hy glimlag stilweg. Hy kan nou al van die kommentaar sien. Niemand glo nie. Dit kan nie Batman wees nie, hy is net bedrywig in Gotham. Eintlik bestaan hy nie eens nie. Dis ’n stedelike mite. Eintlik is dit net iemand wat so aantrek om volgers te werf. En honderde gaan uitwys hoekom die uitrusting nie eg is nie. Almal weet beter.

En dit pas hom. Hy wink Aamir terug waar hy die deure toestoot. <“Jy kan bly.”>

Hy haal apparaat uit twee van die houers aan sy nuts-gordel, skakel die komponente aanmekaar. ’n Sigbare straal vou oop en gly oor die liggaam voor hom. Skandeer. Stuur die inligting na die Grot. Dit gaan vinnig. Batman haal die apparaat uitmekaar, sit dit terug in die houers. Draai na Aamir.

<“Waar is die ander?”>

41

Christopher De Winter druk die knoppie op sy rekenaar. Die lêers word elektronies bymekaargemaak.

En aangestuur.

Hy trek die laai van die ou lessenaar oop. Die lessenaar het aan sy oupa behoort. Dalk nog aan sý oupa. Goeie vakmanskap. In die dae toe mense nog omgegee het. Trots gehad het.

Die silwer van die Magnum weerspieël sy oë vir ’n oomblik waar hy dit voor hom hou. Nie ’n merkie nie. Hy hou die wapen skoon.

Meeue skreeu deur die oop venster. Hy hoor die dreuning van die helikopter. Nie syne nie. Na die mense stadig begin verdwyn het deur die nag, het hy geweet wat gaan volg. Nie eens moeite gedoen om te vra nie. Om self op een van die bote te probeer klim wat hulle weggeneem het nie. Hy het hom eerder toegesluit in die studeerkamer.

Wonder of hy te lank gewag het. Die besluit was reeds geneem. Maar die uitvoering is moeilik. Want daar is geen terugtree nie.

Hy besef sy mond is droog. Sy hart klop asof dit wil uitklim. Hy skink ’n glas whiskey. Verstik so bietjie wanneer die vloeistof in sy keel af brand. Die lêers is gestuur. Hy maak die glas leeg.

Hoop sy dogter sal verstaan.

Betreur die feit dat sy hom nie gegroet het nie.

Die loop is koud onder sy ken.

Hy weet nie wanneer die vuurpyle die boot aan flarde skiet nie.

## 42

<“Is dit alles, Kuttler?”> Waller hou haar stem emosieloos. Yster. Soos hulle haar ken.

<“Ek verkies Calculator[41] wanneer ek werk,”> sê hy. Hy klink onseker. Weet wat sy by magte is om te doen. Hy het amper tyd in die Suicide Squad spandeer, maar Waller het besluit om sy talente op ’n meer *ad hoc* basis te gebruik. Wat ook beteken dat daar nie ’n einde is aan die gunste wat hy moet onderneem nie. Ten minste kry die lede van die Squat tyd af van hulle vonnisse. Maar, aan die ander kant, hoef hy nie ’n sel met iemand te deel nie. Kan hy voortgaan met sy werk. Geld maak.

<“As ek uitvind jy het enigiets gehou...”>

<“Ek weet van beter, Waller. Ek is nie dom nie. Ek het nie die beste lewe nie, maar ek het ’n lewe.”> En hy weet van beter. Waller het nie ’n probleem om iemand te laat verdwyn nie. En sy ken mense. Hoog en laag. Byvoorbeeld, sy ken vir Floyd Lawton[42]. En daardie psigopaat, Major Force[43].

Waller verbreek die kontak sonder om te groet. Haal diep asem.

En kontak Luthor.

## 43

---

[41] Noah Kuttler. Die Calculator. Amper soos die Oracle van die onderwêreld.

[42] Deadshot. Min tot geen mense is meer akkuraat as hy.

[43] Clifford Zmeck. Hy het ’n persoonlike probleem met Captain Atom gehad, maar ook sommer die Green Lanterns aangevat op ’n stadium. Het sy tyd met die Suicide Squat uitgedien na hy vele male gearresteer is. Hy het beheer oor, en kan energie manipuleer. Basies onkwesbaar. Superkrag. En nie heeltemal reg in die kop nie.

Aryana sit die selfoon versigtig neer op die tafeltjie. Die nuus is vol, alles oor die Intocável. Die skip het oorspronklik aandag getrek vir die tipe mense wat dit besoek. Die weelde. Die aansien. Die glans.

Die video geneem deur ’n nuus helikopter wys die brandende dek. Die skip lê reeds laag in die water. Op hierdie stadium geen nuus oor enige oorlewendes nie, maar die gerugte hardloop dat almal reeds veilig van die skip geneem is. Gerugte van probleme met die skip se masjiene wat moontlik die oorsaak was vir die vuur. Vir die ontploffings.

Sy weet van beter. Die oproep nou net met Mercy het dit bevestig.

Daar sal regsake wees voor sy amptelik oorvat. Dispute. Vingers wat gewys word. Maar sy het die ondersteuning van mense wat haar in haar nuwe posisie wil hê. Vir hulle eie doeleindes, sy weet dit. Maar hulle sal vind sy is nie so maklik manipuleerbaar nie.

## 44

Die skandering van die tien lyke vat weereens nie lank nie. Batman knip die houers op die geel lyfband toe. Hy het fisiese monsters ook geneem, veilig in houertjies aan sy lyfband. Dieselfde tegnologie wat hy aan De Winter voorgestel het. Voel of daardie gesprek jare terug plaasgevind het.

Hy laat Aamir toe om die eerste poging aan te wend. Draai met die beweging wat hy uit die hoek van sy oog sien. Die lem gly oor die versterkte panele van sy uitrusting. Sy greep op Aamir se gewrig laat beentjies knars. Hy draai die arm terug, hoor dieselfde beentjies breek. Die mes kletter op die vloer. Stywe vingers pons in die holte onder Aamir se borsbeen. Sy skreeu word kortgeknip en hy sak neer op die vloer, snak na asem.

<“Ek weet jy gaan nie vir my sê wie die opdrag gestuur het nie. Maar voel dit is nodig om ’n poging aan te wend.”>

<“Ek sal nooit sê nie,”> snak Aamir. <“Jy maak nie dood nie. Ek het niks om te vrees nie.”>

<“Dis waar, ek probeer om lewe te spaar,”> sê Batman. Hurk voor hom. <“Maar ek hoef nie te dood om ’n boodskap oor te dra nie. Daar is baie bene in jou liggaam.”>

## 45

<“Ek tel twintig,”> sê Superman. Hy loer oor sy skouer. <“Hulle het mediese behandeling nodig.”>

<“Twee en twintig,”> sê Batman. <“Twee het dit reggekry om weg te strompel terwyl ek besig was om hulle vriende te vermaak. Bietjie slimmer as die res. Almal het gedink hulle het ’n kans. Dit was onregverdig. Teenoor hulle.”>

<“Teenoor die twee?”>

<“Almal.”> Batman gee hom ’n stil kyk. <“Jy hét die deure weer toegemaak?”>

<“Die mense daarbuite voel effe ontstig. Voel soos ’n internasionale insident. En Teologies.”>

<“Teologies?”>

<“Sprake van ’n demoon. In swart. Met ore...”>

Batman draai weer in sy rigting.

<“Maar ek het die deure toegemaak. En versterk. Van binne. Hulle is nou veilig daarbuite.”>

<“Dankie dat jy gekom het op kort kennisgewing. Ek weet jy is ook besig.”>

<“Hierdie is deel van iets wat ek oopgekrap het.”> Hy glimlag. <“Ek voel verantwoordelik in ’n mate. My oorspronklike idee was om op die skip te bly en te sien wie die spesifieke vraghouers optel.”>

<“Maar toe is daar ’n internasionale insident. Dis die blou en rooi.”>

<“Hierdie keer stem ek saam.”>

<“Ek wil jou iets wys.”> Batman lei hom teen kliptrappe af na ’n swaar, eertydse houtdeur wat met metaal versterk was. Van die metaalstukke hang nog aan die kosyne, die res van die deur lê verstrooid oor die vloer. Superman sê niks, stoot deur die oorblyfsels na die vertrek aan die ander kant. Hy gebruik sy sintuie om die donker te verdryf. En probeer om die reuk te vermy.

<“Hulle het hierdie probeer wegsteek,”> sê Batman. <“Kyk hier.”>

Superman betrag die merke oor die koppe van die lyke. <“Nano tegnologie. Steeds teenwoordig in klein hoeveelhede in die brein. Maar net in die brein. Dit het nie versprei na die res van die liggaam nie.”>

<“Dis wat ek gedink het. Aktief?”>

<“Nee. Is dit hoekom jy my nodig gehad het?”> vra Superman met ’n glimlag.

<“Jy is vinniger as om te wag vir uitslae.”>

<“En hier dink ek ons vriendskap is so belangrik vir jou.”>

Batman  maak ’n geluid deur sy neus. <“Brainiac tegnologie?”>

<“Wil so voorkom. Of soortgelyk. Maar oud. Ek dink nie dit is oorblyfsels van die onlangse inval nie.”>

<“Jy het genoem iets is moontlik gesteel uit daardie CADMUS laboratoriums.”>

<“Kan wees. Lobo se teenwoordigheid was veroorsaak deur die wapens. Nie die inhoud van die laboratoriums nie. Dit kan wees dat die huursoldate wat nou oral opspring in ons lewens dalk iemand vergesel het wie iets gaan soek het daar. Met die wete dat CADMUS ook tegnologie opgegaar het. Anders as hulle eksperimente.”>

<“Of eksperimente gedoen het met gevinde tegnologie. Hierdie wonde is oud. Moontlik ’n jaar of ouer.”>

Superman knik. <“So daar is ’n verband tussen die tegnologie en die mense wat ontvoer word. Eksperimente.”>

<“Lyk my na die raakpunt. Maar nie almal hier was onderhewig daaraan nie.”>

<“Moontlik is verskeie eksperimente op verskillende mense uitgeoefen. Ons sien net die sigbare bewyse aan dié.”>

Batman  knik instemmend. <“Dis waar. Ek sal wag vir die uitslae, maar die teorie dra waarde.”> Hy draai na die Kryptoniaan. <“Al daardie jare as ’n verslaggewer help jou nogal.”>

Superman haal sy skouers op. <“Dis wat ek doen.”> Hy vat Batman aan die skouer. <“Laat ek jou hier uitkry sonder verdere bloedvergieting. Of internasionale insidente.”>

<“Ek dog dis wat ek gaan doen. Vir jou.”>

46

Amanda Waller staar na die beeldmateriaal. Sy het ’n sterk gestel. Het dood al baie gesien. Is die oorsaak van vele. En dis nie asof sy sal skroom om die lewe van kinders te laat neem nie. Vir die beswil van die meerdere. Maar hierdie. Haar hand druk oor haar mond.

47

<“Resultate, Meester Bruce?”> Alfred plaas ’n skinkbord op die rekenaar bank.

<“Juffrou Barbara.”> Hy oorhandig ’n klein bordjie aan haar.

<“Kaasburger, Alfred?”> glimlag sy.

<“Ou familie resep. Meester Damian is ’n groot aanhanger.”>

<“Jy is oorspronklik van Brittanje, Alfred. Julle ken nie van burgers nie.”>

<“Ek staan gekorrigeerd, Juffrou Barbara. Die resep is egter steeds ’n familie resep.”>

<“Hoe kan dit anders wees as...”> Sy neem ’n hap.

Alfred knik net stilswyend wanneer sy woordeloos verder eet.

<“Die resultate is teenstrydig,”> antwoord Bruce op Alfred se vraag. Hy is geklee in ’n donker sweetpak. <“Dit lyk eerder of die resultate nie is wat die mense verwag het wat die eksperimente uitgevoer het nie. Die oorsaak van die dood van elkeen is die gevolg van die tegnologie. Selfs die wat dood is aan skietwonde of gif, was blootgestel aan een of ander nanotegnologie.”>

<“Die mense se stelsels kon dit nie hanteer nie?”>

<“Dis wat Clark ook dink.”>

Barbara praat om ’n mond vol. <“Brainiac se hele doel van bestaan is om ander te beheer. Meestal sluit dit ’n samesmelting met sy tegnologie in. Hy voel hy doen goed deur die inligting van samelewings te bewaar. Al moet hy genoemde samelewings uitroei vir daardie doel.”>

<“Die *Borg* van Star Trek,”> sê Alfred saaklik.

Bruce en Barbara gee mekaar ’n kyk. <“Seker so iets,”> gee Bruce in. <“Nog nooit so daarna gekyk nie, maar jy is reg.”> Hy onderdruk ’n glimlag. <“Ek het nie gedink jy is ’n Trekkie[44] nie.”>

<“Die waarheid is soms vreemder as fiksie. Net omdat ek Brits van oorsprong en formaat is,”> hy gee Barbara ’n melodramatiese kyk langs sy neus af, <“beteken nie ons kyk net Doctor WHO op die televisie nie.”> Alfred neem die leë borde.

<“Ek dink dis die beheer wat ons hiermee te doen het,”> sê Bruce. <“Wat moontlik kan deurtrek na die besigheidsmense wat verdwyn het.”> Bruce sit terug met hande agter sy kop gevou. <“Die Brainiac tegnologie. Die mensehandel. Die verdwyning van sakemense.”>

<“En de Winter sit daaragter?”>

<“Ek dink hy is slegs deel daarvan. Maar nie deel van die groter prentjie nie. Sy dood blyk ’n besluit te wees om hom van die bord af te haal.”>

<“Iemand wou hom stilmaak,”> stem Barbara. <“Ek het begin kyk na sy besighede. Sovêr is die internasionale handel en reise die enigste verbinding.”>

<“Geskik vir rondsoek. Van welke aard ook al.”>

---

[44] Star Trek aanhangers.

Hulle sit in stilte. Die spanning het niks te doen met die huidige saak nie.

<“Wanneer gaan julle?”> vra Barbara sag, haar hande geklem in haar skoot.

Alfred staan doodstil aan die kant. Sy eie gevoelens diep weggesteek.

Die Green Lantern Oorlog het ’n punt bereik waar die Superhelde van die Aarde gaan toetree. Wat beteken die Aarde is in die spervuur

<“Môre,”> sê Bruce. Staan op. <“Hou ’n ogie hier vir my.”>

Barbara se hand rus op Bruce s’n in die verbystap. <“Wees versigtig Bruce.”>

## 48

Drie weke later.

Diana[45] gaan sit langs Batman op die waarnemings dek van die League Toring. <“Ons het goeie werk gedoen,”> sê sy. Moeg.

Batman staar stil na die Aarde onder hulle.  Die versterkte glasmuur, die enigste skeiding tussen hulle en die dodelikheid van die ruimte. Die Aarde is gedeeltelik in nag omhul. Liggies van stede die enigste teken van die lewens daaronder wat hulle gered het. Of beskerm het. Die Green Lantern oorlog het op ’n skietstilstand geëindig[46]. Die Superhelde van die Aarde het saamgestaan met die Justice League, onder die strategiese beplanning van (grotendeels) Batman.< “Ons het,”> sê hy. <“Nou om weer terug te keer na die werklikheid.”>

<“Dit ís die werklikheid, Bruce.”>

Hy staan op. Staan amper met sy neus teen die glas. <“Ons het verskeie werklikhede. Soms moet ons weer besef waarvoor ons alles doen.”>

<“Vir die mense.”>

<“Vir die mense,”> beaam hy. <“Maar soms is dit moeilik om perspektief te behou. Jy en Clark en Hal en Carter[47], julle sien die heelal. Julle veg teen spesies waarvan die mense hieronder nie eens van kennis dra nie. Julle veg teen gode.”>

<“Ons,”> korrigeer Diana.

<“Die mense probeer ’n lewe uitkrap. Dag na dag. Eet. Werk. Kinders grootmaak. Dis nie maklik nie.”>

<“En ons beskerm hulle sodat hulle dit kan doen. Dit is ons werk.”>

---

[45] Wonder Woman, onthou?

[46] Die avonture van die Green Lantern Oorlog en die Aarde se Superhelde word in ’n ander storie gevolg.

[47] Carter Hall. Hawkman. Sy Thanagariaanse agtergrond tesame met ’n aaneenlopende reïnkarnasie plaas hom ook op die lys van interplanetêre Superhelde.

<“Hoekom is dit ons werk?”>

Sy kyk onderlangs, bekommerd, na hom. <“Werk. Roeping. Verantwoordelikheid. Wat pla jou, Bruce?”>

<“Maar hoekom? Niemand het ons gevra nie. Niemand betaal ons nie.”>

<“Ek is as deel van adelstand grootgemaak. So ook Arthur[48]. Geld is nie die beweegrede nie.”>

<“Ek praat van mense op die grond. Green Arrow. Flash. Mense wat ’n besluit geneem het om te help. Eerder as om vir eie gewin hulle kragte te gebruik. Jy en Arthur is grootgemaak met ’n pligsbesef om julle eie mense te lei. Te versorg. En daardeur is dit maklik om ook ander te beskerm.”>

Diana weet van beter as om Bruce as voorbeeld te gebruik. <“Ek verstaan jou vraag. Ter antwoord...”>

<“Indien jy daaraan dink om ’n karakter genaamd Ben[49] aan te haal uit ’n strokiesprent, gaan ons vriendskap erg skade lei.”>

Sy lag lekker.< “Ek het wel ’n aanhaling in gedagte, maar ek sal nie daardie een gebruik nie. Eerder een van ’n Lord Acton?”>

“’All power tends to corrupt, and absolute power corrupts absolutely,’” sê hy. <“Dit is basies die ander kant van Ben se aanhaling.”>

<“Maar moontlik maak dit meer sin? In ons omstandighede?”>

<“Hoe so?”>

<“Die teorie dat ons die rede is vir die bestaan van ons vyande.”>

Hy sê niks.

<“My siening is ons kan sien wat die gevolge sal wees. Indien ons net eiebelang nastreef. Ons sien dit in die optrede en gevolge van ons vyande. Geen ag vir lewens. Onderdrukking.  En ons veg daarteen, innerlik en uiterlik. Ek dink ons word benodig. Elke dag. Ons maak ’n verskil in mense se lewens. Mense wat dalk nie hulleself noodwendig uit ’n situasie kan kry nie. Ek dink ons is verantwoordelik vir ván die tragedies. Sekerlik wanneer ons skade veroorsaak en lewens in gevaar stel met ons gevegte, maar grootliks is ons optrede tot die voordeel van mense. Red iemand uit ’n brandende gebou. Help in omgewings waar aardbewings skade op groot skaal veroorsaak. Die polisie is sekerlik nie die rede hoekom daar kriminele is nie? Die brandweer is nie die rede vir brande nie? Ons is die antwoord, nie die oorsaak. Die



[48] Arthur Curry. Aquaman. Koning van Atlantis.
[49] Daar is comics in hierdie wêreld, so hoekom nie Spider-man nie?

wêreld sou anders wees sonder enigeen met superkragte. Maar dit is die wêreld waarin ons leef. En ons moet die beste daarvan maak.”>

Hy staar na die Aarde.

Sy gaan staan langs hom. Waardeer die prag van die planeet vanaf hierdie perspektief. <“Jy het een van twee keuses, as ek my opinie mag gee.”>

<“Dis hoekom ons gesels.”>

<“Jy hang die mantel op en wees Bruce Wayne. Help mense met jou geld soos jou pa gedoen het. Want dit is in jou natuur om te help. Of jy behou die balans tussen Bruce Wayne en Batman. Help mense op verskeie vlakke. Dis nie maklik nie. Nie vir enige van ons nie.”> Haar hand is op sy arm.

Hy draai na haar.

<“Die Green Lantern Oorlog het ’n tol geëis. Op almal. Meer so op jou. Dit kon nie maklik wees om ’n ring op te neem nie. Al daardie mag. Ons het dit gesien. Dis nie maklik om dit weer op te gee nie. Maar jy het. Niemand oordeel jou nie, Bruce.”>

Bruce trek sy arm weg van haar aanraking, plaas beide sy hande op haar skouers. <“Dankie Diana. Jou opinie is altyd belangrik. En jou vriendskap opreg waardeer.”>

Sy glimlag op na hom. <“Jy het ’n geleentheid nodig na die Aarde? Aangesien jy nou net weer ’n gewone mens is?”>

Batman grinnik. <“Ons ken mekaar lank genoeg, Diana. So ek weet jy sal nie aanstoot neem indien ek eerder iemand anders se vlieg vernuf vertrou om my veilig tuis te besorg nie.”>

## 49

Vir ’n week leer die inwoners van Gotham dat Batman terug is. Sewe en dertig rowe. Drie groot bankrowe. Drie en twintig gryp diefstalle. Veertien dwelmhandelaars. En dit is net dié waarvan die media te hore gekom het.

Die misdadigers sidder.

## 50

Sonder om so af te spreek, doen Superman presies dieselfde. Kleiner misdade. Die man op die straat is weer bewus van die Kryptoniaan se teenwoordigheid. ’n Skoolbus wat in ’n meer beland. ’n Ontploffing in ’n gasfabriek. ’n Brug wat inmekaartuimel. Superman is orals. En help almal.

Die misdadigers sidder.

51

Batman parkeer die Bat-mobiel. Trek die masker af en stap stadig na sy werkstasie. Die groot skerms flikker. Damian sit in een van die stoele. Hy is nie in uniform nie.

<“Iets waaraan jy werk?”> vra Bruce.

’n Nuusberig oor die afloop van die Green Lantern Oorlog, word bespreek deur ’n paneel van kenners op een van die syskerms. Die nadraai. Die effek op die mense. Dit was dalk nie op die Aarde self nie, maar die gevolge is ’n werklikheid.

Dis nou ook twee maande na die De Winter ondersoek niks verder opgelewer het nie. Die myn is heropen in Nigerië, hoewel kortstondig. Sabotasie. Politieke druk. Iemand wil hulle weghou. Dis egter nie ’n geslote saak nie. Hy is seker iets gaan weer opduik. Ander sake kry aandag. ’n Nuwe bende het begin naam maak in Gotham. Versprei dwelms wat hallusinasies teweegbring. Te naby aan Scarecrow se metodes om te ignoreer. Dalk oorblyfsels van sy vorige pogings. Dalk Scarecrow self. Na ’n groot geveg met een van die groot Super Misdadigers, val iets altyd deur die krake. Iets wat die Polisie nie optel nie. Iets wat weggesteek bly. Tydelik. Damian vat punt op hierdie een, maar die bende is slim genoeg om nie té openlik bedrywig te wees nie. ’n Paar gebreekte ribbes hier. ’n Paar gebreekte arms daar. Dit neem tyd in beslag om agter die kap van die byl te kom.

<“Dit gaan stadig,”> sê Damian. Wissel die skerms na die saak wat hy ondersoek. ’n Kaart met liggings van bekende dwelmsmouse. Gerugte wat hy nog opvolg. <“Maar ek het iets anders opgetel wat nogal interessant is.”> ’n Ondeunde trek op sy gesig.

Die beeld vervang die data op die groot skerm. ’n Aanbieder is besig om agtergrond te gee. Die Daily Planet se embleem is onder die inligtingstrook wat oor die skerm loop. Die beeld skuif na Clark Kent wat ’n onderhoud voer met ’n bedremmelde Bruce Wayne, toegevou in ’n kombers.

<“Dis ou nuus,”> sê Bruce. Beweeg nader om die skerms te wissel.

Damian spring op. <“Wag, dis die beste deel!”>

Clark se onderhoud gaan voort. <“...en hoe voel jy oor die feit dat Sosiale Media ’n held van jou maak?”>

Op die skerm vryf Bruce selfbewus deur sy woeste hare. <“Ek het net probeer oorleef. Ek is nie ’n held nie.”>

<“Maar jy het drie dae in die oseaan oorleef. Dit is iets besonders.”>

<“Ja, wel. Die feit dat ek dronk oor die reëling van ’n skip geval het, sê dalk anders.”>

Clark hou ’n hand op in ’n kyk-nou-net gebaar. <“Dronk en in die middel van die oseaan. Miskien gaan hulle ’n fliek maak.”>

<“Gaan ’n kort een wees. Geen spesiale effekte. Net water.”>

<“Hoe het jy oorleef?”>

Bruce vryf weer deur sy hare. <“Ek was swemkampioen op skool.”> Hy haal sy skouers op, grinnik. <“En ek het ’n bottel whiskey saam oor die reëling gevat. Dit het my twee dae aan die gang gehou. ’n Vissersboot het eers ’n dag dáárna opgedaag. Na die bottel leeg was. Langste dag in my lewe. Ek het letterlik niks gehad om te doen nie. Vir die loop van ’n dag. Jy besef nie hoe lank ’n dag kan wees nie! Na ek opgetel is moes ek wag om by die beskawing weer aan te sluit. Die dorpie is vêr van alles. ’n Bus ry eenkeer elke twee weke daardeur. Geen ander voertuie. Hulle enigste donkie het sy been gebreek. Ek het niks gehad om te doen nie. Leer toe maar om vis te vang en vis voor te berei. Ek gaan moontlik ophou vis eet vir die volgende twintig jaar. Sushi is die eerste ding wat wegraak vanaf my spyskaart. Die reuk van rou vis! Ek kan nie meer nie. Ek gaan behandeling moet kry.”>

Die beeld verander na die ou paartjie met ’n selfs ouer boot agter hulle. Die boot was eens wit en blou, die afgeskilferde verf slegs ’n aanduiding . Nou pryk dit in skakerings van natuurlike hout. Hulle praat sukkelend, met ’n swaar aksent. Niemand kan ’n woord verstaan nie. Die onderhoud met hulle sterf ’n vinnige dood.

<“Dis ou nuus,”> herhaal Bruce. <“Weke terug al uitgesaai.”> Hy en Clark het dit bewimpel voor hulle die Green Lantern Oorlog aangepak het. Net om Bruce Wayne se gesig weer in die openbaar te kry. Vir ’n oomblik. Uiteraard het die drama van die ondervinding die arme Bruce Wayne met soveel trauma gelaat, hy moes vir weke ontspan en homself weer vind, buite die sig van mense en die media.

<“Maar steeds snaaks,”> verkneukel Damian homself. <“Wie is hulle? Regtig?”>

<“Die ou mensies? Twee vissers van ’n kusdorpie aan die Suid-Afrikaanse kus. Baie gawe mense.”>

<“Ek verstaan nie wat hulle sê nie.”>

<“Sy het oor ’n resep gepraat wat van haar oumagrootjie af oorgedra is.”>

<“Baie amusant,”> sê Alfred droogweg. <“Sal Meester Bruce aandete benodig?”> Hulle draai na Alfred wat stilweg verskyn het.

<“Dit sal aangenaam wees,”> sê Bruce. <“Ons kan in die huis gaan eet vir ’n verandering.”>

<“Daar is skerms in die huis ook,”> lag Damian.

<“Maar nie so groot soos hierdie nie,”> sê Bruce.

52

Jim Gordon[50] trek aan die dooie pyp in sy mond. Hy probeer regtig hard om nie te rook nie. Voel die pyp is dalk nie heeltemal *rook* nie. Nie wanneer dit *nie* aangesteek word nie. En hy weier om die Vape ding te doen. Daar is net iets fundamenteel verkeerd daarmee. Die reën verwater sy sig, stroom oor sy bril. Maar hy weier ook om ’n sambreel rond te dra. Dis nie dat hy homself jammer kry nie, jy oorleef nie in Gotham met so ’n uitsig oor die lewe nie. Eintlik is hy maar net in ’n slegte bui.

<“Jy gaan longontsteking kry. Jy is nie meer ’n jong man nie,”> sê Batman.

Gordon draai na die rigting van die stem. Die donker figuur was nie daar ’n paar sekondes vroeër nie. <“Jy klink soos Barbara.”>

<“Barbara klink of sy weet waarvan sy praat.”>

<“Jy sál saamstem, ek is seker.”> Gordon sit die pyp in ’n baadjiesak. <“Ek het iets vir jou.”>

<“Ek het so aangeneem.”> Batman wys nie na die lig wat sy kenteken teen die wolke weerkaats nie. Wanneer Gordon in so ’n bui is, is sy sin vir humor nêrens te sien nie.

<“Kom ons gaan na binne.”>

Hulle neem die trappe vanaf die dak na die warmer kantore. Batman kry respekvolle knikke van die paar beamptes wat hulle sien. Hy onthou die ouer dae waar elkeen hom sou probeer arresteer het. Hulle stap in Gordon se kantoor in. Die lessenaar is amper sigbaar onder die lêers en dokumente. Gordon oorhandig ’n pakkie wat toegedraai is in plastiek. Dit is net groter as die palm van sy hand. <“Die koerier was baie spesifiek. Net in jou hande.”>

<“Ek gaan aanneem daar is nie ’n adres om dit terug te stuur nie.”>

Gordon maak sy keel skoon.< “Ek was dalk ’n bietjie vrygewig met die titel van koerier. Dit was iemand van die straat wat ’n paar dollar gegee is in die hand.”>

[50] Kommissaris van Polisie, Gotham.

Batman haal ’n apparaat uit een van die houers op sy nuts-lyfband. <“Ek neem aan julle het klaar gekyk vir plofstof of enige ander gevare.”>

<“Natuurlik.”>

<“Ek maak net seker.”> Hy skandeer die pakkie.

<“Ek sou teleurgesteld wees andersins,”> mompel Gordon.

<“Ek sal laat weet indien dit Gotham se beste se aandag nodig het.”>

## 53

Die Gotham Kloktoring is nader as om al die pad na die Grot te ry. Barbara se vingers vlieg oor die toetsbord. <“Die De Winter materiaal wat deur die virus uitgewis is.”>

<“Hierdie is dieselfde dokument?”> vra Batman.

<“Dit is soveel meer. Waar het jy dit gekry?”>

<“Iemand wat anoniem wil bly.”>

<“Hier is beeldmateriaal. Foto’s.”> Sy roep dit op op ’n syskerm. <“Hierdie is verskriklik.”> Sy vergroot sekere tonele. <“Dit is kinders daardie!”>

<“Eksperimente. Stem ooreen met die lyke wat Superman in die Russiese myn buite Chita gesien het. Marokko. Ook die wat uitgegrawe is aan die onderkant van Nigerië.”>

<“Kyk hier.”> Barbara skuif ’n lêer oor na ’n ander skerm. Sy vergroot ’n gedeelte, <“’n Verslag oor die resultate.”> Hulle lees saam.

<“Gedeeltelike sukses met kinders,”> sê hy.

<“Mense word ontvoer – en kinders – vir die eksperimente.”> Sy gaan deur die verslae. <“Maar dis nie die doel van die Intocável self nie. Nie die ontvoerings nie.”>

<“Moontlik. Kan jy kyk vir polisieverslae van vermiste persone. Min of meer dieselfde tyd waar die Intocável in die omgewing was?”>

Haar vingers gly weer oor die toetsbord. <“Ek sal eers die Intocável se reisplanne moet kry...”>

<“Ek is seker dit sal nie moeilik wees vir jou...”>

<“...en daar is dit. Nou net om die Polisieverslae te trek.”> Haar vingers ratel oor die toetsbord. <“En daar is dit ook.”>

Hulle bestudeer die inligting. <“Besliste raakpunte. Lyk of hulle werf wanneer hulle die kus besoek.”> Batman wys na die data op die skerm met ’n vinger. <“Die ontvoerings blyk ’n week of so plaas te vind na die Intocável weer verder seil.”>

<“Neem die suspisie weg van hulle. Ander bene van die organisasie wat die ontvoerings hanteer.”>

<“Dis ’n duur uitstappie. Maar plaas hulle ook in ’n geskikte posisie om enige sprake van onwettige tegnologie na te volg.”>

Hulle lees in stilte.

<“Soek vir iets oor die putte.”> stel Batman voor.

<“Kom ons kyk.”> Hulle werk deur die materiaal. Kry die verwysing in ’n lêer, half weggesteek.< “Hierdie lyk meer na persoonlike lêers as iets amptelik.”>

<“Nege putte,”> sê hy. Sy oë hard.

Hy tik op die skerm waar ’n kaart oop is. <“Wat is dit daardie? Naby daardie verwysing?”>

<“Dis amper tweehonderd myl weg van ’n myn. Die myn is een van hulle stortingsgronde. Maar hierdie lyk na ’n werkende plaas. Of laboratorium? Dit is in Australië. Seker ’n goeie plek om te verdwyn. Of dinge weg te steek.”>

<“Hierdie inligting lyk amper te goed om te glo.”>

<“Lokval? Jy wonder sekerlik wie hierdie vir jou op ’n skinkbord gee.”>

<“Lokval of nie. Dit gaan baie goed beskerm word.”> Hy sit terug. Vryf sy hande deur sy hare. <“Die beste is dat hulle dalk nie eens besef ons ondersoek hulle nie.”>

<“Tensy dit ’n lokval is,”> wys sy weer uit. <“Indien nie, gaan ons moet vinnig beweeg. As dit bekend word dat hierdie inligting uitgekom het...”>

<“Stem. Ek gaan die nag jag. Wil nie heeltemal in daglig daar uitslaan nie.”>

## 54

Die Batwing dreun deur die Australiese nag. Kanse vir die plaaslike Lugverkeer om hom op te tel, is uiters skraal. Tensy iemand hom met die oog waarneem. En selfs dan is die moontlikheid vir die plaaslike Polisie of Weermag om kennis te kry amper nul.

<“Superman inkomend,”>  sê die rekenaar in ’n emosielose stem.

Die donker figuur beweeg langs die vliegtuig in. Superman waai met een hand. Batman beduie. Superman hou ’n duim op in antwoord, beweeg tot net bo die Batwing en volg hom verder.

***

<“Ek begin negatiewe gevoelens teenoor myne koester,”> sê Superman, sy oë skrefies. <“Ek sien ’n hoofskag en ’n paar sy skagte. Areas tussenin.”>

<“Bly by die patroon. Hulle het ’n wenresep en wil nie afdwaal nie.”> Batman spring uit die swart vliegtuig, land lig op sy voete. Hulle het binne die omheining geland. Vreemd genoeg is daar geen wagte nie. Geen sekuriteit toestelle nie. Niks werkend nie, ten minste. Die Batwing se instrumente, van die mees gevorderdste op die planeet, het niks opgetel nie. Superman het self ’n paar keer oor die area geswiep, net om seker te maak.

<“Ek is nie verbaas nie. Wanneer iets werk, hoekom dit verander?”> Superman vee sy mantel na agter. <“Sal ons?”> Hy gee die omgewing weer ’n vinnige besigtiging. <“Steeds niks.”>

<“Vreemd. So asof alles af is vir ons onthalwe.”> Batman stap oor na die plat, blokkerige gebou. Enige uitwendige tekens van mynbou is afwesig. Superman sweef nader. Sy mantel wapper lui.

Die gebou bevat ’n massiewe, versterkte beton ingang. ’n Dooie elektroniese paneel aan die een kant. Twintig sekondes later staan beide aan die binnekant.

<“Interessant,”> sê Batman, nagvisie lense in plek.

<“Nogal,”> beaam Superman.

Die vertrek, want die gebou is basies een groot vertrek, staan leeg. Nie eens meubels nie.

<“Wat sal die rede wees vir die gebou?”> Superman gebruik sy sintuie om verder ondersoek in te stel.

<“Dalk is dit net die ontvangs. Die ontvangsklerk is dalk op verlof.”>

<“Humor?”>

<“Sekerlik nie. Lyk na ’n laaisone. Die deure is wyd en hoog genoeg om vragmotors toe te laat.”> Hulle stap dieper in. Die gebou is die lengte van ’n voetbalveld. Net ’n wye, plat sementvloer.

<“Skoon,”> sê Superman. <“Hulle maak dit chemies skoon. Maak seker daar is nie DNA êrens nie.”>

<“Ek is seker iets kan opgetel word. Iets glip altyd deur.”>

<“Neem jou tyd,”> grinnik Superman.

<“Later.”> Batman stap reeds na buite. <“Die myn?”>

Superman dryf weer in die lug op, gebruik sy visie om enige onmiddellike beweging waar te neem. <“Steeds stil. Dalk nie ’n lokval soos jy hoop nie.”>

Hulle beweeg na die ingang van die mynskag. Swaar metaaldeure rammel teensinnig oop met Superman se hulp. Massiewe opwekkers aan die linkerkant. ’n Werksarea met velerlei donker skerms aangrensend. Hulle beweeg dieper in tot hulle by die hoof skag aanland. ’n Hyser hang dood oor die opening.

Superman tuur in die donkerte af. Dek die ondergrond met sy visie. Sien iets wat sy lippe laat saampers. <“Hierdie is nie mooi nie.”>

55

Batman gly teen die lyn af. Superman sweef afwaarts, ’n entjie bo hom. Batman laat die lyn losskiet. Die gryphaak katrol outomaties in. Hy skuif dit terug op sy nuts-gordel, volg Superman wat in ’n sytonnel inbeweeg.

<“Hoe vêr?”>

<“Nie vêr genoeg,”> sê Superman stil.

Hulle bereik swaar deure wat die tonnel afsluit. Metaal met roesvlekke. Maar nie minder imponerend nie.

<“Lood?”> vra Batman.

<“Nee. Maar geen lewe aan daardie kant nie.”> Superman slaan ’n hand deur die metaal, gevolg deur die ander hand, vat die kante vas. Metaal skreeu met die oopvou. Hy skep ’n opening groot genoeg om deur te stap, tree terug.

Batman beweeg ligvoets deur die opening. Hy onttrek ’n flits van sy nuts-gordel, skakel die nagvisie af. Hy het ware lig nodig hiervoor. Dit lyk na ’n ou tronk. Tweede Wêreldoorlog. Geroeste tralies oor beton inhamme aan beide kante. Die gebroke sement paadjie wat hulle volg ontbloot rou rots op plekke. Hy flits in elke sel, maar dit is duidelik al lankal in ongebruik. Die gang lei na ’n groter area wat soos ’n ontvangskamer lyk. ’n Halwe lessenaar staan teen die een muur, hout reeds opgevreet deur tyd en insekte. Die metaalkaste verwronge en skeef. Dit is die enigste meublement. Twee deurgange aan die ander kant van die vertrek. Batman loer deur die deur wat skeef hang aan die linkerkant. Stoorkamer. Die deure aan die regter kant lyk na breë hospitaal deure, glas gekraak. Dit kerm oop oor die growwe vloer. Gebreekte teëls. Verskeie hospitaalbeddens. Draagbare beddens met vermiste wiele. Mediese apparaat wat rondstaan en van die plafon afhang. Lankal nie meer in gebruik nie.

Superman beweeg deur die area. <“Lyk nie of dit in die afgelope paar jaar gebruik was nie, maar die tegnologie is só oud nie.”> Hy wys in die rigting van verdere deure na agter. ’n Elektroniese slot gloei groen in die donker.

<“Kan dit nie regtig mis nie,”> sê Batman.

<“Nee. Kan nie.”>

Batman gee Superman ’n vinnige kyk, stap nader en werk aan die toestel. Na ’n oomblik verkleur die skermpie en die deur meganisme spring hoorbaar oop. <“Jy weet reeds wat hier agter is?”>

<“Ek weet reeds,”> sê Superman sag.

Batman druk die deure oop om self te sien.

56

Amanda Waller kyk geïrriteerd op. Die biep-biep se oorsprong is vir ’n oomblik iets wat sy nie kan peil nie. Dit biep anders as die bieps waaraan sy gewoond is. ’n Ou waarskuwingsein? A.R.G.U.S.? Checkmate? Haar geskiedenis met die internasionale spioen organisasies bring weereens ’n wrang smaak in haar mond. Nie die beste tye nie. Die Suicide Squad het haar ook menigmaal in die verleentheid gebring, maar dit is gebalanseer met oorkoepelende suksesse. Maar wat is dit hierdie? Sy vind ’n selfoon, weggesteek in een van die lessenaar laaie. Een van daardie ou Motorola’s. Sy klap dit oop. ’n Kode gloei in groen oor die skerm. Sy swets. Die kode is so geformuleer om gedeeltelik ’n posisie van ’n kantoor te dui.

Sy stap na buite. Die vars lug ’n irritasie. Die stap doen haar geensins goed nie. Sy is nie gebou vir stap nie. Sy stap na ’n aangrensende vleuel. Deure suis oop voor haar en sy stap na binne, neem ’n hyser na onder. Sy is die enigste persoon wat toegang het tot die onderste drie vloere. ’n Retina-, asook vingerskandering dien as sleutel. Sy betree ’n steriele area. Ou rekenaars staar haar aan soos weggegooide mannekyne. Sy skuif agter een van die skerms in. Die rekenaar vat ’n eeu om op te warm. Hoekom het hulle nie net al die ou stelsels oorgedra na die *nuwe* stelsels nie? Maar sy weet hoekom. Dit is beter om sekere inligting in ’n hoekie te hou. ’n Donker hoekie waar niemand anders dit sal optel nie. Sy open die program. Tik die kode in wat op die Motorola se skerm verskyn het. Swets weer. Australië. Die data lyn oor die skerm. Sy frons. Hierdie is ’n ou operasie. Lankal onder die mat gevee. Sy maak haar oë toe vir ’n lang tydperk. Kru taal het net nie meer die regte uitwerking vandag nie. Sy wik en weeg. Want die waarskuwing het te doen met die lêer wat sy vir Gordon gestuur het. En spesifiek met die ligging wat Luthor haar gewaarsku het om ’n oog oor te hou.

Wat beteken Batman is betrokke. Soos sy beplan het. Maar sy het nie gedink daar sal nog ’n ou waarskuwingstelsel in plek wees nie. Hoe staan die kanse? Sy het

seker gemaak al die sekuriteitstelsels is af. Het nie die lyn deurgetrek na een van hulle eie projekte nie. Oud en afgesluit soos dit mag wees.

Maar nou is daar elektroniese vingers wat na haar kan wys. Miskien tel niemand dit op nie. Maar die risiko Iets wat sy nie kan bekostig nie. Indien Luthor dit enigsins uitvind, is sy dood.

Dinge kan egter steeds uitwerk. Die operasie sal steeds oopgevlek word. En die kollig sal weg van haar gevat word indien sy’n waarskuwing ook rig aan die ander kant.

Sy maak die oproep.

57

Twee Chinooks donder deur die Australiese nag. Nick Johnson probeer die cliché afskuif van sy skouers deur die sigaar op die metaalvloer uit te trap. Hy trek die ligte pantser uitrusting reg. Nodeloos, want dit is reeds perfek. Soos altyd. Hy verstel die panele oor sy voorarms. Hy is die enigste wat dit op hierdie manier dra. Slegs bekend as die Kommandeur, dra hy ’n reputasie van iemand wat dinge uitgerig kry. Moeilike situasies ontlont. Maar hy verdra geen teenstribbeling nie. Niemand bevraagteken hom nie. Gee hom ’n missie en die vrugte sal na die tyd gepluk word. Soms uit die bloed van ander.

<“Vyf minute,”> kom die stem krapperig oor die oorhoofse luidsprekers.

Metaal op metaal ratel. Almal inspekteur die nuwe wapens wat hulle deesdae gebruik. Te veel panele wat lig verskaf na Nick se smaak. Hy het geen idee hoekom meeste van die wapens van vreemde oorsprong altyd soveel helder liggies bevat nie. *Vreemde oorsprong*. Hoe gemaklik is die terms nie na dese oor sy tong nie. Buite-wêreldse oorsprong. Sy kompanjie, slegs bekend as die 52ste, het reeds die panele bedek met maskeerband. Dit het geen nut om beter vuurkrag te besit wanneer die vyand jou ’n myl vêr sien aankom nie. Hy vryf oor die stoppels op sy kop voor hy die balaklawa oortrek. Die taktiese helm volg. Elektroniese panele spring op aan die binnekant in dowwe skakerings om nie sy visie te belemmer nie. Hy voel ongemaklik oor hierdie een. Maar hy is kontraktueel gebonde. Dis net – vir die eerste keer in die bestaan van die 52ste, voel hy die vuurkrag gaan nie genoeg wees nie.

58

<“Hoeveel?”> vra Batman.

<“Meer as vyftig. Dis moeilik om te bepaal, want van die beendere is misplaas.”>

Batman hou die kopbeen in sy hand. Ondersoek dit in die lig van sy flits. <“Kyk hier.”> Hy wys na merke oor die koepel en kante van die skedel.

<“Brainiac tegnologie. Soos die ander wat ons gesien het.”>

Batman knik. Hy neem monsters van verskeie skedels. Skandeer en versend dit na Oracle saam met foto’s van die massagraf. Hy verpak die monsters in verseëlde houertjies in sy nuts-gordel. <“Eksperimente wat gefaal het. En oor ’n lang tydperk.”>

<“Jy weet die CADMUS laboratorium wat ek bo die Suid-Afrikaanse grense ontdek het? Maggie het ’n span gestuur om ondersoek in te stel. Ek het eers gedink dis alles oor wapens.”>

<“Lobo se teenwoordigheid.”>

Superman knik. <“Daar is verskeie stoorkamers met onwettige tegnologie gevind. Veel meer as net dié van Brainiac.”>

<“Ek sal nie verbaas wees indien De Winter se mense saam met CADMUS gewerk het op ’n stadium nie. Moontlik voor De Winter self in die prentjie verskyn het. Hierdie kan selfs die verdere uitloop wees van daardie verhouding.”>

Superman draai sy kop skeef. Luister. <“Ons gaan moet wag vir die plaasbesoek.”>

## 59

Die 52ste kyk outomaties op na die rooi lig wat flikker in die vragruim. Dis tyd. Geen vrae. Die bevele duidelik. Vernietig die myn. Vernietig alle bewysmateriaal. Maak nie regtig saak wat dit is nie. Waarvoor dit was nie. Inligting is op ’n streng vertroulike vlak. Hulle stel in elk geval nie regtig belang nie.

Teen die tyd wanneer die eerste Chinook se wiele die grond raak, is die landingstroepe reeds uit, neem taktiese stelling in. Die vliegtuig wat hulle kennis van gekry het, styg op ’n ent van hulle posisie af. Reguit vanaf die grond. Die tweede Chinook bly aanbeweeg in daardie rigting, begin onmiddellik daarop vuur. Fosfor trek strepe deur die nag. Die vliegtuig swaai onmoontlik behendig uit die aankomende vuur uit. Turbines skreeu in die nag en die tuig spoed in hulle rigting, swaai direk op in die lug bo hulle. Die vorm van die vlermuis is onmiskenbaar wanneer dit in die lug opklim en vir ’n oomblik oor die maan gly[51].

<“Ah, hel nee!”> sê iemand. <“Ons word nie genoeg betaal hiervoor nie!”>

---

[51] Cliché, maar effektief.

Ander stem saam, maar onderlangs. Die swetsery van die 52ste is nie onverwag nie. Selfs nie onredelik nie. Nick het self nie geweet nie. Het so iets verwag. Die opdragte wat hy ontvang het, het ’n ondertoon gehad van iets meer ernstig as die gewone. Die bonus wat belowe is, nog meer. Hy het egter gehoop dit sal nie Batman wees nie. Een van die ander dalk eerder. Hulle het ’n hele handleiding hoe om die Supers te hanteer. Iets wat nie veel gebeur nie. Hulle vermy die Superhelde waar hulle kan. Wil nie regtig daardie tipe aandag trek nie.

Maar Batman...

<“Hy is net ’n man,”> sê hy in die kommunikasieverbinding. <“Ons het beter vuurkrag. Stel die swaar artillerie op. Daardie myn moet ingesink word. Vlugeenheid 1 sal hom uit ons hare hou.”>

<“Vlugeenheid 1 het ander probleme,”> sê ’n growwe stem deur sy kommunikasieverbinding.

Onmoontlik! Nick sien beweging uit die hoek van sy oog, swaai om, wapen gereed. Die wapen word uit sy hande geruk. Hy kyk in die donker oogkasse van die man voor hom. Die spits ore onmiskenbaar. Die stem het toe nie deur die kommunikasieverbinding gekom nie. Dit was baie nader! Nick gryp sy mes uit die skede hoog teen sy bors. Sy gewrig word hardhandig omsluit. Hy beland op sy rug, maar behou sy greep op die mes. Hy is professioneel. Die naaste 52stes spring nader. Die res draf in die rigting van die myn. Wapens flits elektries blou in Batman se rigting, maar hy is te na aan Nick vir hulle om regtig akkuraat te wees. Hy beweeg gemaklik uit die spervuur. Hulle verander onmiddellik taktiek om hand tot hand te veg. ’n Helder flits laat ’n paar van die manne uitroep. Hulle nagvisie tegnologie is onmiddellik van geen waarde. Helms word afgeruk, synde die vinnigste om die verandering in omstandighede te hanteer. Nick probeer die geveg volg. Die donker tel nou teen hulle. Sy manne word rondgestrooi soos poppe. Arms breek. Bene kraak. Sy beste vegters word uitgehaal binne oomblikke. Hy herstel sy greep op die mes. Dis net ’n man, hou hy aan om homself te oortuig. Die laaste van vyftien trek deur die lug na Batman se stewel hom in die bors tref. Batman laat die mantel toevou voor hom. Staan soos ’n standbeeld en betrag Nick. Nick hou die mes gereed.

<“Jy seker jy wil dit doen?”> vra Batman.

Nick kyk na sy mense wat kreunend of stil oor die omgewing verstrooid lê. Hierdie het nie enigsins verloop soos verwag nie. Hy het besef dit gaan nie maklik wees

nie. Het egter nie verwag dit gaan so maklik vir *Batman* wees nie. Hulle is immers ’n elite, internasionale span.

Dit is nou persoonlik.

Die kreet ruk diep uit sy bors. Hy spring in Batman se rigting.

60

<“Mense? Oorweeg dalk julle optrede?”>  Superman staan met hande in die sye, ’n ent voor die myningang.

Elektriese blou energie spat oor sy bors en kop. Hulle is akkuraat ten minste. Rooi strook van sy oë af. Wapens gloei in hulle hande. Interne meganismes faal en die wapens ontplof te midde van uitroepe.

<“Ek wil voorstel alle oorblywende wapens word neergelê. Julle optrede is sinloos, dit gaan julle niks in die sak bring nie.”>

Die manskappe val terug. Superman glimlag. Hulle het toe wel ’n mate van sinlikheid. Die ontploffing ruk ’n kleinerige krater uit die grond waar Superman staan.

<“Die goed werk beter as wat ons gedink het,”> sê een van die 52ste, klop ’n kameraad op die skouer. <“Superman mense! Met die swaarder artillerie gaan ons skoonskip maak van...”>

Die rook en stof dryf weg. Superman maak sy keel skoon. <“Soos ek gesê het...”> Nog twee ontploffings ruk stukke uit die aarde om hom. Hy vestig sy aandag op die helikopter wat bo hulle in die lug hang. Die granaat lanseerder spoeg ’n verdere twee pogings in sy rigting. Superman spring op in die lug. Twee skerfgranate ontplof so te sê teen hom. Hy hang voor die helikopter, maak asof hy sy skouers afstof. Staar dan uitdagend. Die rooi mantel wapper in die wind geskep deur die rotore. Hy beduie hulle om te gaan land. Twee kanonne aan die neus gemonteer, draai in sy rigting en peper hom met koeëls in antwoord. Die koeëls bons van hom af, ruk en pluk aan sy mantel. Hy skud sy kop stadig asof aan ’n stoute kind. Hy het eintlik swaarder wapens verwag, maar moontlik het hulle nie tyd gehad om dit te monteer nie. Iets tref hom van die kant af, ruk hom uit die lug. Hy ploeg ’n voor in die grond in. Lê op sy rug en kyk op.

Rooi oë bo hom. Lobo toring oor hom. <<“Hey Groot Blou. Hoe lyk dinge?”>>

61

Amanda Waller stapel haar vingers, rus haar ken op vingerpunte. Die satelliet beelde is nie die beste nie, maar die materiaal is geweldig interessant. So, die wapens van die huursoldate kry ’n toets teen die Krytoniaan. Hierdie kan van waarde wees.

62

<“Ek het opleiding gekry vanaf ’n faksie onder Ra’s al Ghul,”> sê Nick. Hy sirkel Batman, mes gereed.

<“Wys my,”> sê Batman.

Die mes flits. Een. Twee. Drie keer. Die lem skram weg van die versterkte panele aan Batman se voorarms.

Nick staan terug.<“Dit lyk na dieselfde ontwerp as myne. Met ’n paar veranderings.”> Hy spring weer na vore. Batman se elmboog tref hom in die gesig, ’n knie in die maag. Nick voel dit, maar hy is gewoond om ’n paar houe te vat. Die opvolgende hamerhoue en herhaaldelike skoppe laat hom egter op een knie afsak. Batman is vinnig! Daardie uitrusting lyk bonkig, maar spreek van effektiwiteit.

<“Jy het nie jou opleiding voltooi nie,”> sê Batman.

<“Wat laat jou dink jy weet iets daarvan?”> Hy lig homself op, stadiger. Bloed metaalagtig in sy mond. Sy neus ’n dowwe pyn. Een oog besig om toe te swel.

<“Ek weet.[52]”>

Batman se vuis en elmboog kombinasies laat Nick weer terugsak op ’n knie. Hy voel gebreekte ribbes skuur teen mekaar. Tande los in sy mond. Hy spoeg. Die ligte pantser wat hy dra blyk geen verskil te maak nie. Batman weet amper instinktief waar om te slaan. Hoe om die meeste skade aan te rig. Hy sukkel orent. <“Wat van ons doen hierdie man tot man.”>

Batman staar hom aan in stilte.

<“Geen beskermende bekleding.”>

Die onderkant van Batman se stewel tref Nick onder die ken. Hy val ’n paar voet terug, sy visie swem. Daardie masker is voor hom. In sy gesig. Hy sien die oë daaragter, selfs in die donker. ’n Vuis teruggetrek. Gereed.

<“Wat laat jou dink ek hoef myself aan jou te bewys?”>

Die vuis hamer Nick teen die kant van sy kop.

Donkerte verswelg hom.

---

[52] Batman het opleiding in talle geveg kunste. Het die wêreld gereis om die beste te kry. So dus ook sy tyd saam met die League of Assassins.

Batman staan op. Drie van Nick se mense staan gereed. Hulle het hulle leier sy geleentheid gegee, maar gaan nie weghardloop nie. Batman gooi sy mantel na agter. Sak in ’n geveghouding. Die drie val aan, gesinchroniseerd. Hulle is nie dom nie. Hulle is egter ook nie enigsins op ’n vlak waar hulle Batman met gemak kan aanvat nie. Dit besef hulle. Die Kommandeur het gereelde toernooie opgestel. Nie een het hom ooit platgetrek nie. Maar dit neem net een gelukkige hou.

Batman beweeg tussen die drie in. ’n Hou in die keel van die eerste laat hom terug steier. Elmboog in die gesig na regs, opgevolg deur vinnige houe in die lae ribbes. Iets kraak. Batman sak, blok die skop van agter tussen sy voorarms, hou die been in die lug terwyl hy die ander been onder die aanvaller uitskop. Opvolgende houe haal daardie man uit die geveg. Batman swaai op van die grond, sy mantel in die gesig van die eerste aanvaller wat hom weer van agter probeer verras. Hy deins terug, sy knie kraak onder Batman se stewel. Die pyn verdwyn in donker saligheid wanneer ’n been-krakende hou hom teen die kop tref. Die laaste een, lêend, arms styf om sy bolyf gehou, lig ’n hand op in oorgawe.

Batman kyk af na hom. <“Moenie dat ek terugkom vir jou nie.”>

Die man knik vinnig, sak terug op sy rug.

Batman verdwyn in die donker.

## 63

<<“Is hierdie regtig nodig?”>> vra Superman. Hy staan teenoor die wit figuur van Lobo.

<<“Altyd,”>> sê Lobo.

<<“Wat wil jy hê?”>>

<<“Die wapens.”>>

<<“Vat dit.”>>

<<“Ek het nie jou toestemming nodig nie, Blou.”>>

Superman vou sy arms oor sy bors. <<“Ek stop jou nie.”>>

Lobo maak ’n diep buiging. Kyk op na die helikopter wat bo hulle hang en die drama aanskou. Die helikopter het die jaagtog met die Batwing opgegee en teruggekeer na die aksie. <<“Ek dink meeste is in daardie voertuig.”>>

<<“Wag!”>> Superman gryp na Lobo. Mis. Hy vergeet die Czarniaan is vinnig. Lobo doen wat hy gewoonlik doen[53] – korste pad na die beste resultate. Spring hoog in

[53] Wanneer dit hom pas, ten minste.

die lug op. Skeur die stuurkajuit van die helikopter oop in ’n sproei van glas en verwronge metaal, gooi die vlieënier uit. Superman vang die man. Grond plof op om hom met die vaart van sy landing. Hy laat die man neersak op die grond, skiet onmiddellik weer op in die lug. Nog drie bemanning in die helikopter. Hy gryp een uit die lug wat reeds by die deur uitval. So ook die tweede. Superman verminder spoed naby aan die grond, plaas beide neer sonder om self aan die grond te raak. Binne ’n oomblik is hy in die binnekant van die helikopter. Die laaste man draai uit om ’n vrou te wees. Sy laat vlieg met die energie wapen teen Lobo. Dit dryf hom ’n tree terug. Twee tree. Superman kyk met nuwe respek na die wapen. Hoekom het hulle dit nie al vroeër gebruik nie?

Lobo grinnik. Lek sy lippe af. <<“Dit gaan my nie stop nie, jou oulike dingetjie.[54]”>>

Sy sê niks, verstaan hom nie. Maar hou aan om die sneller te trek. Nie paniekerig nie, moet Superman toegee. Goeie opleiding. Lobo word teruggedryf na die oop stuurkajuit, val na buite deur die opening wat hy self oopgeruk het vroeër. Maar hy val met ’n helderklinkende lag. Mal!

Die vrou rig die wapen oombliklik op Superman, maar trek nie die sneller nie. Verstel haar voete. Die helikopter val reeds teen ’n helling. Haar oë sê sy weet daar is nie tyd nie. Sy knik. Die kant van die helikopter word oopgeruk. Die wapen word uit haar hand geruk. Sy verloor ’n vinger in die proses, roep uit in skok. Lobo druk homself teen haar. Lek die kant van haar gesig met ’n grinnik.

<<“Lobo.”>>

Sy rooi oë draai na Superman. Superman slaan hom regdeur die agterkant van die helikopter. Dit neem net ’n oomblik om die vrou in sy arms te omvou en homself ook uit die vallende, brandende helikopter te gooi en opwaarts te vlieg. Die helikopter tref die grond, ontplof in ’n bol vuur onder hulle.

Hulle hang in die lug. Haar arm krampagtig om sy skouer, die ander hand teen haar maag gedruk in ’n nuttelose poging om die bloeding te stop. Sy kyk uit oor die slagveld onder hulle. Sê niks oor die feit dat Superman haar steeds gered het ten spyte van die aanvalle op hom vandag nie. Haar oë lig na die horison wat reeds verkleur in pers en oranje.

[54] Lobo is nie rassisties of spesie-spesifiek wanneer dit by die vroulike geslag kom nie.

Hulle maak nie foute nie. Geen onnodige vrae word gevra nie. Net aangesien die plofstof nie die natuurlike loop volg en ’n krater in die grond los nie, beteken iets anders het fout gegaan. Maar nie hulle toedoen nie. Vyf 52stes beweeg takties deur die myn se hoofingang. Vee die area met hulle wapens. Hulle is op hoogte met die geveg tussen die Kryptoniaan en die nuweling. Luidens gerugte is dit Lobo. Die informasie oor Lobo is alombekend. Hy is ’n tipe legende vir huursoldate. ’n Buite-aardse kop-jagter. In dieselfde klas as Superman met krag. Vinniger as enige gewone wese. Blykbaar onsterflik. Of so moeilik om te dood, dit is amper dieselfde. Legende vertel hy kan self-genereer uit sy eie bloed[55]. Die swaarder vuurkrag is gemonteer rondom die myn. Hou hulle veilig van die buite-aardse wesens. Dit sluit in beide Superman en Lobo. Dit beteken egter hulle het met Batman te doen. Maak dit nie makliker nie. Net ’n ander tipe gesindheid.

Die plofstof is nêrens te sien nie. Hulle fynkamp die omgewing vir enige moontlike aanvalle, terwyl een die area self ondersoek waar die plofstof geplaas was. Hulle flitse vee die area. Hulle gaan nie weer die fout begaan om op hulle elektroniese apparaat staat te maak nie. Batman weet hoe om dit te omseil.

Die rookbom sis tussen hulle in.

Outomatiese vuur flikker-flits deur die rookwolk.

<“Hy is op ses uur!”>

<“Twee uur!”>

<“Agt uur!”>

En dan...

Stilte.

***

<“Wat gebeur daar binne?”>

<“Fokus op die situasie hierbuite. Hulle kan na hulleself kyk.”>

<“Dis Batman.”>

---

[55] En op ’n stadium is dit presies hoe dit gewerk het. Vril Dox, ’n nasaat van Brainiac en voorsaat van Brainiac 5 (laasgenoemde van die Legion van die 30ste eeu), het dit goedgedink om die heelal te verlos van so ’n traumatiese gebeurtenis, en het Lobo se DNA dienooreenkomstig verander. Lobo was nie beïndruk nie. Is steeds nie. Maar dan, Lobo het sy eie spesie uitgedelg. Net om te verseker hy het nie kompetisie nie.

<“Dis ’n klein area. Vyf van ons mense. Kom nou! Sy dae is getel. Weet nie hoekom niemand dit nie al voorheen gedoen het nie.”>

Geweervuur.

Stilte.

<“Sien? Stilte van binne. Ons het hom!”>

Stilte van sy kollegas.

Hy draai om. Al sy kollegas lê op die grond.

Beweging. Donker teen die myningang.

<“Aaaaag! Fooooo...”> Sy kop klap teen die grond.

Stilte.

65

Superman vee bloed van sy mond af. Sy oë gloei rooi. <<“Lobo.”>>

Lobo vee sy hare na agter. <<“Lanklaas bietjie oefening gehad.” >>

<<“Ek is bly ek kan help,”>> sê Superman sarkasties.

Die ketting krul om Superman se been. In plaas van te val, trek hy vir Lobo van balans af deur vinnig eenkant toe te vlieg. Hy volg vinnig op, terug in Lobo se rigting. Sy vuiste hamer die Czarniaan in die lug op. Superman vlieg tot langs hom, hoog in die lug, moker hom terug na die aarde. Lobo kloof deur ’n reeks rotse. Staan op. Spoeg grond.

<<“Ek kan hierdie heeldag doen,”>> sê Superman, daal af tot so twee meter bo die grond.

<<“Ek weet,”>> sê Lobo. <<“Ek ook.”>>

<<“Ek het belangriker dinge om te doen.”>>

Lobo krap in sy broeksak, haal ’n sigaar te voorskyn. Spoeg weer. Sukkel dit aan die gang. <<“Ek het reeds die wapens wat ek soek.”>>

<<“Miskien wil jy dit in ruil voor die prys val.”>>

<<“Miskien het jy ’n punt daar beet.”>>

Superman bly in die lug hang.

<<“Jy gaan my nie dreig en vertel ek mag nooit weer Aarde toe kom nie?”>>

<<“Wat sal die punt wees?”>>

Lobo grinnik. <<“Net so, Groot Blou. Net so.”>>

66

<“Jy kan die Batwing nou maar weer in my beheer los,”> sê Batman.

<“Goed so, Meester Bruce,”> sê Alfred in Batman se oor. Die swart vliegtuig land voor hom, laat sy mantel wapper in die wind.

<“’n Afdeling van Checkmate[56] en die lokale weermag is ’n halfuur weg,”> sê Superman. Hy kyk op. <“Helikopters vyf minute weg.”> Hy draai na Batman. <“Ek sal wag. ’n Ogie hou hier.”>

Batman knik. Klim op teen die kant van die Batwing. <“Ek het ’n plaas om te besoek.”>

67

Die Batwing word begelei deur Australiese militêre helikopters wat hom ontmoet vanaf die plaas se rigting.

<“Oracle?”>

<“Batman. Ek sien julle het die wêreld daaronder omgekrap.”>

<“Omtrent tyd. Dankie vir die boodskap na die owerhede hier. Ek sien hulle het reeds beheer geneem van die plaas.”>

<“Jy was korrek om die myn area vir julleself te hou. Die vuurkrag daar is meer as wat die plaaslike magte sou kon hanteer.”>

<“Niks van die wapens by die plaas nie?”>

Sy weet welke wapens hy bedoel.<“Ek dink hulle het die groep wat beskerming daar sou verleen teruggestuur na die myn. Veral met Lobo se verskyning.”>

<“Met die inligting wat ons gekry het en die bewyse hier, dink ek hierdie operasie is verby.”>

<“Laat weet my wat jy daar kry. Ek volg julle, maar die satelliet kan net soveel sien.”>

68

<“Kaptein Byrne,”> stel die Australiese bevelvoerder homself bekend. <“Dis ’n voorreg.”>

Superman skud sy hand. <“Net omdat alles reeds opgelos is hier?”>

Byrne frons. <“Wel, nee.”>

Superman lag. <“Ek grap net.”>

---

[56] Voorheen ’n geheime organisasie, later ’n Verenigde Nasies geafilieërde afdeling om insidente te monitor waar superkragte teenwoordig is.

Byrne glimlag onseker. Bewus van die aandag wat hulle kry van al die ander onder sy bevel. Van die idiote staar oopmond na die blou en rooi geklede Superheld. Asof hulle niks gewoond is nie. <“Ons is eintlik nogal bly alles is opgelos. Ons is nie heeltemal voorbereid om iemand soos Lobo te hanteer nie.”>

<“Niemand is nie,”> verseker Superman hom. Hy wys na die huursoldate wat taamlik bedremmeld eenkant sit onder die wakende oë van die Australiërs. <“Daar is wel ’n paar van hulle wat mediese hulp nodig het. Batman moes meeste van hulle maniere leer, so jy kan jouself indink.”>

<“Ek dink nie hulle gaan ’n probleem wees nie. Ons sal dit verder vat.”>

Superman knik, spring in die lug op.

69

<“Die interessante deel is hierdie rigting, Batman.”> Iets tussen afsku en woede speel oor die jong soldaat se gesig.

<“Geen probleme met gewapende mense nie?”>

<“Hulle het ’n televisie.”>

Batman skud sy kop, verstaan nie.

<“Die hele gedoente so ent vêrder van hier, is regstreeks uitgesaai oor die televisie.”>

<“Ek sien,”> sê Batman.< “Hulle weet dit is regtig ek.”>

<“En Superman.”>

<“En Superman.”> Hulle stap na ’n massiewe skuur. Niks soos Clark s’n naby Smallville nie, maar ’n industriële struktuur. Met hokke aan beide kante van die inloop. Nie selle nie. Nie ’n tronk nie. Dis hokke. Soos vir diere. Rye en rye daarvan. ’n Vrou met die rangteken van ’n Luitenant stap nader. Sy lyk vir ’n oomblik onseker hoe om Batman aan te spreek. Lig haar hand asof sy wil salueer. Batman sien die stille laggies van die ander. Sy het dit seker nie maklik met hierdie klomp nie. Hy gooi sy mantel oop. Bring sy hand vinnig op in ’n saluut. Sy salueer terug, haar oë dankbaar.

<“Luitenant Weaving.”>

Batman sak sy hand. <“Hoeveel mense?”>

Sy kyk na die hokke. Hulle is nog besig om mense uit te lei. Geskokte gesigte staar hoopvol na die uniforms om hulle. <“Twee en dertig.”>

<“Huursoldate?”>

<“Veertien altesaam. Konvensionele wapens. Almal in hegtenis behalwe die twee in die huis.”>

Batman gaan staan.

<“Hulle het gyselaars. ’n Seun en ’n vrou . Maar ons sal dit binnekort onder beheer hê.”>

Batman draai na haar. <“As dit nie ’n probleem sal wees nie, sal ek graag uithelp.”>

<“Ons kan dit hanteer.”> Haar stem hardkoppig. Hulle wil nie oneffektief voorkom nie. Sý wil nie oneffektief voorkom nie.

<“Ek betwyfel dit nie. Hierdie is so bietjie persoonlik vir my. Sien dit as ’n guns aan my.”>

Sy laat sak nie haar blik nie. Weet haar woorde maak geen indruk op hom nie. Doen dit eerder vir die omstanders. <“Indien iemand seerkry...”>

<“Sal dit nie die gyselaars wees nie,”> verseker Batman haar.

70

Superman sak uit die lug tot voor die skuur. <“Ek wou nog hulp aanbied.”>

<“Ek is oortuig hulle sou eerder jou hulp aanvaar,”> sê Batman.

<“Jaloesie? Van jou?”>

<“Nie jaloesie nie. Jy weet van beter.”>

<“Kinders.”> Superman staar na die bus wat ingebring is om die ontvoerde mense na die naaste dorp te karwei. Skud sy kop.

<“Die myne word as stortingsareas gebruik vir die gefaalde eksperimente, soos ons reeds weet. Maar die myn hier anderkant is nie gebruik in jare nie.”>

<“Dalk wou hulle die een heropen. Of daar is nog ander.”>

<“Beide teorieë, is ek bevrees, kan waar wees.”>

Hulle stap na ’n area voor die hoofhuis waar kratte uitgedra word. Mense gaan staan om hulle dop te hou. Hoewel verskeie flitse te sien is, is Batman verbaas niemand vra vir selfies nie.

Barbara se stem klink in Batman se oor.<“Interpol en die CIA is beide reeds betrokke. Sawyer bied insae van haar afdeling af. Checkmate het ook verteenwoordigers oppad.”>

Batman draai sy kop in Superman se rigting.

<“Ek hoor,”> sê hy.

Mense maak spasie vir die twee Superhelde. <“Daardie een,”> wys Superman.

Batman maak die krat oop sonder om verhinder te word. Lig vreemde masjinerie uit.

<“Ten minste vyf van die kratte besit daarvan.”> Superman swiep die huis. <“Laboratoriums ondergrond. Nogal indrukwekkend. CADMUS kwaliteit.”>

<“Eksperimente met onwettige tegnologie. Ek is seker LexCorp is vêr langs betrokke.”>

<“Sal nie verbaas wees nie. Maar Lex sal sy spore mooi toe vee.”>

<“Ons sal bly krap,”> sê Barbara, wat die gesprek volg van Batman se kant af.

<“Dit is wat ons doen,”> beaam Superman.



’n Week later.

Monaco se blou water glinster onder die oggendson. Die jag, die T&M Legacy, dobber ligweg teen die kaai. Bruce spring kaalvoet van die dek af om die jag vas te meer.

Selina vee haar kort, donker hare onder ’n pet in. <“Jy seker hieroor?”>

<“Natuurlik.”>

<“Ooookay. Net sodat jy weet, ek voel lus om aggressief op te tree.”>

<“Net indien nodig.”> Hulle stap hand in hand langs die kaai.

Gesigte draai in hulle rigting. Dis nie aldag dat Bruce Wayne so opsigtelik in die openbaar beweeg nie. Een van die min kere na sy beproewinge in die see. Hy het immers amper verdrink! En hier is hy! Al klaar weer op die see. In ’n boot. ’n Ware held!

Hy hou ’n glimlag op sy gesig, trek sy pet reg. Die Winternag lê vasgemeer drie rye vêrder. Die seiljag staan uit teen die omliggende seiljagte met haar donkerblou en wit boeg. Bruce en Selina slenter stadig verby die landingsbrug. Van die bemanning neem notisie.

Bruce gesels onderlangs met Selina. Lag.

<“Dis sy,”> sê Selina, wys met haar oë na die seiljag.

Bruce kyk op, sy hande op Selina se skouers. Aryana leun teen die reëling. Haar gesig wasbleek. Bruce gooi ’n lui saluut in haar rigting.

“Bruce, jy moet verstaan. Daar was omstandighede.” Aryana lyk pragtig in die wit, skouerlose rokkie. Mense maal deur die onthaalsaal. Kristal weerkaats teen gepoleerde marmerpilare.

<“Jammer, ek verstaan nie,”> sê Selina.< “Engels?”>

Aryana se oë spoeg vuur. “Kan ons alleen gesels?”

Bruce skud sy kop. Gaan voort in Engels. <“Ek sien geen doel daarin nie.”>

“Ek kan verduidelik.”

“Aryana.” Hy skud sy kop.

Sy kyk pleitend na Bruce. Bewus van die aandag wat hulle kry. Bekommerd daaroor.

<“Kan ons hierdie klaarkry?”> Selina rus ’n hand op Bruce se bors. <“Ek is dors.”>

Die intimiteit van die gebaar laat Aryana se oë weer vinnig na Selina flits. Die haat is vir ’n oomblik duidelik, dan is haar gesig uitdrukkingloos. Soos sy geleer is. “Bruce, asseblief. My pa is vermoor. Daar is politieke agendas teen hom. Teen my.”

<“Ek is bevrees dit is uit my hande.”>

Sy val outomaties in by die Engels. <“Uit jou hande? Ek verstaan nie.”> Sy kyk oor sy skouer. ’n Groep mans in donker pakke druk deur die skare. Twee persone, ten volle in swart geklee met die kenmerkende goue borsstuk en quasi-ridder helms van Checkmate vergesel hulle.

Bruce neem ’n tree terug.

<“Juffrou de Winter?”> vra een.

Sy lig haar ken. Knik.

<“Interpol. In samewerking met Checkmate.”> Hy hou ’n identiteit kaart vir haar inspeksie.

<“Ek wil my prokureur bel.”>

<“Natuurlik. As u ons sal vergesel?”> Hy hou ’n hand uit.

Sy ignoreer dit, gee Bruce ’n vinnige kyk en loop deur die starende skare.

Die man knik in Bruce en Selina se rigting, verlaat die onthaalsaal saam met die ander.

<“Iets om te drink?”> vra Bruce. <“Ons is nou hier, ons kan netsowel dit geniet.”>

Selina glimlag. <“Mos gesê ek is dors. En ek dink ek wil dans vanaand.”>

<“Ek dink nie hy gaan kom nie,”> sê Lois. Sy waardeer die breë skouers van haar man wat teen die reëling van die stoep leen. Die son sak oor die Smallville mielielande.

Clark  draai in haar rigting, glimlag. <“Ek het nie gedink hy gaan nie. Maar daar is altyd hoop.”> Hy neem haar in sy arms. <“Ek merk jy het nie kos gemaak nie.”>

<“Intuïsie,”> sê sy. Sy druk haar kop teen sy bors. <“Jy dink daar is hoop? Vir hom?”>

Clark glimlag net. <“Dis Bruce.”>

<“Dit kan nie maklik wees nie.”>

Clark plaas sy ken op haar kop. <“Nee. Dit kan nie.”>

Hulle staan in stilte.

<“So, waarvoor is jy lus?”>

<“Hoe klink Thai?”>

Sy hand vryf lig oor haar rug. <“Hoe getrou wil jy jou Thai kos hê?”>

<“Thailand getrou?”>

<“Trek iets warms aan,”> sê hy in haar oor.

74

Die son is warm oor haar lyf. Sy trek die vars seelug diep in haar longe.  <“Ek is seker hulle weet wie jy is.”>

<“Ek is seker hulle *dink* hulle weet.”> Hy vryf oor die baard wat hy weer dra. <“Dink dalk ek is ’n filmster of iets.”>

Sy draai na hom. <“Hulle weet.”>

<“Hoekom sal Bruce Wayne dan nou in die geheim na ’n vakansieoord in Suid-Afrika kom? Die media is oortuig hy is nog in Monaco.”>

<“Om ’n geheime verhouding te hê, natuurlik.”>

<“Selina, ek het genoeg moeilikheid in my lewe. Ek het bloot my Harley kom oplaai.”>

<“Dit sou makliker wees om iemand te huur om dit te doen.”> Sy strek. Maak ’n geluidjie diep uit haar keel.

Bruce lag. <“Dit is ’n mooi masjien. Ek wou dit persoonlik optel.”>

<“Wel, dan Meneer-dalk-is-jy-’n-filmster. Wat moet ’n meisie doen om ’n drankie te kry? Dalk ’n handtekening ook daarby?”> Sy hou ’n hand dramaties teen haar bors. <“Wie weet? Dalk is die meisie so oorstelp, sy raak vriendelik later.”>

Hy leun nader.< “Ek luister nou met áándag.”>

<“En daarna...”>

<“Ek luister nou met selfs méér aandag.”>

<“...gaan ons die omgewing verken op daardie Harley.”>